# DIE ONDERLIGGENDE DINAMIKA VAN FISIEKE GEWELD TUSSEN ADOLESSENTE DOGTERS IN DIE SKOOLSISTEEM

deur

MARYNA STEYN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(Spelterapie-rigting)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR H.B. GROBLER

NOVEMBER 2007

**VERKLARING**

Studentenommer: 367-691-77

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie verhandeling van beperkte omvang vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie. Waar iemand anders se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en die verwysings ooreenkomstig departementele vereistes gedoen.

**HANDTEKENING** **DATUM**

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering teenoor:

- Ons Hemelse Vader wat my deur sy genade en liefde gelei het tydens die skryf van my skripsie en sonder wie se krag en genade ek tot niks in staat is nie.

- My studieleier, Dr. H.B. Grobler, wat my voorsien het van die nodige begeleiding en ook vir sy aanmoediging wanneer dit soms moeilik gegaan het.

- My ouers vir hulle vaste geloof in my asook vir hulle oneindige liefde, ondersteuning en gebed wat my gedra het in goeie sowel as moeilike tye. Ook vir die liefdevolle wyse waarop hulle my geleer het om deursettingsvermoë aan die dag te lê in alles wat ek aanpak.

- Mnr. W.J. van Zyl wat sy vrye tyd opgeoffer het om my te help met die data-analise en tegniese versorging van my skripsie.

- Die betrokke hoërskool wat dit vir my moontlik gemaak het om my studie daar uit te voer.

- Elke respondent vir hulle deelname aan die studie.

- Elke familielid en vriend vir hulle opregte belangstelling, liefde en ondersteuning.

- My Ouma Ryna, al leef sy nie meer nie, vir die liefdevolle wyse waarop sy altyd in my studies belang gestel het.

## OPSOMMING

**DIE ONDERLIGGENDE DINAMIKA VAN FISIEKE GEWELD TUSSEN ADOLESSENTE DOGTERS IN DIE SKOOLSISTEEM**

**M. STEYN**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE**

**in die vak**

**SPELTERAPIE**

**STUDIELEIER: DR. H.B. GROBLER**

Die navorser het as probleem vir die studie die onderliggende dinamika van fisieke geweld onder adolessente dogters in die skoolsisteem geïdentifiseer. Die doel van die studie was om hierdie dinamika te ondersoek. Die navorser het na die dogters gekyk vanuit ‘n holistiese perspektief en die dogters se gedrag probeer verken en beskryf deur hul omgewing in berekening te bring.

‘n Kwalitatiewe studie is gebruik om die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te ondersoek. Data is ingesamel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude.

Vanuit die data is dit duidelik dat die dinamika van fisieke geweld tussen dogters ‘n multi-dimensionele en komplekse verskynsel is en nie deur ‘n enkele faktor verklaar kan word nie. Dit is ook weens hierdie rede dat die navorser gepoog het om aanbevelings te maak aangaande die probleem op elke vlak van die dogter se funksionering. So is ‘n poging aangewend om die probleem holisties aan te spreek.

**Sleutelterme**

Fisieke geweld; Adolessente dogters; Skoolsisteem; Gestaltperspektief; Holisme; Veldteorie; Semi-gestruktureerde onderhoude; Kwalitatiewe navorsing; Gevallestudie.

## SUMMARY

**THE UNDERLYING DYNAMICS OF PHYSICAL VIOLENCE AMONGST ADOLESCENT GIRLS IN THE SCHOOL SYSTEM**

**M. STEYN**

**MAGISTER DIACONIOLOGY**

**in the subject**

**PLAY THERAPY**

**STUDY LEADER: DR. H.B. GROBLER**

The researcher has identified the research problem for the study as the underlying dynamics of physical violence amongst adolescent girls in the school system. The purpose of this study was to investigate these dynamics. The researcher viewed the girls from a holistic perspective and tried to explore and describe the girls' behavior by bringing their environment into consideration.

A qualitative study was used to determine the dynamics of physical violence among adolescent girls in the school system. Data was collected by means of semi-structured interviews.

From this data it is evident that the dynamics of physical violence among girls is a multi-dimensional and complex phenomenon and cannot be attributed to a single factor. Because of this the researcher tried to make recommendations that touched each level of the girls' functioning. In such a way the researcher tried to address the problem holistically.

**<u>Key Terms</u>**

Physical violence; Adolescent girls; School system; Gestalt perspective; Holism; Field theory; Semi-structured interviews; Qualitative research; Case study

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING EN OORSIG VAN STUDIE**


**1.1 Inleiding ........................................ 1**

**1.2 Rasionaal vir die studie en probleemstelling ........................................ 2**

*1.2.1 Motivering van die studie ........................................ 3*

*1.2.2 Probleemstelling ........................................ 5*

*1.2.3 Navorsingsvraag ........................................ 8*

*1.2.4 Die doel en doelwitte van die studie ........................................ 9*

**1.3 Navorsingsbenadering ........................................ 10**

*1.3.1 'n Kwalitatiewe studie ........................................ 10*

*1.3.2 Soort navorsing ........................................ 12*

*1.3.3 Navorsingstrategie ........................................ 13*

**1.4 Navorsingsmetodologie ........................................ 14**

*1.4.1 Literatuur ........................................ 14*

1.4.1.1 Teoretiese raamwerk ........................................ 14

1.4.1.1.1 Metateorie ........................................ 15

1.4.1.1.2 Teoretiese aannames ........................................ 15

1.4.1.1.3 Metodologie ........................................ 17

*1.4.2 Wyse van data-insameling ........................................ 18*

*1.4.3 Steekproef ........................................ 19*

*1.4.4 Data-analise ........................................ 22*

*1.4.5 Vertrouenswaardigheid van die studie ........................................ 24*

**1.5 Etiese aspekte ........................................ 25**

**1.6 Definisies van hoofkonsepte ........ 27**

*1.6.1 Adolessensie ........ 27*

*1.6.2 Geweld ........ 27*

*1.6.3 Skoolsisteem ........ 28*

**1.7 Indeling van die navorsingsverslag ........ 29**

**1.8 Samevatting ........ 30**

**HOOFSTUK 2: TEORETIESE OORSIG**

**2.1 Inleiding ........................................................................................ 31**

**2.2 Paradigmatiese denke ........................................................................ 32**

*2.2.1 Metateorie ........................................................................ 32*

2.2.1.1 Holisme ........................................................................ 33

*2.2.2 Teoretiese aannames ........................................................ 36*

2.2.2.1 Veldteorie ........................................................................ 37

2.2.2.2 Aggressieteorieë ........................................................ 38

*2.2.3 Metodologie ........................................................................ 42*

**2.3 Adolessente ontwikkeling ........................................................ 43**

*2.3.1 Ontwikkelingstake van adolessensie ........................................ 44*

*2.3.2 Liggaamlike ontwikkeling van die adolessente dogter ............... 45*

2.3.2.1 Seksuele rypwording by die adolessente dogter ........... 46

*2.3.3 Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent ............................. 47*

2.3.3.1 Egosentrisme ........................................................ 47

*2.3.4 Sosiale ontwikkeling van die adolessent .................................... 48*

2.3.4.1 Vriendskappe en portuurgroepverhoudings ................. 48

2.3.4.2 Familieverhoudinge gedurende adolessensie .............. 49

*2.3.5 Persoonlikheidsontwikkeling ..................................................... 49*

2.3.5.1 Die adolessent se selfkonsep ....................................... 49

2.3.5.2 Die adolessent se identiteit ......................................... 50

*2.3.6 Opsomming van adolessente ontwikkeling ............................... 50*

**2.4 Skoolsisteem in Suid-Arika ........................................................ 51**

*2.4.1 Die rol van die opvoeder in die Suid-Afrikaanse skoolsisteem ... 51*

*2.4.2 Die skolewet ........................................................................ 52*

2.4.2.1 Skooldissipline ........................................................ 52

2.4.2.1.1 Gedragskode .............................................. 52

2.4.2.1.2 Sanksies ..................................................... 54

**2.5 Samevatting ........................................................................... 54**

**HOOFSTUK 3: EMPIRIESE NAVORSING**

**3.1 Inleiding ........................................ 56**

**3.2 Navorsingsmetodologie ........................................ 56**

*3.2.1 Steekproef ........................................ 56*

*3.2.2 Wyse van data-insameling ........................................ 59*

*3.2.3 Vertrouenswaardigheid van die studie ........................................ 60*

**3.3 Data-analise ........................................ 61**

**3.4 Empiriese data ........................................ 62**

*3.4.1 Beskrywing van respondente ........................................ 62*

*3.4.2 Skoolsamestelling ........................................ 63*

*3.4.3 Direkte redes vir gevegte tussen dogters ........................................ 64*

3.4.3.1 Skinder ........................................ 64

3.4.3.2 Sensitiwiteit ........................................ 65

3.4.3.3 Seuns/onderlinge verhoudinge ........................................ 67

3.4.3.4 Mag en aandag ........................................ 67

3.4.3.5 Temperatuur ........................................ 68

3.4.3.6 Aanhitsing ........................................ 69

3.4.3.7 Diverse redes ........................................ 69

*3.4.4 Aanvang/beskrywing van geveg ........................................ 69*

*3.4.5 Houding en reaksie van leerders en aanvaarbaarheid .............. 71*

3.4.5.1 Aanvaarbaarheid van fisieke geweld tussen dogters .... 71

3.4.5.2 Reaksie van omstanders ........................................ 72

3.4.5.3 Vriende se houding teenoor betrokkenes na die geveg .. 73

3.4.5.4 Houding van die twee betrokke partye teenoor mekaar na die geveg ........................................ 74

*3.4.6 Faktore teenwoordig rondom fisieke geweld tussen dogters ..... 75*

3.4.6.1 Persoonlikheid van die dogters betrokke by gevegte .... 75

3.4.6.2 Frekwensie en ouderdom ... 76
3.4.6.3 Plekke waar insidente plaasvind ... 77
3.4.6.4 Wyse waarop geveg plaasvind ... 78
3.4.6.5 Groepselement ... 79
*3.4.7 Dissiplinêre stappe ... 81*
*3.4.8 Agtergrond en kultuur van die dogter ... 82*
3.4.8.1 Huislike omstandighede en agtergrond van die dogter . 82
3.4.8.2 Aanvaarbaarheid ... 83
3.4.8.3 Kultuurgaping tussen onderwyser en leerders ... 83
3.4.8.4 Media ... 83

**3.5 Samevatting ... 84**

**HOOFSTUK 4: LITERATUURKONTROLE**

**4.1 Inleiding ........ 85**

**4.2 Teoretiese raamwerk ........ 85**

**4.3 Literatuurkontrole ........ 86**

*4.3.1 Skoolsamestelling ........ 87*

*4.3.2 Direkte redes vir gevegte tussen dogters ........ 87*

4.3.2.1 Skinder ........ 88

4.3.2.2 Sensitiwiteit ........ 89

4.3.2.3 Seuns/onderlinge verhoudinge ........ 90

4.3.2.4 Mag en aandag ........ 91

4.3.2.5 Temperatuur ........ 91

4.3.2.6 Aanhitsing ........ 92

4.3.2.7 Diverse redes ........ 92

*4.3.3 Aanvang en beskrywing van die geveg ........ 93*

*4.3.4 Houding en reaksie van leerders en aanvaarbaarheid ........ 94*

4.3.4.1 Aanvaarbaarheid van fisieke geweld tussen dogters ........ 94

4.3.4.2 Reaksie van omstanders ........ 95

4.3.4.3 Vriende se houding teenoor betrokkenes na die geveg 96

4.3.4.4 Houding van die twee betrokke partye teenoor mekaar na die geveg ........ 96

*4.3.5 Faktore teenwoordig rondom fisieke geweld tussen dogters ........ 97*

4.3.5.1 Persoonlikheid van die dogters betrokke by gevegte ........ 97

4.3.5.2 Ferkwensie en ouderdom ........ 97

4.3.5.3 Plekke waar insidente plaasvind ........ 98

4.3.5.4 Wyse waarop gevegte plaasvind ........ 100

4.3.5.5 Groepselement ........ 100

*4.3.6 Dissiplinêre stappe ........ 101*

*4.3.7 Agtergrond en kultuur van die dogter ........ 102*

4.3.7.1 Huislike omstandighede en agtergrond van die dogter 102
4.3.7.2 Aanvaarbaarheid ........................................................ 103
4.3.7.3 Kultuurgaping tussen onderwysers en leerders ........... 103
4.3.7.4 Media ........................................................................ 104

**4.4 Samevatting ........................................................................... 104**

**HOOFSTUK 5: BEVINDINGE, AANBEVELINGS, BYDRAE EN TEKORTKOMINGE**


**5.1 Inleiding ............................................................................... 106**

**5.2 Rasionaal van die studie en probleemstelling ................................. 106**

*5.2.1 Probleemstelling .................................................................. 106*

*5.2.2 Navorsingsvraag .................................................................. 107*

*5.2.3 Doel en doelwitte van die studie ............................................ 107*

**5.3 Gevolgtrekkings ......................................................................... 108**

5.3.1 Faktore wat lei tot verhoogde kwesbaarheid in die dogter om betrokke te raak by fisieke geweld teenoor 'n ander dogter 108

5.3.1.1 Rol van die dogter se algemene omstandighede en blootstelling aan die media ........................ 109

5.3.1.2 Die rol van die diverse skoolsamestelling .................. 110

5.3.1.3 Rol van portuurgroepe vriende en die bestaan van groepe met 'n bende-element .................................... 110

5.3.1.4 Die rol van faktore wat lei tot direkte konflik tussen dogters ........................................................................ 111

5.3.1.5 Die rol van eksterne faktore in die onmiddellike omgewing van die dogter ........................................... 111

5.3.1.6 Die rol van faktore persoonlik verwant aan die dogter 111

5.3.1.7 Samevatting ............................................................... 112

*5.3.2 Beskrywende faktore teenwoordig in die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters ....................................... 112*

5.3.2.1 Aanvang en beskrywing van geveg ............................ 112

5.3.2.2 Reaksie van omstanders ............................................ 113

5.3.2.3 Diverse beskrywende faktore ..................................... 113

5.3.2.4 Samevatting ............................................................... 114

**5.3 Aanbevelings ........................................................................ 114**

**5.4 Gevolgtrekkings uit die studie ........................................................ 118**

**5.5 Tekortkomminge van die navorsing ................................................ 118**

**5.6 Bydraes van die studie ..................................................................... 119**

**5.7 Samevatting ........................................................................................ 120**

**BRONNELYS ........................................................................................ 121**

## LYS VAN BYLAES


**Bylaag A** Semi-gestruktureerde onderhoude

**Bylaag B** Opvolgvrae

**Bylaag C** Etiese vorms

**Bylaag D** Voorbeeld van onderhoud

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN OORSIG VAN STUDIE

## 1.1 Inleiding

Skole maak ‘n integrale deel uit van die moderne gemeenskap en is daarop gefokus om kinders op te voed en hulle van kennis en vaardighede te voorsien wat hulle sal help om ‘n betekenisvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer (Smith, 2003:2). Die afgelope dekades word skole se beeld egter al hoe meer ‘n beeld van onveiligheid wat weergegee word in die media en ander bronne (Midlarsky & Klain, 2005:37).

Alhoewel daar nog altyd “probleemgedrag” onder leerders in skole was, het daar gedurende die laaste paar jaar ‘n verandering in die aard van die gedrag ingetree. Volgens Denmark, Krauss, Wesner, Midlarsky en Gielen (2005:1) het die aard van leerders se “probleemgedrag” verander vanaf klein irritasies tot meer gevaarlike gedrag. Hulle staaf die bewering deur te meld dat onderwysers in 1940 lawaai, mors van rommel en kougom kou aangegee het as die belangrikste gedragsprobleme. Die probleme is egter vanaf 1980 vervang met ander tipes probleme soos verkragting, gewapende roof en substansiemisbruik.

In ‘n vergelykende studie tussen die verskillende vorme van geweld in skole is daar ‘n ooreensteming in studies wat die hoogste voorkomssyfer in verbale aggressie toon, wat gevolg word deur fisieke en indirekte aggressie (Atria & Spiel, 2003:86). In die algemeen word geslagsverskille opgemerk in fisieke aggressie waartoe seuns meer geneig is as dogters. Die geslagsverskil word bevestig deur O’Moore en Minton (2003:285) wat ‘n studie gedoen het rakende afknouery in skole en gevind het dat 11% van hulle steekproef van dogters

tussen die ouderdom van 11-18 jaar betrokke was by fisieke geweld teenoor 34,5% van die seuns.

Die geslagsverskille word verder uitgebrei deur Weiler (in DeFour, 2005:88-89) wat bevind het dat meisies meer fisiek en verbaal seksueel geteister word as seuns, meisies meer betrokke is by sosiale aggressie, minder geneig is tot bende-aktiwiteite en meisies eerder gebruik maak van messe as gewere wanneer dit by skoolgeweld kom. Meisies is ook meer geneig as seuns om beserings op te doen as gevolg van geweld by skole of hulle huise. Die bevinding kan daarop dui dat die skool 'n plek is waar meisies direk gekonfronteer word met geweld.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat kinders binne die skoolkonteks al hoe meer blootgestel word aan die gevaarlike gedrag van ander. Dit is met hierdie wete dat die navorser haarself na die navorsing wend om die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te bepaal.

## 1.2 Rasionaal vir die studie en probleemstelling

Die meeste outeurs van navorsingsmetodologie verwys na die belangrikheid daarvan om spesifieke probleme, vrae en hipoteses uit te wys sodra 'n navorsingsonderwerp geïdentifiseer is, omdat dit die navorser help om gefokus te bly gedurende die verloop van die studie (Fouché & De Vos, 2005:100). Die navorser sit vervolgens 'n motivering vir die studie uiteen, waarna daar gefokus word op die probleemformulering en opstel van 'n navorsingsvraag. Die navorser se doelwitte van die studie word ook uiteengesit.

### *1.2.1 Motivering vir die studie*

Die motivering vir die studie word bespreek na aanleiding van die titel van hierdie verhandeling van beperkte omvang. Vier subkomponente is geïdentifiseer:

- Motivering vir die insluiting van dogters

  Die navorser se keuse van dogters in plaas van seuns spruit uit die aanname dat meisies nie normaalweg by fisieke geweld betrokke raak nie, maar dat dogters eerder gebruik maak van indirekte of verbale aggressie. Die aanname word gestaaf deur verskeie navorsers se bevindinge. Schäfer en Korn (2003:104) se navorsing het byvoorbeeld getoon dat direkte aggressiewe gedrag eerder korrespondeer met die manlike rol as met die vroulike rol. Volgens hierdie skrywers is hierdie ‘n bevinding wat verkry is in die meeste studies wat verwys na geslagsrolverskille in die verband. Huybregts, Vettenburg en D’Aes (2003:36) stem saam met Schäfer en Korn wanneer hulle bevind dat fisieke afknouery meer plaasvind onder seuns, terwyl indirekte afknouery meer by meisies voorkom. Dus is geslagsverskille prominent in die voorkoms van aggressie op die skoolterrein, veral wanneer statistiek beperk word tot fisieke vorme van geweld, waarby seuns meer betrokke is as meisies (Smith, 2003:6). Aangesien die navorser tydens haar literatuurstudie gevind het dat betreklik min geskryf is oor fisieke geweld onder dogters, het sy besluit om op dogters as respondente vir die studie te fokus.

- Adolessente ontwikkelingsfase as motivering

  Die adolessente ouderdomsgroep is die navorser se keuse, omdat dit uit die literatuur blyk dat fisieke geweld meer in hierdie ouderdomsgroep voorkom. Schäfer en Korn (2003:104) verwys spesifiek daarna dat fisieke geweld toeneem met ouderdom en ‘n hoogtepunt bereik by ongeveer 13-16 jaar.

Ortega, Del Rey en Fernández (2003:139) se studies het ook getoon dat geweldsepisodes minder gereeld voorkom by jonger leerders terwyl Menesini en Modiano (2003:153) bevind het dat geringe en fisieke aggressie afneem in adolessensie, maar dat meer ernstige geweld toeneem met ouderdom, en 'n hoogtepunt bereik in adolessensie.

- Motivering van fisieke geweld as fokusgedrag in die studie

Die navorser het besluit om eerder op fisieke geweld te fokus as op indirekte geweld, om dieselfde redes wat weergegee is in die bogenoemde paragraaf, naamlik dat daar voorheen meer gefokus is op indirekte geweld onder dogters as op fisieke geweld.

Die voorkoms van fisieke geweld in die skoolkonteks word as problematies beskou, (sien punt 1.2.2) en weens dié redes gaan die navorser fokus op fisieke geweld onder adolessente dogters. So kan van die probleme aangespreek of voorkom word as die verskynsel net eers verstaan word. Studies het 'n konsekwentheid getoon rakende die voorkoms van verskillende tipes aggressie in die skoolkonteks, wat toon dat fisieke aggressie die tweede algemeenste is terwyl verbale aggressie die grootste probleem is (Atria & Spiel, 2003:86). Atria en Spiel (2003:86) brei verder uit en beweer dat hoewel dogters minder geneig is tot fisieke aggressie as seuns, daar wel insidente is waar dogters fisies aggressief teenoor ander raak.

Dit blyk uit die navorsing, soos reeds vermeld, dat betreklik min geskryf is oor die dinamika van fisieke geweld tussen dogters in die skoolsisteem en die navorser wil daarom die navorsing oor die onderwerp uitbrei.

- Skoolsisteem se motivering as gekose konteks vir die studie

  Die fokus van die voornemende studie is binne die skoolsisteem gerig. Alhoewel dit aanvaar kan word dat geweld nie slegs binne die skoolsisteem plaasvind nie, wil die navorser graag fokus op die skoolsisteem, aangesien die skool tog die plek is waar leerders die meeste van hulle tyd deurbring. Om die kanse te verminder dat geweld op die skoolgronde plaasvind, word aksie benodig om die voorkoms van geweld te verminder. Volgens Krauss (2005:12) vereis sulke effektiewe aksies, dat geweld verstaan word. In die beoogde studie wil die navorser die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters binne die skoolsisteem verstaan, sodat daar effektiewe aanbevelings gemaak kan word ten opsigte van die manier waarop die skool die probleem kan aanspreek, en ook aanbevelings vir verdere navorsing gemaak kan word.

### *1.2.2 Probleemstelling*

Die probleemstelling in navorsing is belangrik, sodat die breë onderwerp van die beplande navorsing verfyn kan word tot ‘n navorsbare probleem (Neuman, 2000:141). Neuman (2000:142) brei verder uit deur daarna te verwys dat veral in kwalitatiewe navorsing die navorser ‘n gefokusde probleem moet formuleer voor ‘n navorsingsprojek ontwerp kan word.

Omdat onduidelike idees nie betekenisvol genoeg is nie, moet idees verduidelik en noukeurig uiteengesit word (Fouché & De Vos, 2005:100), sodat die navorser nie misverstaan word en ongefokus werk nie. Weens dié redes het die navorser eers ‘n hoofprobleem geformuleer waarna die probleem in sub-probleme verdeel is. So sal daar ook ‘n begrip verkry word oor waarom die studie van belang was, sodat die probleme van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem sistematies uiteengesit sal word.

Die probleem wat in die studie aandag ontvang het, is die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem, wat ‘n direkte invloed het op die voorkoms daarvan. Slee (2003:309) skryf dat daar geen twyfel bestaan dat geweld tussen skoolkinders ‘n wyd verspreide en ernstige probleem is nie. Alhoewel fisieke agressiewe gedrag wat in skole plaasvind, meeste van die tyd deur seuns uitgevoer word en teen seuns gemik is en meisies minder geneig is tot fisieke aggressie, is daar tog meisies wat betrokke raak by gevegte in die skoolkonteks (Weiter in DeFour, 2005:92). Norðfjörð en Ólafsson (2003:251-252) het ook gevind dat al is seuns meer betrokke by fisieke geweld as dogters, daar ‘n betekenisvolle hoeveelheid dogters is wat fisieke geweld aanmeld. Die stellings word gestaaf deur statistiek, soos uiteengesit in die inleiding van hierdie studie.

Die implikasies van fisieke geweld onder dogters is dat fisieke geweld onder adolessente-dogters in die skoolsisteem skade kan aanrig aan beide die slagoffer en viktimiseerder. Nie net is fisieke beserings of selfs die dood ‘n gevolg van fisieke geweld nie, maar kan gepaardgaande sielkundige skade ook aangerig word aan beide die slagoffer en viktimiseerder. Dié bewering word gestaaf deur Ramsey, Gresham en Walker (2004:351) volgens wie geweld fisieke en nie-fisieke beserings insluit, wat skade, pyn, en vrees meebring. Chisholm en Ward (2005:59) het ook navorsing gedoen rakende die impak van geweld in skole en bevestig dat die voorkoms van geweld ‘n bedreiging skep tot die emosionele, fisieke en geestelike welstand van die leerders. Fisieke beserings is egter die sigbaarste probleem wat volg uit fisieke geweld en Midlarsky en Klain (2005:37) verwys daarna dat studente soms sterf of ernstig beseer word tydens skoolgeweld. Fisieke geweld raak elke faset van die persoon se wese en beïnvloed die individu as ‘n geheel, wat aansluit by die Gestalt konsep van holisme wat verder tydens die studie in meer diepte bespreek word.

Smith (2003:2) stem saam met die bogenoemde navorsers dat geweld in skole die slagoffers as persoon kan beskadig, maar gaan ook verder deur te sê dat fisieke geweld in skole gevolge het vir die regte van die individu om sonder vrees en intimidasie te lewe. Alhoewel Steffgen en Russon (2003: 54) gevind het dat seuns meer blootgestel word aan fisieke geweld in skole as dogters, was daar nie 'n verskil in die twee geslagte se persepsie aangaande hulle veiligheid in die skoolkonteks nie. Albei die geslagte het dieselfde mate van vrees getoon om beseer te word in die skoolkonteks as gevolg van fisieke geweld. Die bevinding toon dat vrees wel deur die leerders ervaar word aangaande hul veiligheid en dit hou sekere implikasies in vir die leerder in die skoolsisteem.

Leerders in 'n skool met 'n gewelddadige klimaat ervaar vrees as gevolg van die onveilige omgewing. Skole word nie meer gesien as 'n veilige plek waar ouers hulle kinders kan gaan aflaai nie. Inteendeel, navorsers stem ooreen dat die skool die afgelope tyd as 'n onveilige plek gesien word. (Vergelyk Midlarsky & Klain, 2005:37; Ramsey, *et al.,* 2004:35.) Die sub-probleem van vrees vir die skoolomgewing lei daartoe dat leerders soms wegbly van die skool, omdat hulle vir hulle eie veiligheid vrees. (Vergelyk Ramsey, *et al.,* 2004:237; Denmark, *et al.,* 2005:1.) Vrees kan ook die doel van skool skade berokken (Smith 2003:2), want volgens Wilde (2002:4) ondermyn geweld die leeromgewing, omdat leerders nie kan leer wanneer hulle onveilig voel nie. As die teorie van Maslow se hiërargie van behoeftes in ag geneem word (Moore, 1997:463), maak dit sin dat die leerder nie sal kan leer as hy nie veilig voel nie, omdat veiligheid een van die mees basiese behoeftes is wat vervul moet word voor 'n individu sy opvoedkundige behoeftes sal wil vervul. Geweld kan nie in skole geduld word nie, want dit vernietig die leerproses wat moet plaasvind asook die groei en ontwikkeling van die kind. Ramsey, *et al.* (2004:351) sluit ook hierby aan deur te skryf dat geweld lei tot onderbrekings in die skoolomgewing, wat betekenisvol inmeng met die leer wat moet plaasvind.

Volgens die navorser bestaan die moontlikheid ook dat fisieke geweld ‘n negatiewe invloed op leerders se akademiese prestasies sal hê. Die vermoede van die navorser word versterk deur Smith (2003:5) wat noem dat ‘n onvriendelike leeromgewing met leerders se prestasies inmeng.

Volgens die navorser is ‘n toename in die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters onafwendbaar indien die onderliggende dinamika nie aangespreek word nie. Die navorser vrees dat daar ‘n sneeubal-effek kan wees wat sal lei tot ‘n groterwordende probleem onder adolessente dogters. Dié siening word versterk deur die werk van Denmark, *et al*. (2005:1) wat verwys na slagoffers van fisieke geweld in skole wat self viktimiseerders word, omdat hulle só hulle gevoelens van kwesbaarheid en angs probeer hanteer. Met ander woorde, slagoffers word viktimiseerders wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot meer slagoffers, wat dan oor die moontlikheid beskik om self ‘n viktimiseerder te word en so word die probleem net groter en groter. Chisholm en Ward (2005:62) staaf die bewering van die bogenoemde navorser deur te skryf dat slagoffers dikwels ook viktimiseerders word om hulle gevoelens van hulpeloosheid te hanteer.

### *1.2.3 Navorsingsvraag*

Vanuit die probleemformulering kan die navorsingsvraag ontwikkel. Die formulering van ‘n navorsingsvraag is krities en navorsers moet baie versigtig wees met die formulering daarvan, omdat die navorsingsproses daarop gemik sal wees om die vraag te beantwoord (Fouché & De Vos, 2005:100). Volgens Neuman (2000:142) moet daar veral in ‘n kwalitatiewe studie ‘n duidelike navorsingsvraag geformuleer word voordat ‘n navorsingsprojek ontwerp kan word, aangesien die navorser die studie so gefokus hou. Whitley (2002:93) beweer dat ‘n goeie navorsingsvraag oor die potensiaal sal beskik om kennis te verbreed.

Die navorsingsvraag vir hierdie studie word as volg gestel: Wat is die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem? Deur die vraag so te stel word daar nie afgewyk van die titel nie en is dit 'n samevatting van presies dit wat die navorser van plan was om na te vors.

### *1.2.4 Die doel en doelwitte van die studie*

Fouché en De Vos (2005:104) sien die doel van 'n studie as die eindproduk waartoe daar tydens die navorsing gewerk word. Eksteen en Labuschagne (1993:142) stel die konsep duideliker deur 'n doel te omskryf as die spesifieke mikpunt of oogmerk waarna gestreef word. Van den Bos (2006:32) voeg by dat 'n organisme vrywilliglik gedrag, inspanning of werksaamhede rig om die intensionele oogmerk te bereik. In hierdie studie was die doel om die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te ondersoek.

Wanneer daar van doelwitte gepraat word, verwys dit na 'n meer konkrete en meetbare konsep. Doelwitte verwys na die stappe wat deur die navorser geneem moet word om die doel van die studie te bereik (Fouché & De Vos, 2005:104).

- Die eerste stap wat in hierdie studie geneem is, was om 'n oorsigtelike literatuurstudie te doen waar gefokus is op die teoretiese aannames, aggressiemodelle, geweld, ontwikkeling van adolessente dogters en Suid-Afrika se skoolsisteem. 'n In-diepte literatuurstudie as basis is vermy, aangesien die navorser sover moontlik gevrywaar wou wees van enige vooroordeel wanneer die navorsing uitgevoer word.

- Na afloop van die literatuuroorsig het die navorser inligting vanuit verskillende oogpunte verkry, en is daar nie slegs gefokus op die

deelnemers van fisieke geweld nie, maar ook op bystanders of ooggetuies van fisieke geweld tussen adolessente dogters. Onderhoude is ook gevoer met toepaslike skoolbeamptes en informele waarneming is gebruik om inligting te verkry. So is diverse sieninge verkry rakende die probleem en soveel moontlik faktore geïdentifiseer wat 'n invloed op die probleem kon hê. Hierdie inligting is bekom deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude.

- Laastens is 'n literatuurstudie uitgevoer in die vorm van literatuurkontrole waar data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van bestaande literatuur bespreek is. Hierdeur is gapings in reeds bestaande navorsing geïdentifiseer, wat kon lei tot verdere navorsing. Die literatuurkontrole het ook gedien as 'n maatstaf van verifikasie vir die uitgevoerde navorsing.

## 1.3 Navorsingsbenadering

### *1.3.1 'n Kwalitatiewe studie*

In hierdie studie het die navorser van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak. Van die eienskappe van kwalitatiewe navorsing word as volg deur Neuman (2000:16) beskryf:

- Konstruering van sosiale werklikheid of kulturele betekenis.

In die beoogde studie het die navorser gepoog om vas te stel hoe die dogters hulle sosiale werklikheid konstrueer om sodoende in te gaan op die motivering wat die dogters se gedrag onderlê. So kon die navorser insig vanaf die respondente verkry aangaande die dogters se sosiale werklikheid of kulturele betekenis en 'n dieper insig verkry rakende die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

- Fokus op interaktiewe prosesse en gebeure.

Gedurende die studie het die navorser gefokus op die interaktiewe prosesse en gebeure wat in die dogters se leefwêreld teenwoordig was om ‘n beter begrip aangaande die navorsingsprobleem te verkry.

- Waardes is teenwoordig en eksplisiet.

Die dogter in die navorsing is gesien as ‘n individu met haar eie unieke veld waarin haar waardes teenwoordig is en dit is deur die navorser in ag geneem en in berekening gebring tydens die uitvoer van die studie.

- Enkele gevalle of deelnemers is betrokke.

In die navorsing is daar gebruik gemaak van gevallestudies waaraan net ‘n beperkte hoeveelheid respondente deelgeneem het.

- Navorser is betrokke in navorsingsproses.

Die betrokke navorser het persoonlik die onderhoude met die respondente gevoer en so op ‘n persoonlike vlak met die respondente self gekommunikeer.

Creswell (in Fouché & De Vos, 2005:102-103) gee redes vir die gebruik van ‘n kwalitatiewe benadering waarvan die volgende van toepassing is op hierdie studie:

- Die aard van die navorsingsvraag hou verband met “hoe-” en “wat”-vrae.

In hierdie studie het die navorser die onderliggende dinamika van fisieke geweld onder adolessente dogters probeer vasstel.

- Die onderwerp benodig ondersoek.

Die onderwerp onder bespreking het, volgens die navorser, tot op hede slegs beperkte aandag ontvang in die navorsingsveld, en daarom het die navorser ‘n ondersoek aangaande die onderwerp as belangrik bestempel.

- Daar is ‘n behoefte om ‘n deeglike oorsig te verkry aangaande die onderwerp.

Weens bogenoemde rede was ‘n oorsig nodig met betrekking tot die onderwerp, sodat die probleem op ‘n relevante manier aangespreek kon word.

- Die navorser kan die storie vertel vanuit die deelnemers se oogpunte eerder as om ‘n “kenner” te wees wat ‘n oordeel plaas op die deelnemers.

Daar is gebruik gemaak van onderhoude in die studie en so is die dogters die geleentheid gegun om hulle storie vanuit hulle oogpunte te vertel.

- Sluit in ‘n studie van individue in hulle natuurlike omgewing

Die onderhoudvoering het in die skoolomgewing plaasgevind wat die dogters se natuurlike omgewing was in die verband aangesien dit die omgewing was waar die insidente plaasgevind het.

*1.3.2 Soort navorsing*

Die navorsing kan gesien word as toegepaste navorsing eerder as basiese navorsing. Die navorsing was daarop gemik om inligting te genereer wat later tot moontlike positiewe veranderings in die probleemareas van die skool sal kan lei, eerder as om teorieë te formuleer of aan te vul soos in die geval van basiese navorsing. (Vergelyk Fouché & De Vos, 2005:105.) Neuman (2000:24) beweer ook dat toegepaste navorsers probeer om spesifieke probleme op te los. Dit sluit aan by die doel van hierdie studie, wat ‘n bydrae kan lewer tot die aanspreek van die spesifieke navorsingsprobleem.

Die navorser sien die studie as beide ‘n verkennende en ‘n beskrywende studie, aangesien die studie gelei het tot ‘n beter insig aangaande die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem en dié behoefte voortspruit uit die gebrek aan inligting in die verband. Die siening of funksie van die studie stem ooreen met Fouché en De Vos (2005:106) se beskrywing van verkennende navorsing, naamlik dat die navorsing gedoen word om insig te verkry tot ‘n situasie en dat die navorsing dikwels voorkom in areas waar daar gebrek is aan basiese inligting aangaande ‘n probleem. Die navorser is ook van mening dat die navorsing beskrywend van aard is. Fouché en De Vos (2005:106) sien beskrywende navorsing as navorsing wat ‘n volledige beeld voorsien aangaande die besonderhede van ‘n situasie, sosiale omgewing of verhoudings. Die beskrywing verwys ook dikwels na intense navorsing van ‘n verskynsel en die verskynsel se dieper betekenis wat lei tot beter beskrywings van die verskynsel. Die navorser wou met die studie ‘n beskrywing gee van die onderliggende dinamika van die navorsingsprobleem en al sy verwante aspekte wat ‘n rol speel in die voorkoms daarvan.

### *1.3.3 Navorsingstrategie*

Die navorsingsstrategie waarvan daar in die studie gebruik gemaak is, was die gevallestudie. Whitley (2002:37) verwys na die gevallestudie as ‘n in-diepte ondersoek van ‘n enkele geval van die verskynsel wat nagevors word. Creswell se definisie verskil egter van die van Whitley s’n deurdat Creswell (in Fouché, 2005:272) ‘n gevallestudie beskryf as ‘n in-diepte analisering van ‘n enkele geval of meervoudige gevalle oor ‘n tydperk heen. Die navorser verkies Creswell se definisie bo dié van Whitley, omdat dit ‘n wyer definisie is en meervoudige gevalle toelaat. Die navorser het op meer as een individu gefokus, sodat daar diverse sieninge aangaande die probleem verkry is en soveel as moontlik aspekte ingesluit kon word wat aanleiding kon gee tot fisieke geweld onder adolessente dogters in die skoolsisteem.

Volgens Mark (in Fouché, 2005:272) verwys só ‘n geval van waar daar van meervoudige gevalle in die studie gebruik gemaak word om ‘n sosiale saak beter te verstaan, na ‘n instrumentele gevallestudie. Dus het die navorser in die studie gebruik maak van ‘n instrumentele gevallestudie om so ‘n beter begrip aangaande die navorsingsprobleem te vorm.

## 1.4 Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie fokus op die praktiese sy van die navorsing, met ander woorde op die beplanning van die navorsing asook die stappe wat geneem is tydens die uitvoering van die studie. Daar word vervolgens gekyk na die wyse van data-insameling en deelnemende respondente. Die metode waarop die inligting geanaliseer is, ontvang ook in hierdie afdeling aandag.

### *1.4.1 Literatuur*

Die navorser het gebruik gemaak van verskillende bronne vir die literatuurstudie tydens die navorsing. Dit sluit in gepubliseerde boeke, wetenskaplike joernale, internetbronne, verhandelings, proefskrifte en toepaslike databasisse wat handel oor die betrokke onderwerp.

#### 1.4.1.1 Teoretiese raamwerk

Die paradigmatiese denkwyse van die navorser word vervolgens kortliks bespreek, sodat die leser ‘n beter begrip kan verkry van die siening waaruit die navorser die studie benader het en hoe daar sin gemaak is uit die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters.

#### 1.4.1.1.1 Metateorie

Die navorser werk vanuit die Gestaltperspektief en het diè teorie gebruik om sin te maak uit die navorsing. Die belangrikste komponent van Gestalt lê in holisme en dit is ook hierdie konsep van Gestalt waarop die navorser klem gelê het. Die navorser is van mening dat een manier om 'n individu en sy gedrag te verstaan daarin lê om die individu as 'n geheel in ag te neem, want die emosies, kognisie, biologiese samestelling en omgewing van die individu sal 'n invloed hê op hoe die individu optree en op die keuses wat hy maak. Blom (2004:2) beskryf Gestalt as 'n radikale ekologiese teorie wat beweer dat daar geen betekenisvolle manier is om 'n lewende organisme te verstaan sonder sy interaksie met die omgewing nie. Gestalt sluit in die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon asook elke oomblik en gebeurtenis van die individu. Gestalt is verder 'n holistiese benadering en holisme impliseer dat mense in hulself selfregulerend is, dat hulle groei-georiënteerd is en dat mense en hulle gedrag nie apart van hulle omgewing verstaan kan word nie (Blom, 2004:9).

Vir die doel van hierdie navorsing is daar na adolessente dogters as 'n geheel gekyk en word hulle interaksies met die omgewing nie buite rekening gelaat nie.

#### 1.4.1.1.2 Teoretiese aannames

'n Onderliggende teorie in Gestalt is die veldteorie. Volgens die navorser was die veldteorie in hierdie studie relevant om die gedrag van mense, spesifiek die adolessente dogter, te probeer verstaan.

Die veldteorie is volgens Summers en Tudor (2001:2) 'n algemene teoretiese uitkyk wat baie sterk klem plaas op interverhoudinge. Gebeurtenisse vind volgens die teorie plaas as 'n funksie van alle eienskappe van die veld wat 'n interaktiewe dinamiese geheel is. Die veld sluit in alle faktore en gebeurtenisse wat 'n invloed kan hê op die individu. Omdat alles in die veld in interverhoudinge

met mekaar is, beteken dit dat ‘n verandering in een aspek van die veld sal lei tot veranderinge in alle aspekte van die veld. Gebeurtenisse is dan ook die resultaat van die aspekte van die veld wat in interaksies met mekaar is.

Hierdie interafhanklikheid word gestaaf deur Yontef (1993:2) wat beweer dat die veld ‘n geheel is waar al die dele van die veld in onmiddellike verhoudings tot mekaar staan en op mekaar reageer. Met ander woorde, geen deel van die veld sal onbeïnvloedbaar wees deur dit wat in ‘n ander deel van die veld aangaan nie. Yontef (1993:2) beweer verder dat die fenomeenveld gedefinieer word deur die waarnemer en dat dit betekenisvol is vir hom of haar en die persone wat die verwysingsraamwerk van die waarnemer ken.

Vir die doel van hierdie studie was dit van kardinale belang dat die navorser die hele veld van die dogter in ag neem en verstaan, ten einde sin te maak uit hulle gedrag. Nie alleen moes die dogter se omstandighede in berekening gehou word nie, maar daar moes ook gekyk word na die verhoudinge tussen al die omstandighede van die dogter. Die siening ontvang steun van Flores (2005:76) wat ook van mening is dat ontwikkeling van geweld in kinders afhanklik is van die interaksie tussen menige faktore, byvoorbeeld biologiese eienskappe, oneffektiewe ouerskapstyle, armoede, kognitiewe funksionering, emosionele funksionering, kultuur en die indringende teenwoordigheid van die media. Chisholm en Ward (2005:60) se literatuurstudie het soortgelyke bevindinge getoon, waar hulle beweer dat daar geen enkele oorsaak vir geweld is nie, maar dat gewelddadige gedrag die beste verstaan word as die resultaat van meervoudige interverwante gebeurtenisse en omstandighede. Daar is egter nie regtig ‘n universele teorie wat gebruik kan word om die interaksie van die faktore te verklaar nie (Flores, 2005:76), maar soos reeds genoem, het die navorser gebruik gemaak van die veldteorie as ‘n model om te probeer verklaar hoe dinamika in die veld kon lei tot die ontwikkeling van die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters.

#### 1.4.1.1.3 Metodologie

Die navorser is van mening dat, al is ‘n persoon ‘n produk van sy omstandighede, hy steeds keuses het oor hoe hy gaan optree en nie sy omstandighede kan blameer as hy of sy ‘n swak keuse gemaak het nie. ‘n Persoon moet steeds verantwoordelikheid neem vir sy keuses en die gevolge daarvan. Die navorser neem dus die konsepte van keuses en verantwoordelikheid uit Gestalt oor, om sin te maak uit menslike gedrag. Scott en Marshall (in Ramsey, *et al.,* 2004:253) verwys ook daarna dat individue geleer moet word dat hulle keuses het in hoe hulle gaan optree en hulle gevoelens gaan uitdruk en dat hulle verantwoordelik is vir die gevolge van hierdie aksies.

Alhoewel die persoon ‘n holistiese wese is, asook ‘n produk van sy omstandighede, is hy ‘n selfregulerende organisme wat moet leer om ten spyte van sy omstandighede verantwoordelikheid vir sy aksies te neem. Uit die oogpunt van die navorser sal dit vir ‘n persoon wat uit meer gunstige omstandighede kom, makliker wees om verantwoordelikheid te neem vir sy aksies as vir ‘n persoon wat uit swakker omstandighede kom.

Die navorser is van mening dat daar sekere aspekte in die veld van die dogters kan wees wat ‘n verklaring vir hulle gedrag kan bied, en andersyds ook aspekte wat die dogter se gedrag uit haar oogpunt kan regverdig. Die navorser het in die studie gepoog om die aspekte wat direk daarop dui en onderliggend is aan die dogters se gedrag, te identifiseer. So kon daar moontlike aanbevelings gemaak word oor hoe om die aspekte aan te spreek en sodoende die veld meer gunstig te maak vir die betrokke skool se leerlinge. Leerlinge sal nie meer so maklik die omgewing kan blameer vir hulle gedragskeuses nie en sal moontlik makliker verantwoordelikheid neem vir hulle gedrag en keuses wat kan lei tot beter keuses en ‘n veiliger skoolomgewing.

### *1.4.2 Wyse van data-insameling*

Sewell (in Greeff, 2005:287) beskryf kwalitatiewe onderhoude as ‘n manier om die wêreld vanuit die deelnemer se oogpunt te beskou en sodoende die betekenis van die mense se ervaringe te ondersoek.

Weens die feit dat die navorser gebruik maak van die veldtoerie as ‘n teoretiese aanname, is dit toepaslik om van onderhoude as ‘n data-insamelingsmetode gebruik te maak. Deur die respondente die geleentheid te gee om hulle sienings met die navorser te deel, word die navorser die geleentheid gegun om die respondente se veld beter te verstaan en kon die navorser ook soveel moontlik aspekte van die respondent se veld in ag neem.

Volgens Neuman (2000:274) is die doel van onderhoude om akkurate inligting vanaf die respondente te verkry. Neuman (2000:274) gaan selfs verder om te sê dat ‘n onderhoud ‘n kortstondige, sekondêre sosiale verhouding is tussen twee vreemdelinge waar die navorser se doel is om spesifieke informasie van die respondent te verkry. Al wou die navorser soveel aspekte as moontlik van die respondent se veld insluit, was dit belangrik dat die navorser akkurate, spesifieke en relevante inligting vanaf die respondente verkry. ‘n Mate van struktuur in die onderhoude was belangrik sodat die navorser gefokus bly op relevante inligting wat die respondent moes weergee. Hierdie struktuur kon ook bydra tot die betroubaarheid van die studie, aangesien dieselfde inligting van respondente verkry is totdat versadiging plaasgevind het.

Vir die doel van hierdie studie is van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak, want so kon die navorser die respondente die geleentheid gun om uit te brei oor die aspekte van die respondent se veld wat deur die respondent as belangrik geag word. Volgens Whitley (2002:323) volg die semi-gestruktureerde onderhoud slegs ‘n riglyn wat die onderwerpe spesifiseer wat bespreek moet word en kan dit spesifieke vrae insluit, maar daar is geen spesifieke volgorde

waarin die vrae gevra hoef te word nie. So is daar ‘n mate van vryheid vir die respondent om die onderhoud te lei met die nodige struktuur vir die navorser om die onderhoud gefokus te hou.

As daar gekyk word na Greeff (2005:296) se siening aangaande semi-gestruktureerde onderhoude, word die navorser se keuse van hierdie tipe onderhoud verder gesteun deurdat die semi-gestruktureerde onderhoud meer buigbaarheid tydens die onderhoud aan die navorser en respondente gun en dat die voorafbeplande vrae eerder as ‘n riglyn vir die onderhoud dien as om die onderhoud te domineer.

‘n Voorbeeld van die onderhoudvrae word verkry in Bylaag A. Die vrae is opgestel met behulp van Neuman (2000:277-282) en Greeff (2005:288-291) se riglyne.

### *1.4.3 Steekproef*

Eerstens word gefokus op die universum van die studie. Volgens Neuman (2000:142) is die universum die stel eenhede waartoe die antwoord op die navorsingsvraag veralgemeen kan word. Whitley (2002:390) gebruik weer die term teikenpopulasie wanneer hy verwys na die universum. Whitley (2002:390) sien die teikenpopulasie as die groep mense waarop die navorser die resultate van sy studie wil toepas. Met ander woorde, die universum of teikenpopulasie kan gesien word as die persone waarop die navorser die resultate van die studie in die breë samelewing wil veralgemeen. In die geval beskryf die navorser die teikenpopulasie of universum van die studie as adolessente dogters in die Gauteng-provinsie van Suid-Afrika, wat aan fisieke geweld blootgestel word.

Die universum is egter te breed en moet vernou word, sodat die navorser die studiepopulasie kan identifiseer (Whitley, 2002:390). Die studiepopulasie is ‘n nouer groep persone as die universum, deurdat dit minder algemeen is as die

universum. Die studiepopulasie verwys nie na die breë samelewing nie, maar na ‘n meer afgebakende groep persone wat moontlike respondente vir die studie kan wees. Volgens Whitley (2002:390) kan ‘n operasionele definisie opgestel word waaraan die respondente moet voldoen voordat hulle by die studiepopulasie ingesluit kan word. Dit is om seker te maak dat die respondente relevant en bruikbaar sal wees tydens die onderhoudvoering. So word die kanse verhoog dat die respondente wat in die studiepopulasie is, die navorser van betekenisvolle informasie sal kan voorsien.

Neuman (2000:201) verwys ook daarna dat ‘n navorser met ‘n idee van ‘n populasie begin (dikwels baie wyd) en dan die populasie moet verfyn en spesifiseer om uiteindelik te verwys na dit wat die navorser wil bestudeer, naamlik die studiepopulasie. Die navorser het die universum van adolessente dogters in Suid-Afrika verfyn na die studiepopulasie deur die operasionele definisie as volg te stel: Adolessente dogters in Suid-Afrika, Gauteng-provinsie, wat betrokke was by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter, of dit gesien gebeur het, binne die skoolsisteem in die Pretoria-distrik. Die universum van die studie is dus vernou in die studiepopulasie deur nie te fokus op dogters in die hele land nie, maar op dogters in die Pretoria-distrik.

Die navorser het ‘n hoërskool in die Pretoria-omgewing geïdentifiseer waar gevalle van fisieke geweld onder adolessente dogters voorgekom het. Die navorser het die Pretoria-area gekies vir die praktiese doeleindes vir die uitvoer van die studie, omdat die navorser self in Pretoria bly. Die navorser se keuse van hoërskool X het voortgespruit uit die feit dat dit ‘n skool is waar fisieke geweld onder dogters algemeen voorkom. Uit die skool het die navorser dogters verkry wat relevante en betroubare informasie aangaande die spesifieke probleem voorsien het.

Deur die studie by een skool uit te voer, vernou die studiepopulasie verder tot adolessente dogters betrokke/bystanders van fisieke geweld in die skoolsisteem

binne die een spesifieke skool. Daar is van die doelgerigte steekproef gebruik gemaak, wat geklassifiseer word onder die nie-waarskynlike steekproef-metode.

‘n Nie-waarskynlike steekproef bestaan volgens Whitley (2002:394) uit mense van wie die navorser dit maklik vind om inligting te verkry. Respondente word geselekteer as navorsingdeelnemers, nie omdat hulle noodwendig verteenwoordigend is van die populasie nie, maar omdat die navorser dit maklik vind om relevante data vanaf dié respondente te verkry. Volgens Neuman (2000:196) is kwalitatiewe navorsers geneig om van nie-waarskynlike steekproewe gebruik te maak waar gevalle versigtig gekies word en die relevansie van die geval bepalend sal wees vir insluiting by die steekproef. Daar is egter verskeie tipes nie-waarskynlike steekproeftegnieke, en, soos reeds genoem, het die navorser gebruik maak van die doelgerigte steekproef.

Volgens Strydom en Delport (2005:328) word daar in ‘n doelgerigte steekproef ‘n geval gekies omdat die geval sekere kenmerke toon wat vir die spesifieke studie van belang is. Die navorser moet egter eers krities dink oor die parameters van die populasie en dan die steekproefgevalle daarvolgens kies. Duidelike identifikasie en formulasie van ‘n kriterium vir die selektering van respondente is daarom van kardinale belang (Strydom & Delport, 2005:329).

Vir hierdie studie het die navorser kriteria opgestel waaraan die dogters in die betrokke skool eers moes voldoen voordat hulle as respondente gebruik kon word. Die dogters wat die beste in die volgende kriteria ingepas het, is geselekteer:

- Moes betrokke gewees het by fisieke skoolgeweld of dit aanskou het.
- Moes van die vroulike geslag wees.
- Moes tussen die ouderdom van 14 en 18 jaar wees.
- Die geweld waarby die dogters betrokke was/aanskou het, moes fisiek van aard wees en nie indirek of verbaal van aard nie.

- Ouers van kandidate moes toestemming gee dat kind kon deelneem aan navorsing.
- Respondente moes bereid wees om deel te neem aan die studie.

Die dogters wat die meeste blootgestel is aan gewelddadige insidente, of hulle nou daaraan deelgeneem het of dit aanskou het, het voorkeur geniet in die selektering van respondente, omdat die navorser gevoel het dat hulle ryker inligting sou kon verskaf aangaande die navorsingsprobleem.

### *1.4.4 Data-analise*

Die navorser se doel was om groot hoeveelhede kwalitatiewe data te organiseer tot ‘n koherente beeld wat bestaan uit interverwante konsepte (Neuman, 2000:419). Data-analise verwys volgens Neuman (2000:426) na die soeke van patrone in data waarna die patrone geïnterpreteer word in terme van sosiale teorieë of die omgewing waarin dit plaasgevind het.

Die navorser het nie van ‘n spesifieke data-analisemetode gebruik gemaak nie, waar wel van Creswell (in De Vos 2005:334-339) se riglyne vir die leiding van data-analise. Neuman (2000:420-425) se riglyne is ook gebruik om die riglyne van Creswell (in De Vos 2005:334-339) aan te vul. Die riglyne van Creswell (in De Vos 2005:334-339) bestaan uit nege stappe wat gevolg kan word. Die riglyne is egter nie rigied toegepas nie, maar as hulpmiddel gebruik om die data sistematies te organiseer en te analiseer.

- Opname van die data.

  Die navorser het gebruik gemaak van ‘n videokamera om die onderhoude op te neem en het ook notas gemaak van die belangrike temas wat tydens die onderhoud na vore gekom het. So kon die navorser weer die inligting by die huis nagaan.

- Data-insameling en voorafgaande analisering.

Die navorser het ‘n oppervlakkige data-analisering gedoen tydens die onderhoud waar slegs duidelike temas wat na vore gekom het, gemerk is, maar het na die tyd die data in diepte geanaliseer. Dit is so vinnig as moontlik na die onderhoud gedoen, sodat die data nog vars in die navorser se geheue was.

- Beheer en organisering van data.

Die navorser het die inligting van die onderhoud in verskillende lêers georganiseer en breinkaarte van elke onderhoud geteken om so die temas makliker te kon identifiseer tydens die kodering van die onderhoude se temas.

- Lees en skryf van notas.

Die navorser het die inligting van die onderhoude herhaaldelik deurgelees en notas daarvan gemaak, wat gehelp het om belangrike inligting raak te sien wat met die eerste deurlees misgekyk is.

- Opstel van kategorieë, temas.

Hooftemas met subtemas is geïdentifiseer. Hierdie temas met subtemas bestaan uit inligting wat uit onderhoude verkry is en versadiging bereik het.

- Kodering van data.

Die verskillende temas en subtemas is met verskillende kodes gemerk.

- Toetsing van die begrippe wat uit die navorsing na vore tree.

Die inligting wat uit die navorsing voortgespruit het, is vir bruikbaarheid geëvalueer.

- Alternatiewe verduidelikings.

Die navorser se verduidelikings van die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem is na die data-analise, aan die hand van bestaande literatuur, beskryf. Daarna is die navorser se gekose verduidelikings gemotiveer.

- Laastens is die data in hierdie verhandeling deurgegee.

### *1.4.5 Vertrouenswaardigheid van die studie*

Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:334-339) se riglyne aangaande die vertrouenswaardigheid van ‘n kwalitatiewe studie is gebruik om die studie se vertrouenswaardigheid te verhoog:

- Kredietwaardigheid van ‘n studie kan verhoog word wanneer die respondente akkuraat geïdentifiseer en beskryf word.
  Kies van respondente het op so ‘n manier geskied dat hulle in staat was om die navorser met die kredietwaardigste inligting kon voorsien (sien punt 1.4.3.). ‘n Skool is gekies waar respondente geïdentifiseer is wat die navorser met die betroubaarste en relevantste inligting aangaande die navorsingsprobleem kon voorsien.
- Oordraagbaarheid van ‘n studie kan versterk word deur die navorsing te lei met behulp van teoretiese raamwerke om sodoende te wys hoe die verkryging van data en data-analise deur relevante konsepte en modelle gelei word. ‘n Ander strategie om oordragbaarheid te versterk, is om databronne te trianguleer. Dit is waar verskillende bronne gebruik word om die navorsing uit te brei en te bevestig. In die studie, soos reeds genoem, het die navorser onderhoude gevoer met die respondente van fisieke geweld, asook met die bystanders daarvan. Onderhoude is ook met toepaslike skoolbeamptes gevoer om sodoende inligting te verkry vanaf verskillende bronne rakende die fisieke geweld wat voorkom tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Hierdeur is die beoogde studie se oordraagbaarheid versterk.
- Ooreenkomstigheid is wanneer die data algemene bevindinge bevestig en lei tot gevolgtrekkings.
  Nadat die navorsing uitgevoer is, het die navorser die bevindinge vergelyk met reeds bestaande data, vasgestel wat die ooreenkomste en verskille is en die nodige implikasies daarvan gepeil. Die navorser het ‘n opsomming van die onderhoude aan respondente teruggegee om so seker te maak

dat die navorser die data op dieselfde manier verstaan as wat die respondent dit bedoel het. Tydens data-ontleding is gebruik gemaak van ‘n kenner om die navorser te help om die data op ‘n objektiewe manier te ontleed.

## 1.5 Etiese aspekte

Volgens Strydom (2005*a*:56) het die navorser ‘n etiese verantwoordelikheid aan beide die deelnemers van die navorsing en die dissipline van die wetenskap waar die navorser akkuraat en eerlik moet wees in die rapportering van die navorsingbevindinge. Die etiese aspekte van die studie is hanteer met behulp van Strydom (2005*a*:58-67) se uiteensetting van aspekte van die navorsingsetiek. Net die aspekte wat volgens die navorser relevant is tot die navorsing, is egter aangespreek:

- Vermyding van emosionele skade in die studie kan aspekte aanraak soos die herlewing van aggressie teen die persoon met wie die respondent in die geveg betrokke was en verhoudings tussen die leerders kon benadeel word. Die moontlike probleem is hanteer deur ‘n ontladingsonderhoud te voer met die respondent indien dit nodig was.
- Ingeligte toestemming is verkry deurdat die navorser al die relevante inligting aan die potensiële deelnemers en/of wettige voogde verskaf het. Dit sluit in inligting rakende die doel van die navorsing, prosedures wat gevolg sou word, moontlike voor- en nadele van deelname aan die studie, asook die kredietwaardigheid van die navorser. Die ouers of voogde van die betrokke leerder moes ‘n toestemmingsbrief teken dat hulle dogter mag deelneem en hulle is ingelig dat hulle kind enige tyd van die navorsing kon onttrek indien sy sou wou.

- Om enige gevoel van misleiding te voorkom, is die leerder of hulle ouers aangemoedig om vrae te vra indien hulle onseker was rakende enige aspek van die studie.
- Vertroulikheid en privaatheid van die respondente is gerespekteer deur eers hulle toestemming te kry of die onderhoud wel met ‘n videokamera afgeneem mag word. Die videokamera is slegs op die navorser se gesig gefokus, sodat die respondent se identiteit beskerm kon word. Skuilname is ook aan die respondente gegee om hulle anoniem te hou vir ander mense wat die navorsing sal deurgaan. Die betrokke persone wat die navorser met die uitvoering van die navorsing gehelp het, het ook vorms van vertroulikheid onderteken. Slegs die noodsaaklike persone is toegang verleen tot die rou informasie van die studie. Die betrokke skool se identiteit is ook beskerm en konfidensieel hanteer deurdat daar na die skool verwys word as hoërskool X. Verder het die navorser aan niemand bekend gemaak by watter skool die navorsing uitgevoer is nie.
- Navorsers moet bevoeg wees en oor die nodige vaardighede beskik om navorsing uit te voer. Die navorser het van kenners gebruik gemaak om haar in die navorsingsproses te lei, sodat sy korrek en eties sou optree. Dit sluit in onder andere die betrokke studieleier asook ‘n mentor wat gehelp het met die data-analisering. Die navorser het egter ook ‘n navorsingslypskool bygewoon om bekend te word met die nodige vaardighede.
- Die publisering van die navorsingsresulate is deur die eksaminatore gekontroleer om vas te stel of die navorsingsproses suiwer genoeg was. So word die publiek beskerm teen onakkurate informasie wat weergegee kan word deur ‘n studie wat nie korrek uitgevoer is nie.

## 1.6 Definisies van hoofkonsepte

Drie hoofkonsepte van die navorsing is gedefinieer om eenheid te skep in die studie en verwarring te voorkom oor wat presies met elke term bedoel word.

### *1.6.1 Adolessensie*

Adolessensie word deur Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:7) beskryf as *"die ontwikkelingstadium wat strek van puberteit tot die bereiking van volwassenheid*", in ouderdom ongeveer 12-18 jaar vir die dogter. Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998:388) beweer dat die aanvangsouderdom van adolessensie wissel tussen 11 en 13 jaar terwyl die einde van adolessensie lê tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar. Thom, *et al.* (1998:388) gaan egter verder en sê dat adolessensie eerder gedefinieer moet word in terme van spesifieke fisieke en sielkundige ontwikkelingskenmerke asook sosio-kulturele norme. Volgens Thom, *et al.* (1998:388) lê adolessensie tussen die begin van die kind se ontwikkeling van geslagsrypheid en die ontwikkeling van die individu as iemand wat ekonomies onafhanklik en selfonderhoudend is. Die definisie van Plug, *et al.* (1997:7) stem dus baie ooreen met die van Thom, *et al.* (1998:388). Die navorser het egter vir die doeleindes van die studie slegs gebruik gemaak van die chronologiese ouderdom van die dogter om haar as 'n adolessent te klassifiseer, en het gefokus op dogters tussen die ouderdom van 14 en 18 jaar.

### *1.6.2 Geweld*

Geweld, volgens Ramsey, *et al.* (2004:351), sluit in fisieke en nie-fisieke geweld wat skade, pyn, beserings en vrees tot gevolg het. Smith (2003:4) beweer dat gewelddadige gedrag aggressiewe gedrag is waar die viktimiseerder sy/haar liggaam of 'n objek gebruik om beserings of ongemak by 'n ander persoon te veroorsaak. Dus volgens Smith (2003:4) verwys geweld na die gebruik van fisieke mag en dit sluit nie verbale aggressie of indirekte aggressie in nie. Dit

sluit egter fisieke afknouery in en ook gevegte wat plaasvind tussen leerders wat gelykstaande aan mekaar is – wat nie afknouery is nie (Smith, 2003:4). Ramsey, *et al.* (2004:351) en Smith (2003:4) se definisies verskil dus in die opsig dat die eerste definisie nie-verbale en indirekte aggressie insluit terwyl die tweede definisie dit nie insluit nie. Die navorser verkies die tweede definisie en vorm die definisie meer spesifiek deur te verwys na fisieke aggressie. Dus word enige indirekte en verbale aggressie van die begin af uitgesluit. Vir die doeleinde van die studie was die navorser se definisie van fisieke aggressie as volg: Enige insident wat insluit die fisieke besering van een persoon wat die resultaat is van 'n doelbewuste aksie van 'n ander om die persoon te beseer. Fisieke beserings moet plaasvind en die beserings moet intensioneel deur 'n ander persoon toegedien word. Die volgende is in die studie geklassifiseer as fisieke geweld: Skietery, aanrandings (waar die beserings eensydig toegedien word en die een persoon 'n slagoffer is, maar nie noodwendig swakker is as die viktimiseerder nie), bakleiery (waar altwee partye aktief betrokke is by die toediening van beserings, dus is altwee 'n viktimiseerder en 'n slagoffer) en afknouery (waar fisieke geweld plaasvind tussen twee persone, maar die een persoon is sielkundig en/of fisies swakker as die ander persoon).

### *1.6.3 Skoolsisteem*

*"Skole is komplekse sosiale strukture wat deur 'n verskeidenheid ander sosiale strukture en faktore gevorm en beïnvloed word"* (Nieman, Venter, Woodbridge, Niekerk & Lebeloane, 1998:3) en dus sal 'n verandering in die skool 'n uitwerking hê op die leerders van die skool. Pretorius en Lemmer (2004:ix) verwys na die skoolsisteem as 'n sisteem vir die voorsiening van opvoeding en opleiding. Pretorius en Lemmer (2004:x-xi) strek die definisie van die skoolsisteem verder deur die volgende vier breë strukture daarby in te sluit: Inrigtings vir opvoeding en opleiding (byvoorbeeld Pre-primêre skole, Primêre skole en Hoërskole), outoriteit en bestuur (om opvoeding en opleiding te voorsien op 'n beplande en georganiseerde manier, omdat dit die effektiwiteit

van die sisteem wat geskep is, verhoog), ondersteuningsisteme (om onderwysers met gespesialiseerde hulp by te staan waar nodig) en ander aandeelhouers (sluit in mense soos die ouers, gemeenskap en werksvoorsieners, want die skoolbeleid betrek al die aandeelhouers). In die skoolsisteem is die kern van al die aktiwiteite die leerder, omdat al die bogenoemde strukture se primêre funksie is om die leerders te ondersteun en te voorsien van kwaliteit-onderrig en -opleiding (Pretorius & Lemmer, 2004:x).

In die navorsing word die skoolsisteem gesien as ‘n konteks waarvan die doelwit opvoeding en opleiding sal wees. In die konteks is daar egter sekere reëls en regulasies waaraan die leerder en skool moet voldoen ten einde optimale leer te kan ervaar. Uit die navorser se oogpunt bestaan die skoolsisteem uit twee dele, naamlik ‘n deel wat leer moet fasiliteer en dan reëls wat optimale leer in die konteks moet aanmoedig.

## 1.7 Indeling van navorsingsverslag

Die hoofstukke van die beplande studie word as volg uiteengesit:

Hoofstuk 1: Oorsig en rasionaal van studie.
Hier word die motivering, probleem en metodologie van die studie uiteengesit.

Hoofstuk 2: Teoretiese hoofstuk.
In die hoofstuk word die teoretiese raamwerk meer volledig bespreek. Aggressiemodelle, inligting oor geweld, die ontwikkeling van die adolessente dogter en die Suid-Afrikaanse skoolsisteem sal ook bespreek word.

Hoofstuk 3: Empiriese hoofstuk:
Hier word die inligting wat vanaf die respondente verkry is, bespreek, en die data-analise gedoen.

Hoofstuk 4: Literatuurkontrole:
Bestaande literatuur en empiriese inligting vanuit die studie word vergelyk, so kan gapings geidentifiseer word vir verdere navorsing. Die vergelyking kan ook dien as 'n maatstaf vir die bevindinge van die uitgevoerde studie.

Hoofstuk 5: Bevindinge, aanbevelings, bydraes en tekortkominge:
Hier word die gevolgtrekkings aangaande die empiriese data en literatuurkontrole gemaak. Moontlike aanbevelings rakende hoe om die probleem aan te spreek, word ook uiteengesit. Daarna word die bydraes en tekortkominge van die studie bespreek.

## 1.8 Samevatting

Hoofstuk een bestaan uit die navorsingsmetodologie van die studie wat in diepte bespreek is om sodoende 'n raamwerk uiteen te sit rakende die manier waarop die navorser tydens die uitvoer van die studie te werk gegaan het. Die drie hoofkonsepte van die studie is ook gedefinieer om sodoende 'n eenheid in die studie te skep en verwarring te voorkom.

In Hoofstuk twee word 'n oorsigtelike literatuurstudie gedoen om so die navorser te voorsien van 'n raamwerk om die studie te bestuur. Hierdie raamwerk dien ook as basis vir die semi-gestruktureerde onderhoude.

# HOOFSTUK 2

# TEORETIESE OORSIG

## 2.1 Inleiding

In die betrokke hoofstuk word literatuur as konseptuele raamwerk vir die studie bespreek. Hierby word ‘n verdere in-diepte bespreking van die paradigmatiese denke wat reeds in Hoofstuk een oppervlakkig aandag ontvang het, ingesluit. Daar word ook gekyk na aggressieteorieë wat geïntegreer word met die veldteorie onder die paradigmatiese denke van die studie.

‘n Bespreking van die ontwikkeling van die adolessente dogter volg na die bespreking van paradigmatiese denke. ‘n Beter begrip word so gevorm aangaande die manier waarop die adolessente dogter se ontwikkeling die veld van die betrokke dogter kan beïnvloed en vatbaarheid vir aggressiewe gedrag kan verhoog. Aangesien daar na die adolessente dogter se gedrag in die skoolsisteem gekyk word, word Suid-Afrika se skoolsisteem bespreek om sodoende die konteks waarbinne die aggressiewe gedrag van die adolessente dogter voorkom, beter te verstaan.

Voorbeelde wat in hierdie hoofstuk gebruik word, word gebruik om die dogter se gedrag vanuit die Gestaltperspektief te verklaar en die konsep van Gestalt te verduidelik. Hierdie voorbeelde word nie as aannames voorgelê nie. Fritz Perls word gesien as die vader van Gestaltterapie, omrede hy ‘n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Gestaltteorie gelewer het (Blom, 2004:8). Omrede daar van Perls en sy tydgenote se werk gebruik gemaak word, sal van die bronne waarna in die hoofstuk verwys word, meer as tien jaar oud wees.

## 2.2 Paradigmatiese denke

Die Gestaltperspektief vorm ‘n integrale deel van die navorser se paradigmatiese denke. Hoofkonsepte wat in die betrokke hoofstuk aandag ontvang is holisme, die veldteorie, keuses en verantwoordelikheid. Diè konsepte is die navorser se fokuspunt omrede dit deel vorm van die kernkonsepte van die Gestaltperspektief. Verder voorsien die konsepte die navorser van die nodige raamwerk om ‘n meer koherente beeld te vorm rakende die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

### *2.2.1 Metateorie*

Vanuit die Gestaltperspektief word beklemtoon dat die geheel meer is as die som van sy dele (Clarkson, 2004:1). As uit ‘n Gestaltperspektief na die skool gekyk word, kan die skool gesien word as ‘n sisteem wat uit verskillende lede bestaan, elkeen met sy/haar eie uniekheid. Die lede kan afsonderlik bestudeer word met hul eie uniekhede. Die skool funksioneer egter as ‘n sistematiese geheel wat bestaan uit al die unieke lede wat meer is as die som van die unieke skoollede. Die skool is dus ‘n eenheid op sy eie wat nie gemeet kan word aan elke lid afsonderlik nie.

Uit die bogenoemde siening tree twee belangrike konsepte na vore, wat op die betrokke navorsing van toepassing is, naamlik “holisme” en “veld”. Clarkson (2004:2) beweer dat moderne Gestalt daarop mik om die liggaam, gevoelens en intellek van die betrokke persoon te integreer, waar die persoon se behoeftes ook in ag geneem word binne die konteks van die sosiale omgewing. Tweedens word die dogter as deel van die skool waargeneem, aangesien dit die konteks is waarin die dogter se aggressiewe gedrag in die studie manifesteer. Die dogter se veld is dus hier tersprake.

Holisme word vervolgens bespreek, terwyl die veld as deel van die veldteorie onder punt 2.2.2.1 bespreek word.

#### 2.2.1.1 Holisme

Volgens Blom (2004:9) impliseer holisme drie dinge, naamlik dat mense self-regulerend is, dat hulle groei-georiënteerd is en laastens dat mense se gedrag nie afsonderlik van hulle omgewing verstaan kan word nie. Volgens Blom (2004:10) beklemtoon die stelling die onskeibare eenheid van liggaam, emosies, taal, denke en gedrag van die persoon. Smuts (in Clarkson, 2004:9) sluit aan by Blom deur holisme te beskryf as ‘n aanvaarding van die liggaam en denke van die persoon as ‘n eenheid wat nie op oorsaaklikheid gebaseer kan word nie. Clarkson (2004:10) brei verder hierop uit deur te skryf dat holisme kompleksiteit, insluiting en diversiteit beklemtoon deurdat holisme vereenvoudiging weerstaan.

Na aanleiding van bogenoemde literatuur kan die dogter, vir die doel van hierdie studie, ook gesien word as ‘n holistiese wese waarvan elke aspek as belangrik geag word. Hierdie aspekte sluit in die dogter se emosies, kognisie, liggaam en die relevante ontwikkelingstake van die adolessente ontwikkelingsvlak. Weens die insluiting van ontwikkeling word daar later in die hoofstuk genoegsame aandag geskenk aan die ontwikkeling van die adolessente dogter.

Wanneer ‘n organisme as ‘n holistiese wese gesien word, impliseer dit, soos reeds genoem, dat die organisme self-regulerend is. Die aanname word bevestig deur Clarkson (2004:22) wat skryf dat ‘n persoon in Gestalt gesien word as ‘n organisme wat oor die natuurlike tendens beskik om die self te reguleer. Volgens Blom (2004:11) word alle gedrag gereguleer deur ‘n proses bekend as homeostase of organismiese selfregulering. Blom (2004:11) beskryf homeostase as die proses waarmee die organisme sy balans handhaaf onder veranderende omstandighede wat moontlik die balans van die organisme kan versteur. Die stelling impliseer volgens Clarkson (2004:22) dat mense daarna streef om ‘n

balans te handhaaf tussen behoeftebevrediging en spanningverligting. Spanning en die ontstaan van behoeftes lei tot ongemak by die persoon wat sal bly voortbestaan totdat die behoefte bevredig en die balans herstel is (Oaklander in Blom, 2004:11). Die proses waardeur aksie geneem word om die behoefte te bevredig, staan bekend as organismiese selfregulering (Blom, 2004:11). Perls, Hefferline en Goodman (1951:274) sien organismiese selfregulering as die bewustheid van die dominante behoefte wat bevrediging op ‘n gegewe tydstip verwag, asook die organisering van die funksies van aksie wat benodig word om die behoefte te bevredig.

Volgens die navorser word die adolessente dogter sodoende nie slegs gesien as ‘n holistiese wese nie, maar ook as ‘n organisme wat selfregulerend is. Wanneer die adolessente dogter ‘n behoefte of spanning ervaar wat lei tot ongemak, weens die wanbalans, sal die dogter poog om die die balans te herstel. Die dogter se selfregulering gaan bepaal watter aksies sy sal neem om haar behoefte te bevredig. Die selfregulering kan lei tot toepaslike of ontoepaslike wyses van behoeftebevrediging.

Gesonde organismiese selfregulering volgens Clarkson (2004:22) vind plaas wanneer die persoon die dominante behoefte kan identifiseer en ander behoeftes op die agtergrond skuif, totdat die persoon deur middel van sy organismiese selfregulering van die toepaslike aksies gebruik maak om die behoefte te bevredig. As een behoefte afgehandel is, sal die volgende behoefte na die persoon se voorgrond tree en na bevrediging streef, sodat ‘n balans bereik kan word. Volgens die navorser moet die adolessente dogter dus haar behoefte kan identifiseer en van haar organismiese selfregulering gebruik maak om die behoefte toepaslik te bevredig. Die dogters in die studie mag miskien nie dieselfde behoeftes ervaar nie, alhoewel van hulle gebruik maak van aggressiewe gedrag om hulle balans te herstel, wat dan lei tot die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Die dogters se

organismiese selfregulering is van so ‘n aard dat aggressie gebruik word om homeostase te bereik nadat die balans versteur is.

Ten einde vir ‘n persoon om sy behoeftes suksesvol en toepaslik te bevredig, moet die persoon in sy omgewing objekte identifiseer om sy behoeftes mee te bevredig. Die persoon moet uit die omgewing hulpbronne neem wat hom kan help om sy behoefte te bevredig en dit verwerp wat nie relevant is tot die bevrediging van die huidige behoefte nie (Blom, 2004:12). Die proses staan bekend as assimilasie en is belangrik vir suksesvolle behoeftebevrediging. Rhyne (1970:283) verwys na assimilasie as waar die persoon dit wat aan hom gebied word, óf aanvaar óf verwerp, en dat elke persoon sy eie geheel skep deur dit te aanvaar wat hy ‘n funksionele deel van sy struktuur wil maak. Deur middel van assimilasie groei die persoon, omdat hy dit van die omgewing inneem wat hy as voordelig beskou en sy eie maak (Perls, *et al.,* 1951:viii).

In die geval van gesonde organismiese selfregulering gaan die dogter eers waarneem watter hulpbronne daar in die omgewing is wat haar in die bevrediging van die behoefte kan ondersteun. Die dogter kan egter nie al die hulpbronne in die omgewing gebruik nie, maar slegs die wat van toepassing is op haar en haar omgewing. (Vergelyk Blom, 2004:13.) Volgens die navorser kan ‘n aanname in die studie wees dat daar in die respondente se omgewing net beperkte hulpbronne is wat hulle kan help met die behoefte-bevrediging, sodat aggressie vir hulle die enigste opsie blyk te wees om die balans mee te herstel.

Die teenoorgestelde van assimilasie is introjeksie. Volgens Blom (2004:22) vind introjeksies plaas wanneer inhoud van die omgewing ingeneem word deur die persoon sonder dat die persoon krities daaroor nadink en daarom bly die inhoud vreemd en ongeprosesseerd. Sodoende word aspekte van die omgewing deur die persoon aangeneem sonder om die negatiewe en positiewe kante van die aspekte in ag te neem. Volgens Perls, *et al.* (1951:190) sal dié vreemde “kennis” die persoon se persoonlikheid oorweldig en ook sy vermoë om te dink en op te

tree, aantas. Sodoende sal die persoon nie van toepaslike aksies gebruik kan maak om sy behoeftes te bevredig nie, omrede die aspekte wat hy van die omgewing aangeneem het, nie noodwendig by hom as ‘n unieke holistiese wese pas nie.

Indien die adolessente dogter nie gebruik maak van assimilasie nie, kan sy moontlik oorweldig word deur die moontlike hulpbronne tot haar beskikking. Die dogter sal nie eers besin voor sy van ‘n hulpbron gebruik maak nie, maar die hulpbron gebruik om die balans te herstel slegs omdat sy sien ander mense doen dit op die manier. (Vergelyk Enright, 1970:112-113.) Byvoorbeeld; ‘n dogter wat blootgestel word aan aggressiewe rolmodelle kan die aggressie deel maak van haar self sonder om daaroor na te dink. Assimilasie vanuit die omgewing het nie plaasgevind nie, maar die aggressie van die rolmodel is bloot aangeneem en die dogter reageer ook daarvolgens.

### *2.2.2 Teoretiese aannames*

Alhoewel dit duidelik geword het dat die individu altyd as ‘n geheel funksioneer (sien punt 2.2.1.1), kan die individu nie sonder die omgewing oorleef nie, aangesien die omgewing benodig word vir die bevrediging van die individu se behoeftes (Aronstam in Blom, 2004:9). Omrede die navorser die gedrag van die dogter wil verstaan, word die omgewing van die dogter in ag geneem aangesien ‘n persoon se behoeftebevrediging afhang van die hulpbronne wat in die omgewing beskikbaar is. Dié beskikbare hulpbronne beïnvloed weer die persoon in hoe hy gaan optree om sy behoeftes te bevredig. (Vergelyk Wallen, 1970:10.) Om hierdie rede beskou die navorser dit as belangrik om die veldteorie deel van die studie te maak. So word die belangrikheid van sensitiwiteit vir elke persoon se eie unieke omstandighede wat sy/haar gedrag kan beïnvloed, beklemtoon.

### 2.2.2.1 Veldteorie

‘n Organisme kan nie apart gesien word van sy omgewing nie, maar eerder as in ‘n kreatiewe kontakproses met die omgewing (Perls, *et al.,* 1951:x). Perls (in Clarkson, 2004:9) sien sielkundige verhoudinge in terme van die omliggende veld, omdat dit onmoontlik is om ‘n persoon te verstaan behalwe wanneer die persoon binne sy omgewing waargeneem word. Hierdie interverhouding van die persoon met die omgewing is ‘n belangrike aspek van die Gestaltperspektief. (Vergelyk Blom, 2004:9; Perls, *et al.,* 1951:231; Clarkson, 2004:9.) Vanuit die perspektief kan mense slegs verstaan word as hulle gesien word binne die sisteem, of veld, waarvan hulle ‘n integrale deel vorm (Clarkson, 2004:9). Vir die doel van hierdie navorsing het die navorser dit belangrik geag om elke dogter te sien binne die veld waarin sy funksioneer, ten einde haar en haar gedrag ten volle te verstaan. Alleenlik op dié wyse was dit moontlik vir die navorser, wat uit die Gestaltperspektief werk, om die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te verstaan. Soos reeds in Hoofstuk een genoem, vind gebeurtenisse volgens die veldteorie plaas as ‘n funksie van alle eienskappe van die veld wat ‘n interaktiewe dinamiese geheel is. Die veld sluit ook alle faktore en gebeurtenisse in wat ‘n invloed kan hê op die individu.

Clarkson (2004:9) beweer ook dat alleenlik die tussenspel van organisme en omgewing ‘n sielkundige situasie saamstel en nie wanneer die organisme en omgewing apart van mekaar gestel word nie. Die rede hiervoor is dat mense biologiese wesens is wat interafhanklik is van hulle omgewing. Perls, *et al.* (1951:231) verwys ook daarna dat dit doelloos is om enige sielkundige gedrag te probeer verstaan buite die sosio-kulturele, biologiese en fisiese konteks.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik vir die navorser dat die adolessente dogter nie net as holisties in haarself gesien word nie, maar dat sy ook as ‘n geheel waargeneem word binne die konteks waarin sy haarself bevind. Die skool, die dogter, haar ontwikkeling, huislike omstandighede, verlede en kultuur is ook in

aanmerking geneem tydens die ondersoek van die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters binne die skoolsisteem. Dit word toegeskryf aan die veldteorie wat impliseer dat alles in die veld ‘n invloed het op die betrokke dogter en haar gedrag. Die dogter se gedrag word nie beïnvloed deur slegs een van die aspekte van haar veld nie, maar ook deur die manier waarop al die aspekte van haar veld in verhouding tot mekaar staan. Dit kan toegeskryf word daaraan dat al die eienskappe van die veld deel vorm van ‘n interaktiewe dinamiese geheel.

2.2.2.2 Aggressieteorieë

Die eerste twee aggressieteorieë wat vervolgens bespreek word, vul volgens die navorser mekaar se tekortkominge aan in terme van die toepaslikheid tot die studie. Die derde teorie, die algemene affektiewe aggressie model, is ‘n kombinasie van die eerste twee aggressieteorieë en komplimenteer ook die veldteorie.

Die frustrasie-aggressie hipotese word deur Wilde (2002:27) beskryf as ‘n hipotese wat beweer dat alle aggressie veroorsaak word deur ‘n negatiewe emosionele opwekking, naamlik frustrasie. Frustrasie volgens Potgieter (1997:71) word veroorsaak wanneer ‘n persoon daarvan weerhou word om sy doelwitte te bereik. Die frustrasie motiveer ‘n persoon se aggressie net soos die primêre behoeftes van honger en dors ‘n persoon se gedrag motiveer (Geen, 1995:383). Frustrasie kan gesien word as ‘n eksterne faktor wat aggressie motiveer en kan lei tot overte dade van aggressie (Baron & Byrne, 2003:437). Kritiek teen die hipotese is die aanname dat frustrasie altyd tot aggressie lei en dat aggressie uitsluitlik ‘n uitvloeisel is van frustrasie, wat nie die geval is nie. (Vergelyk Baron & Byrne, 2003:435; Wilde, 2002:28.) So word ander faktore wat aanleiding kan gee tot aggressie deur die hipotese uitgesluit. Die kritiek ten opsigte van die hipotese is veral geldig as die dogter in die konteks van die veld gesien word, want in die veld is daar baie meer faktore wat ‘n rol kan speel in die aggressiewe optrede van die dogter. (Vergelyk Chisholm & Ward, 2005:60.)

Die navorser is egter van mening dat van die faktore in die dogter se veld wel 'n rol kan speel tot die ontstaan van frustrasie by die dogter. (Vergelyk Geldenhuys, 1999:246.) Die frustrasie kan dan moontlik aanleiding gee tot aggressiewe gedrag. As 'n dogter byvoorbeeld die doel voor oë het om akademies eerste in die klas te staan en 'n ander dogter wen haar op die gebied, kan dit aanleiding gee tot frustrasie by die dogter wat in haar doel misluk het. Dit beteken egter nie dat die dogter fisies aggressief gaan optree teenoor die dogter wat haar gewen het nie, maar dat hierdie optrede sal afhang van die ander faktore in haar veld en die faktore se verhoudinge tot mekaar en tot haar. Daarom sal dogters verskillend optree in dieselfde omstandighede, omrede elke dogter se veld uniek en verskillend is. (Vergelyk Wilde, 2002:28.)

Tweedens word na aggressie gekyk as 'n biologiese funksie. Die frustrasie-aggressie hipotese het klem gelê op situasionele faktore wat aanleiding kan gee tot aggressiewe gedrag. Die mens is egter 'n holistiese wese en daarom word daar gefokus op die moontlike aangebore oorsake van aggressie om 'n geheelbeeld te vorm (Kettl, 1997:53). Volgens die biologiese teorieë van aggressie speel 'n persoon se veginstink 'n rol in die voorkoms van aggressiewe gedrag (Baron & Byrne, 2003:436). Volgens Plug, *et al.* (1997:161) kan instink beskryf word as hipotetiese aangebore neigings wat as motiveringskrag vir alle denke en gedrag dien. Volgens Baron en Byrne (2003:436) het elke persoon 'n ingebore veginstink in hom/haar wat ontwikkel het gedurende evolusie en die funksie van die veginstink, wat kan lei tot agressiewe gedrag, is om te verseker dat die sterkste organisme in die omgewing sal oorleef. Dié siening van aggressie impliseer dat hierdie instink vanaf evolusie ingebore is en so deel van die mens is dat dit altyd van geslag tot geslag oorgedra sal word (James in Geen, 1995:385).

Die frekwensie van aggressiewe aksies varieer egter van gemeenskap tot gemeenskap en dit hou implikasies in vir die geloofwaardigheid van die teorie (Baron & Byrne, 2003:436). As mense 'n ingebore tendens het om aggressief op

te tree, is alle mense veronderstel om in dieselfde situasie dieselfde op te tree, iets wat wel nie die geval is nie. James (in Geen, 1995:384) glo aggressie is so deel van die ingebore menslike natuur dat dit net beheer kan word deur vervangingsaktiwiteite waar mense van hulle aggressie ontslae raak deur middel van pro-sosiale gedrag, anders sal ontoepaslike gedrag by die individu plaasvind. Met James se siening in gedagte, sal begryp word waarom almal nie dieselfde optree in dieselfde situasies nie, omdat mense verskillend gesosialiseer word oor hoe om aggressie toepaslik uit te druk (Baron & Byrne, 2003:439). Met ander woorde, al is die mens ‘n organisme met ‘n aangebore veginstink, word die persoon steeds geslyp deur die sosiale norms wat voorkom in die betrokke persoon se veld. Aangesien elke persoon se veld verskil en uniek is, sal mense nie dieselfde optree in dieselfde situasie nie.

Geen (1995:385) is egter van mening dat alhoewel daar faktore in die omgewing is wat die mens se aangebore aggressie slyp tot ‘n meer aanvaarbare uitdrukking daarvan, sal die mens se veginstink nooit verander nie. Die veginstink van die mens is so deel van die mens se natuur dat dit onder sekere kondisies wel tot aggressie sal lei ten spyte van sosialisering.

Laastens word die algemene affektiewe aggressiemodel bespreek wat volgens Baron en Byrne (2003:437) ‘n moderne teorie van aggressie is. Die teorie stel voor dat aggressie opgewek word deur ‘n wye verskeidenheid veranderlikes soos die persoon se opwekkingsvlak, affektiewe toestand en kognisie. Sodoende word die persoon as geheel in ag geneem deurdat daar nie slegs gefokus word op ‘n enkele aspek van die persoon nie, maar op ‘n verskeidenheid faktore wat mekaar beïnvloed. Die teorie volgens Baron en Byrne (2003:437) neem die aspekte van die huidige situasie in ag, asook die tendense wat die individue saam met hulle na die gegewe situasie bring. Die teorie fokus op meervoudige faktore wat in interaksie met mekaar is en ook die maniere waarop dit aanleiding kan gee tot die ontstaan van aggressie.

Die algemene affektiewe aggressiemodel kan kortliks as volg verduidelik word met behulp van Baron en Byrne (2003:437-438):

Die veranderlikes wat volgens die teorie aanleiding kan gee tot aggressiewe gedrag, word opgedeel in twee kategorieë, naamlik die situasionele veranderlikes en individuele veranderlikes. Situasionele veranderlikes kan insluit frustrasie, blootstelling aan ander mense wat aggressief optree of enigiets wat ongemak by 'n individu skep, soos hoë temperature. Individuele veranderlikes sluit in die kenmerke waaroor 'n persoon beskik wat hom/haar meer vatbaar kan maak vir aggressiewe optrede. Dit kan insluit hoë vlakke van irritasie, die siening van die persoon aangaande aggressie en vaardighede waaroor die persoon beskik om aggressie te hanteer.

Die situasionele en individuele veranderlikes kan lei tot aggressie as gevolg van hulle impak op drie basiese prosesse, naamlik die persoon se vlak van opwekking (wat kan lei tot fisiologiese opwekking), affektiewe toestande (wat kwade gevoelens by die persoon kan opwek) en kognisie (persoon kan kwaadwillige gedagtes koester). Afhangende van die individu se interpretasie van die huidige situasie, asook beperkende faktore in die omgewing (byvoorbeeld die teenwoordigheid van polisie), sal aggressiewe gedrag voorkom of nie.

Aangesien die persoon se individuele veranderlikes en situasionele veranderlikes in die bogenoemde teorie in berekening gebring word, is dié teorie die beste van toepassing, aangesien vir die doel van hierdie navorsing die dogter se persoonlike uniekheid, asook die uniekheid van haar veld in ag geneem word. Omrede die teorie ook fokus op die affektiewe toestande, kognisie en fisiologiese opgewektheid van die persoon, skakel dit ook goed in by die siening van Gestalt dat die persoon 'n holistiese organisme is.

### *2.2.3 Metodologie*

Keuses en verantwoordelikheid is belangrike konsepte in die Gestaltperspektief. Die Gestaltperspektief is gebaseer op die aanname dat elke persoon verantwoordelik is vir sy/haar eie gedrag (Clarkson, 2004:29). Alhoewel mense nie altyd persoonlik verantwoordelik is vir die omstandighede waarin hulle hulself bevind nie, is die mens steeds verantwoordelik vir die betekenis wat hy aan sy lewe heg, aangesien die persoon sy houding kan kies asook sy gedrag wat hy in die omstandighede gaan openbaar (Frankl in Clarkson, 2004:29). Blom (2004:59) ondersteun die stelling deur te skryf dat mense verantwoordelik is vir die manier waarop hulle die lewe ervaar, asook vir die keuses wat hulle uitoefen.

In die geval van die onderliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem kan die dogters die omgewing blameer vir hulle gedrag en nie verantwoordelikheid neem vir hulle keuse om aggressief op te tree nie. Volgens die navorser aanvaar hulle nie verantwoordelikheid nie en gaan hulle voort met die gedrag, omdat hulle reken dit is buite hulle beheer. Perls, *et al.* (1951:215) skryf byvoorbeeld wanneer iemand nie verantwoordelikheid wil neem nie, sal die persoon sê sy probleme bekommer hom terwyl dit eintlik die persoon self is wat hom bekommer. Die persoon blameer die probleme, maar hy het ‘n keuse oor wat sy houding teenoor die probleme gaan wees. Probleme is onafwendbaar, maar hoe die persoon daarop gaan reageer, is sy keuse.

Die konsepte van keuse en verantwoordelikheid impliseer dat die dogters altyd ‘n keuse het oor hoe hulle gaan optree, al is dit dikwels ‘n moeilike keuse. Die implikasie word ondersteun deur Perls (1970:30) wat sê dat ‘n persoon veranwoordelikheid moet neem vir sy aksies, gevoelens en denke en dat verantwoordelikheid nie verwar moet word met verpligtinge nie. Naranjo (1970:51) skryf dat die konsep van verantwoordelikheid die persepsies

kontrasteer dat mense hulpeloos is in hulle omstandighede, maar dat mense hulle eie bestemming kan bepaal.

Volgens die navorser bestaan die moontlikheid dat die dogters hulself as hulpelose slagoffers van hulle omstandighede sien en daarom betrokke raak by fisieke geweld om beheer te verkry. Hulle neem dalk nie verantwoordelikheid vir hulle keuse om aggressief op te tree nie, maar blameer sekere omstandighede daarvoor. Die doel van die navorsing is dan om die faktore wat die dogters vir hulle gedrag blameer, te identifiseer en aan te spreek in die aanbevelings, sodat die dogters makliker verantwoordelikheid kan neem vir hulle gedrag en so besef dat hulle ‘n keuse het in hul eie optredes.

Die paradigmatiese denke lig die navorser se perspektief uit aangaande die wyses waardeur die ondersoek geloods is aangaande die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem (sien punt 2.2). Deur vanuit die perspektief te werk, is die navorser voorsien van basiese riglyne om die dogter se gedrag en optredes te verstaan en te verklaar. ‘n Basiese begrip van die navorser se perspektief kan die leser in staat stel om die aanslag van die studie te waardeer.

## 2.3 Adolessente ontwikkeling

Adolessensie verwys na die periode van vinnige groei wat plaasvind tussen die kinderjare en volwassenheid (Atwater, 1996:4). Adolessensie is ‘n ontwikkelingsfase wat gekenmerk word deur vinnige fisieke groei, maar deur kognitiewe en emosionele ontwikkeling wat effens stadiger plaasvind (Heaven, 2001:xiii). Volgens Heaven (2001:xiii) is dit die oneweredige ontwikkeling wat adolessensie so uitdagend en opwindend maak, maar wat ook verwarring en onrus inhou. Heaven (2001:xiii) is verder ook van mening dat adolessente kwesbaar is vir emosionele wanaanpassing asook wangedrag.

Adolessensie is ‘n kwesbare, dog uitdagende ontwikkelingsfase wat deur sekere outeurs beskryf word as stormagtig en verwarrend. (Vergelyk Heaven, 2001:xiii; Thom, *et al.,* 1998:391.) Aangesien die fokus van hierdie studie op die adolessente dogter val, word die adolessente ontwikkelingsfases vervolgens bespreek. In die bespreking fokus die fisieke en seksuele ontwikkeling spesifiek net op die dogter, aangesien dit op hierdie vlakke is waar die dogter en seun se ontwikkeling verskil. In die res van die besprekings word adolessente ontwikkeling egter in die algemeen bespreek.

### *2.3.1 Ontwikkelingstake van adolessensie*

Ontwikkelingstake van ‘n spesifieke lewensstadium is die vaardighede, kennis en funksies wat ‘n individu moet verkry voordat daar suksesvol oorbeweeg kan word na die volgende stadium (Heaven, 2001:5). In ‘n Westerse samelewing kan van die adolessent verwag word dat die volgende ontwikkelingstake bemeester moet word (vergelyk Heaven, 2001:5; Thom, *et al.,* 1998:392):

- Fisieke rypwording en aanpassing ten opsigte van die adolessent se veranderende liggaam;
- Ontwikkeling van kognitiewe vaardighede soos die vermoë om te redeneer en abstrak te dink;
- Emosionele ontwikkeling wat insluit die aanvaarding van gemoedskommelinge;
- Vorming van verhoudings insluitende portuurgroepverhoudings, nabye vriend/e en selfs romantiese verhoudings. Die vorming van verhoudings word as belangrik gesien vir die sielkundige ontwikkeling van die adolessent en
- Sosiale ontwikkelingstake soos die voorbereiding vir ‘n beroep en ekonomiese onafhanklikheid is ook van belang.

Die adolessent het verskeie ontwikkelingstake wat bereik moet word voordat die adolessent suksesvol kan aanbeweeg na volwassenheid. Die adolessente dogter in die studie word beskou as 'n holistiese wese, daarom is dit belangrik om elke aspek van haar in ag te neem wat moontlik kan bydra tot haar gedrag, insluitende die ontwikkelingstake wat sy op die tydstip moet bemeester.

### *2.3.2 Liggaamlike ontwikkeling van die adolessente dogter*

Vroeë adolessensie word gekenmerk deur vinnige liggaamlike groei en die ontwikkeling tot seksuele rypheid (Thom, *et al.,* 1998:393). Die groeiversnelling kan toegeskryf word aan die afskeiding van die hormoon estrogeen by dogters (Atwater, 1996:80). Groeiversnelling, wat verwys na die versnelde toename in lengte en gewig tydens adolessensie, kan ook insluit die toename in krag, vergroting van die hart, verdubbeling van longkapasiteit en afskeiding van seksuele hormone (Harris & Butterworth, 2002:305). Die toename van gewig volg ongeveer dieselfde groeitempo as die lengte van die adolessent, maar die gewigstoename vind eers plaas na die lengtetoename so te sê sy hoogtepunt bereik het (Atwater, 1996:77).

Alhoewel al die liggaamsdele van die adolessent vinnig groei, is die groeitempo van die verskillende liggaamsdele oneweredig. Die eerste liggaamsdele wat versnelde groei toon is die arms, bene, hande en voete wat dikwels daartoe lei dat die adolessent lomp voorkom (Thom, *et al.,* 1998:394).

Die adolessente dogter as 'n holistiese wese word gekonfronteer met verskeie liggaamsveranderinge. Die adolessente dogter moet die veranderinge van haar groeiende liggaam aanvaar en dit deel maak van haar identiteit. Die veranderinge van die adolessent se fisieke voorkoms het sielkundige implikasies vir hulle, soos sosiale erkenning en aanvaarding of die gebrek daaraan (Atwater, 1996:91). Afhangende van die adolessent se unieke ontwikkelingstempo sal die sielkundige implikasies as positief of negatief ervaar word (Atwater, 1996:92-93).

### 2.3.2.1 Seksuele rypwording by die adolessente dogter

Die dogter ervaar ook tydens adolessensie ander veranderinge in haar liggaam wat te make het met seksuele rypwording, insluitende die ontwikkeling van borste, verskyning van liggaamshare asook dat haar heupe breër word (Thom, *et al.,* 1998:395). Tesame met die sigbare liggaamsveranderinge is daar ook die menarg of die eerste voorkoms van menstruasie by die dogter (Thom, *et al.,* 1998:395). Dit vind gewoonlik plaas wanneer die groeiversnelling begin afneem. Alhoewel die menarg aanvanklik volgens Atwater (1996:85) ervaar word as verwarrend, is Thom, *et al.* (1998:400) van mening dat individuele en kulturele verskille voorkom ten opsigte van adolessente dogters se reaksie op die verandering. Thom, *et al* (1998:401) verwys in die verband daarna dat menstruasie vir sommige dogters ‘n negatiewe ervaring kan wees, veral wanneer die meisies se vroulike identiteit nog nie gevestig is nie.

Dit is belangrik dat adolessente hulle seksuele behoeftes op ‘n sosiaal-aanvaarbare wyse sal uitleef, sodat dit positief tot hulle identiteitsontwikkeling bydra (Thom, *et al.,* 1998:402). Alhoewel seksuele aktiwiteite ‘n normale gevolg van liggaamlike ontwikkeling is, word die adolessent in haar kultuur gekonfronteer met die probleemvraag van hoe die seksuele begeertes hanteer kan word sodat gesonde ontwikkeling kan plaasvind. Die liggaamsontwikkeling en toename van seksuele rypheid by die adolessent moet betekenisvol geïntegreer word in die adolessent se selfidentiteit, met so min moontlik konflik (Conger & Petersen in Heaven, 2001:148), aangesien die versnelde veranderinge implikasies het vir die adolessent se selfpersepsie van aantreklikheid en seksuele begeerlikheid (Heaven, 2001:48).

Heaven (2001:323) verwys spesifiek daarna dat seksuele aktiwiteite wat aanvang neem in adolessensie die risiko van aggressiewe gedrag tydens adolessensie verhoog. Die verhoogde risiko van aggressiewe optrede by die

adolessent maak van die adolessente dogter ‘n betekenisvolle respondent vir die betrokke studie.

### *2.3.3 Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent*

Volgens Inhelder en Piaget (in Thom, *et al.,* 1998:418) is formeel-operasionele denke die hoogste vlak van denke wat bereik kan word. Die vlak van denke word gekenmerk deur die vermoë tot abstrakte denke, wetenskaplike denke, reflektiewe abstraksie en interproposisionele denke. Hoewel die vlak van denke tydens adolessensie bereik word, ontwikkel nie alle individue hierdie vlak van denke nie (Thom, *et al.,* 1998:418).

#### 2.3.3.1 Egosentrisme

Adolessente egosentrisme verwys na ‘n onvoldoende onderskeiding tussen ‘n persoon se denke en gevoelens en die van ander (Atwater, 1996:118). Die adolessent is tydelik oorweldig deur verhoogde selfbewustheid en abstrakte denke wat daartoe lei dat die adolessent meer selfgesentreed word.

Die denkbeeldige gehoor is ‘n uitvloeisel van die adolessent se uitermatige selfbewustheid (Thom, *et al.,* 1998:423). Hier skep die adolessent in hulle gedagtes ‘n denkbeeldige gehoor en reageer die adolessent op die “gehoor” volgens wat hulle glo die gehoor van hulle dink. (Vergelyk Atwater, 1996:119; Thom, *et al.,* 1998:423-424.) Die gevolge van die denkbeeldige gehoor op die adolessent se gedrag kan gesien word in hulle beheptheid met hulle fisiese voorkoms. ‘n Verdere uitvloeisel van egosentrisme is persoonlike fabels, en volgens Atwater (1996:119) vind hier ‘n uitermatige onderskeiding plaas van een se gevoelens met die gevoelens van ander. Dit gee aanleiding tot die adolessent se oordrywing van hulle eie uniekheid. Die adolessent is van mening dat hulle anders is as ander en ook dat hulle onvernietigbaar en onkwesbaar is – iets kan met ander gebeur maar nie met hulle nie (Thom, *et al.,* 1998:424). Atwater

(1996:119) is van mening dat dit dié persepsies van die adolessent is wat aanleiding gee tot hulle hoërisikogedrag.

### *2.3.4 Sosiale ontwikkeling van die adolessent*

Die adolessent se soeke na onafhanklikheid kan lei tot toenemende belangstelling in verhoudinge buite die huis (Harris & Butterworth, 2002:316). Adolessente begin hulself distansieer van hulle families en spandeer meer tyd saam met hulle portuurgroepe. Dit kan insluit beide vriendskappe met dieselfde geslag asook romantiese verhoudinge (Harris & Butterworth, 2002:316).

#### 2.3.4.1 Vriendskappe en portuurgroepverhoudinge

Gedurende die tienerjare vorm portuurinteraksies ‘n integrale deel van alledaagse sosiale verhoudinge en is ook ‘n belangrike deel van die adolessent se sosiale en emosionele ontwikkeling (Heaven, 2001:78). Heaven (2001:79) is ook van mening dat die vorming van bevredigende verhoudinge met nabye vriende en portuurgroepe ‘n belangrike ontwikkelingstaak is van adolessensie, aangesien dit kan lei tot die bereiking van ‘n sin van identiteit en onafhanklikheid.

Gedurende adolessensie kan die portuurgroep gesien word as ‘n sterk motivering vir die adolessent om betrokke te raak by wangedrag om sodoende aanvaarding vanaf hulle portuurgroep te verkry (Atwater, 1996:198). Atwater (1996:198) brei verder uit deur te skryf dat die kultuur en era van die portuurgroep ook ‘n invloed sal hê op die adolessent se betrokkenheid by wangedrag. Hieruit kan afgelei word dat die adolessent onder sekere omstandighede as gevolg van die portuurgroep moontlik meer vatbaar sal wees vir overte dade van aggressie, wat as ‘n wangedrag gesien kan word, om sodoende aanvaar te word. Dit moet egter nie buite rekening gelaat word dat portuurgroepe ook positiewe invloede op die adolessent kan hê nie, soos waar

die groep die adolessent kan leer om te konformeer met sosiaal aanvaarbare reëls (Atwater, 1996:198).

2.3.4.2 Familieverhoudinge gedurende adolessensie

Alhoewel familie ‘n belangrike ondersteuningsnetwerk vir adolessente bied (Heaven, 2001:53), bereik spanning in ouer-kind verhoudinge gedurende die adolessentefase ‘n hoogtepunt (Harris & Butterworth, 2002:315). Hierdie verskynsel kan volgens Thom, *et al.,* (1998:450) toegeskryf word aan die adolessent se bevraagtekening van ouerlike waardes, reëls en regulasies. Daar vind ‘n mate van distansiëring plaas tussen ouer en adolessent aangesien die adolessent meer tyd saam met die portuurgroep deurbring. Die distansiëringseffek is egter net tydelik van aard (Thom, *et al.,* 1998:461).

*2.3.5. Persoonlikheidsontwikkeling*

2.3.5.1 Die adolessent se selfkonsep

Volgens Atwater (1996:302-303) verwys die selfkonsep na die verskeie selfpersepsies wat ‘n persoon aangaande hulself het. Dit kan onder meer insluit die adolessent se liggaamsbeeld, selfbeeld, die ideale self en ook die sosiale self. Atwater (1996:303) brei verder uit deur sy bewering dat die selfkonsep verkry word deur die adolessent se interaksies met betekenisvolle ander. Gedurende die interaksies internaliseer die kind die reaksies en verwagtinge van ander in hulle selfkonsep. So antisipeer die adolessent wat ander van hulle verwag en neem dan dieselfde houding teenoor hulself aan (Atwater, 1996:303).

Die veranderinge wat plaasvind in adolessensie lei dikwels tot veranderinge in die adolessent se selfkonsep. Volgens Atwater (1996:304) lei die proses daartoe dat die adolessent se selfbegrip lei tot selfdifferensiasie, selfintegrasie en individualiteit.

Die selfbeeld word volgens Atwater (1996:307) gebruik om die selfkonsep te evalueer. Tydens adolessensie is meisies se selfbeeld geneig om af te neem as gevolg van hulle liggaamsveranderinge wat hulle verder wegneem van die kulturele ideale liggaamsbou (Atwater, 1996:308).

2.3.5.2 Die adolessent se identiteit

Volgens Thom, *et al.* (1998:429) is adolessensie die tydperk waar ‘n persoon se identiteitsontwikkeling die grootste groei toon as gevolg van die ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele veranderinge. Hierdie ontwikkeling bring veranderinge mee wat die adolessent se sekerheid oor wie hulle is, kan bedreig. Die vorming van ‘n identiteit volgens Erikson (in Thom, *et al.,* 1998:430) is ‘n universele vereiste van adolessensie, alhoewel die wyses waarop die indentiteit gevestig word, van kultuur tot kultuur sal verskil.

Die adolessent se verhouding met sy familie aan die een kant en die portuurgroep aan die ander kant, kan lei tot konflik in die adolessent (Heaven, 2001:198). Dit kan toegeskryf word aan die vereistes van die portuurgroep en terselfdertydse inperkinge wat die familie aan die adolessent stel. Volgens Heaven (2001:198) kan van die familie se grense te rigied wees en daartoe aanleiding gee dat die adolessent die grense op ‘n sosiaal onaanvaarbare wyse oortree.

*2.3.6 Opsomming van adolessente ontwikkeling*

Die adolessente dogter gaan deur ‘n ontwikkelingsfase wat gekenmerk word deur vinnige fisieke groei, wat gevolg word deur seksuele rypwording. Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent het ook getoon dat die adolessent selfbewus is en dat hulle hulself as meer uniek sien in vergelyking met ander mense. Die adolessent begin ook hulle behoefte aan selfstandigheid vervul en sodoende begin hulle meer tyd saam met hulle vriende deurbring as met hulle

familie. Die adolessent se selfbeeldvorming word ook geraak deur die mense wat die adolessent as betekenisvol sien. So kan die portuurgroep dan die selfbeeld van die dogter beïnvloed. Soos in hierdie hoofstuk genoem, is adolessensie 'n tydperk waar die identiteit van 'n persoon die meeste groei as gevolg van al die verandering wat in hulle-self plaasvind. Omrede daar so baie veranderinge plaasvind tydens adolessensie en die veranderinge sielkundige en sosiale gevolge op die adolessent gaan hê, is dit belangrik om die adolessent se ontwikkeling beter te verstaan voordat die adolessent self verstaan kan word.

## 2.4 Skoolsisteem in Suid-Afrika

Die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters binne die Suid-Afrikaanse skoolsisteem word ondersoek. Vervolgens sal die Suid-Afrikaanse skoolsisteem kortliks aandag ontvang om sodoende 'n beter begrip te vorm aangaande die veld van die respondente in die studie.

### *2.4.1 Die rol van die opvoeder in die Suid-Afrikaanse skoolsisteem*

Die onderwyser, voogde en ander opvoeders het volgens die gemenereg gesag oor kinders in skole en koshuise gedurende amptelike skoolaktiwiteite (Coetzee, Marais & Bray 1999:19). Dit impliseer egter nie dat die ouers vervang word nie, net dat die ouerlike gesag in die verband aan opvoeders gedelegeer word. Volgens Coetzee, *et al.* (1999:19) is dit belangrik dat die take en pligte wat aan die opvoeders opgedra word, die welsyn en doelstellings van die betrokke inrigting bevorder. Hier waar die opvoeder in die plek van die ouer optree, staan die opvoeder ook onder die verpligting om die kinders onder hulle gesag behoorlik op te pas (Coetzee, *et al.,* 1999:20). Onderwysers beskik ook oor die sogenaamde "oorspronklike gesag" waardeur die opvoeder verplig word om toe te sien dat opvoeding plaasvind (Coetzee, *et al.,* 1999:20).

Samevattend kan daar gesê word dat die opvoeder twee verpligtinge het rakende die kind in die skoolkonteks, naamlik om die kind op te voed of te onderrig en om na die kind se welstand om te sien. Die verpligtinge hou opsigself implikasies in vir die hantering van die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Die opvoeders moet die probleem aanspreek om die skool ‘n veiliger plek te maak en die kind se welstand op so ‘n manier bevorder.

### *2.4.2 Die skolewet*

Die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 is volgens Coetzee, *et al*. (1999:43) om voorsiening te maak vir ‘n eenvormige stelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van skole.

#### 2.4.2.1 Skooldissipline

Skooldissipline is een van die belangrikste bepalings van die Skolewet en sal vervolgens aandag ontvang aangesien dit ‘n invloed sal hê op die manier waarop skole toegerus is om die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te hanteer.

##### 2.4.2.1.1 Gedragskode

Die gedragskode in skole se dissiplinêre beleid kan as volg opgesom word volgens Coetzee, *et al.* (1999:45):

- Die Beheerliggaam van ‘n openbare skool moet na oorleg met leerders, ouers en opvoeders van die skool ‘n gedragskode vir die leerders aanvaar;
- Die gedragskode moet daarop mik om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig;

- Die Minister kan, na oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, riglyne bepaal vir die oorweging deur die beheerliggaam in die aanvaarding van die gedragskode vir leerders;
- Geen bepaling stel ‘n leerder vry van die verpligtinge om die gedragskode van die skool na te kom nie en
- ‘n Gedragskode moet die bepalings van ‘n behoorlike regsproses bevat om sodoende die belange van die leerder en enige party wat by die dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm.

Die bogenoemde bepaling is van belang vir die ontwikkeling van ‘n skool se dissiplinêre beleid en vereis die volgende (Coetzee, *et al.,* 1999:45-46):

- Alle skole moet ‘n gedragskode hê;
- Die kode moet gegrond wees op oorlegpleging met ouers, opvoeders en leerders;
- Leerders is verplig om aan die gedragskode te voldoen en
- Die gedragskode moet aan die reëls van geregtigheid voldoen.

‘n Gedragskode kan bestaan uit algemene beginsels waarop die gedragskode rus, algemene skoolreëls waaraan leerders moet gehoorsaam, dissiplinêre prosedures wat kan insluit mondelinge waarskuwings, geskrewe waarskuwings en dissiplinêre verhore in die geval van ernstige oortredinge, prosedures vir ‘n dissiplinêre appèl, kategorieë van oortredinge en sanksies (Coetzee, *et al.,* 1999:46-48).

Die gedragskode kan die leerders lei in hulle optrede deur hulle bewus te maak van wat in die betrokke skool as toepaslike en ontoepaslike gedrag beskou word. Die leerders word ook deur die gedragskode bewus gemaak van die stappe wat gevolg gaan word na hulle wangedrag asook die moontlike gevolge daarvan. Die gedragskode dien ook as ‘n riglyn vir die opvoeders oor die dissiplinêre

stappe wat teen ‘n kind geneem kan word indien ‘n kind ontoepaslik opgetree het (Coetzee, *et al.,* 1999:45).

2.4.2.1.2 Sanksies

Tans wissel die sanksies in die Suid-Afrikaanse skoolsisteem vanaf kleiner sanksies soos mondelinge waarskuwings, ‘n betigtigende blik, inperking van voorregte, addisionele werk en verwysing na ‘n senior personeellid, tot meer ernstige sanksies volgens Coetzee, *et al.* (1999:48-50) wat kan insluit:

- Detensie waar leerders na skool of tydens pouses agtergehou word;
- Skorsing waar die leerder vir nie langer as ‘n week uit die skool geskors mag word nie;
- Uitsetting waar ‘n leerder as gevolg van ‘n baie ernstige oortreding uit die skool gesit word.
- Lyfstaf word egter verbied, selfs al gee die ouer hul toestemming aan die opvoeders om dit toe te pas.

## 2.5 Samevatting

Die adolessente dogter word gesien as ‘n holistiese wese wat interaksie met die omgewing benodig ten einde, met behulp van behoeftebevrediging, te kan oorleef. Die veld van die adolessente dogter is ook van belang wanneer daar sin gemaak probeer word uit haar gedrag, aangesien elke aspek van die betrokke dogter se veld ‘n invloed sal hê op haar optrede. Vanuit die bespreekte aggressieteorieë het dit ook duidelik geword dat eksterne en interne faktore tot die voorkoms van aggressie kan lei. Die een faktor kan egter nie van meer belang geag word as die ander nie, aangesien al die faktore in interaksie is met mekaar in die voorkoms van aggressiewe gedrag. Verder bevind die adolessente dogter haarself in ‘n veeleisende ontwikkelingsfase wat verskeie

veranderings vir die dogter meebring. Die Suid-Afrikaanse skoolsisteem maak voorsiening vir die opstel van ‘n gedragskode waarmee die leerders en opvoeders van die skool moet konformeer ten einde dissipline op ‘n regverdige wyse te handhaaf.

In Hoofstuk drie word die empiriese gedeelte van die navorsing bespreek en Hoofstuk twee bied die nodige grondslag vir die verstaan van die manier waarop die navorser omgegaan het met die inligting wat tydens die onderhoudvoering verkry is. Die navorser het tydens die interpretering van die empiriese data gebruik gemaak van die konsepte en teorieë soos gevind in Hoofstuk twee, ten einde sinvolle afleidings vanuit die empiriese data te maak. So word Hoofstuk twee gebruik as raamwerk om die ondersoek te lei tot sinvolle interpretasie van die empiriese inligting soos verkry deur die onderhoudvoering.

**HOOFSTUK 3**

# EMPIRIESE NAVORSING

## 3.1 Inleiding

Alhoewel die hoofstuk grootliks bestaan uit die data wat verkry is tydens die onderhoudvoering en waarneming word daar eers terugverwys na die navorsingsmetodologie soos bespreek in Hoofstuk een. Eers ontvang die universum, populasie en steekproef aandag. Die wyse van data-insameling en vertrouenswaardigheid van die studie word daarna kortliks bespreek. Die fokus van die hoofstuk verskuif dan na die data-analise van die onderhoude en inligting verkry deur middel van waarneming. Die wyses en prosesse waarvolgens die rou data geanaliseer is tot temas en subtemas, word volledig bespreek. Laastens word die geïdentifiseerde temas en subtemas wat tydens die navorsing na vore getree het, volledig bespreek.

## 3.2 Navorsingsmetodologie

### *3.2.1 Steekproef*

Die dogters waarop die antwoorde van die navorsingsvraag veralgemeen kan word, staan bekend as die universum van die studie. (Vergelyk Neuman, 2000:142.) Die universum is dus die dogters in die samelewing waarop die navorsingsresultate van die studie van toepassing is. Die universum van die studie word beskryf as adolessente dogters in die Gauteng-provinsie van Suid-Afrika wat blootgestel word aan fisieke geweld.

Waar die universum verwys na al die dogters wat oor moontlike kenmerke beskik waarin die navorser belang gestel het, plaas die populasie weer grense op die studie-eenhede. (Vergelyk Arkava & Lane in Strydom, 2005*b*:193.) Die populasie word dus gesien as die dogters wat oor alle eienskappe beskik waarin die navorser belang gestel het. (Vergelyk Powers, Meenaghan & Toomey in Strydom, 2005*b*, 193.) Die navorser het van 'n operasionele definisie gebruik gemaak om die vernouing vanaf die universum tot die studiepopulasie te vergemaklik. (Vergelyk Whitley, 2002:390.) So is daar verseker dat die respondente relevante en bruikbare informasie tydens die data-insameling voorsien.

In die studie is die universum verfyn tot die populasie deur die operasionele definisie as volg te stel: Adolessente dogters in Suid-Afrika, Gauteng-provinsie, wat betrokke was by fisieke geweld teenoor 'n ander dogter, of dit gesien gebeur het, binne die skoolsisteem in die Pretoria-distrik.

In die studie is daar gebruik gemaak van die nie-waarskynlike steekproef wat bestaan het uit respondente van wie die navorser dit maklik gevind het om informasie te verkry en nie noodwendig omdat die respondente verteenwoordigend is van die studiepopulasie nie. (Vergelyk Whitley, 2002:394.) Met die gebruik van die nie-waarskynlike steekproef-metode het die navorser die gevalle versigtig gekies en die relevansie van die dogter was bepalend vir die insluiting by die steekproef al dan nie. (Vergelyk Neuman, 2000:196.)

Tydens die uitvoer van die navorsing het die navorser probleme ervaar om toegang tot die skole te verkry. Dit blyk dat die onderwerp van die navorsing 'n sensitiewe saak vir die skole kan wees. Alhoewel die navorser toestemming gevra het by vyf skole, het net een skool tot die navorsing ingewillig. Twee van die skole het beweer dat daar nog nooit fisieke geweld tussen die dogters was nie, terwyl nog twee skole nie hulle dogters daaraan wou blootstel om oor die insidente te praat nie. Slegs een skool was bereid om die navorsing toe te laat

en het erken dat fisieke geweld tussen hoërskooldogters ‘n algemene verskynsel is. Aangesien die skool die navorser kon voorsien van relevante informasie en baie divers is ten opsigte van etnisiteit en sosio-ekonomiese klas, het die navorser die steekproef vanuit die spesifieke skool getrek.

Die doelgerigte steekproef is tydens die selektering van respondente gebruik. So is respondente gekies omdat hulle sekere kenmerke getoon het wat vir die navorsing van belang was. (Vergelyk Strydom & Delport, 2005:328.) Kriteria waaraan die dogters moes voldoen voordat hulle vir die steekproef geselekteer is, kan in Hoofstuk een gevind word.

‘n Lys met die kriteria is aan die dogters by die skool uitgedeel. Tien meisies wat aan die kriteria voldoen het, was bereid om aan die navorsing deel te neem. Briewe met betrekking tot ingeligte toestemming is na hulle ouers of voogde gestuur, maar slegs sewe dogters het die vorms teruggebring. Twee van die dogters was bystanders en vyf van hulle was betrokke by ‘n insident van fisieke geweld met ‘n ander dogter.

Die navorser het met die twee bystanders onderhoude gevoer asook met drie van die betrokkenes. Die temas het na die vyfde dogter begin herhaal en het ook ooreengestem met die inligting wat by die skoolbeamptes verkry is. ‘n Punt van versadiging is dus bereik.

Die navorser het in totaal agt onderhoude tydens die data-insameling gevoer. Drie van die onderhoude is gevoer met skoolbeamptes, naamlik die skoolhoof, die dissiplinêre hoof en die voorligtingonderwyser. Die keuse van die skoolbeamptes het daaruit voortgespruit dat hulle die drie beamptes is wat hierdie tipe gevalle in die skool hanteer wanneer dit plaasvind. Wanneer ‘n insident van fisieke geweld onder die aandag van die skool gebring is, het een of meer van dié drie skoolbeamptes altyd die saak hanteer. Daarom het die

navorser gevoel dat hulle tydens die data-insameling relevante en bruikbare inligting kon voorsien.

### *3.2.2 Wyse van data-insameling*

Tydens die uitvoer van die navorsing is daar gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude sowel as waarneming as ‘n wyse van data-insameling. Semi-gestruktureerde onderhoude is ‘n wyse van data-insameling wat slegs ‘n riglyn volg en is daarop gemik om die onderwerpe te spesifiseer wat bespreek moet word (sien Hoofstuk een).

Die onderhoude van die navorsing het spesifieke vrae ingesluit, maar daar was nie ‘n volgorde waarin die vrae gevra is nie. (Vergelyk Greeff, 2005:296; Whitley, 2002:323.) Die semi-gestruktureerde onderhoude het dus die navorser voorsien van ‘n mate van struktuur en vir die respondente genoeg buigbaarheid gelaat om inligting weer te gee waaraan die navorser nie noodwendig gedink het nie. (Vergelyk Greeff, 2005:296.)

Tydens die onderhoudvoering van dié navorsing is daar gebruik gemaak van ‘n onderhoudriglyn, soos gevind word in Bylaag A. Die riglyn is nie rigied toegepas nie en die respondent is genoeg vryheid gegun om haar eie storie en sieninge weer te gee. Deur die inligting wat verkry is met die verloop van die onderhoudvoering, is opvolgvrae saamgestel wat tydens die onderhoudvoering aan elke respondent gestel is, om versadiging van inligting te bereik. Die opvolgvrae kan in Bylaag B gevind word. So is die ervaringe en sieninge van die respondente gebruik om die data-insameling te lei. Verder is ook gebruik gemaak van Greeff (2005:288-291) se riglyne aangaande onderhoudvoering om die navorser tydens die proses te lei.

### *3.2.3 Vertrouenswaardigheid van die studie*

Gedurende die studie is daar gebruik gemaak van Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:346-347) se riglyne aangaande die vertrouenswaardigheid van 'n kwalitatiewe studie:

- Die kredietwaardigheid van die studie is verhoog deur 'n skool te kies wat beskik oor die nodige respondente wat die betroubaarste en relevantste informasie aangaande die navorsingsprobleem kon voorsien. Die respondente is ook geselekteer deur middel van duidelike kriteria, sodat die respondente die navorser kon voorsien met die mees kredietwaardige informasie moontlik.
- Die oordraagbaarheid van die studie word versterk deurdat die navorser die databronne getrianguleer het. Onderhoude is gevoer met drie verskillende tipes respondente, naamlik die skoolbeamptes, bystanders en betrokkenes. Verder het die navorser die dogters tydens skoolure waargeneem, as 'n addisionele bron van data-insameling aangaande die probleem. So is informele gesprekke gevoer met diverse skoolbeamptes en is inligting versamel vanaf verskillende bronne, wat die oordraagbaarheid versterk.
- Die ooreenkomstigheid word versterk deurdat die navorser die bevindinge met reeds bestaande data vergelyk het. So is die verskille en ooreenkomste vasgestel en die nodige implikasies gepeil. Die navorser het opsommings van die onderhoude teruggegee aan die respondente om te verseker dat die navorser die inligting reg verstaan het. Laastens is daar van 'n kenner gebruik gemaak om die navorser tydens die data-analise te help om die proses so objektief moontlik te hou.

### 3.3 Data-analise

Die data in die navorsing is geanaliseer deur dit te organiseer in kategorieë wat gebaseer is op temas, konsepte of ooreenstemmende kenmerke. Die navorser se doel hiermee was om groot hoeveelhede data te organiseer tot ‘n koherente beeld wat bestaan het uit interverwante konsepte. (Vergelyk Neuman, 2000:419.)

Tydens die data-analise van die studie het die navorser nie gebruik gemaak van ‘n spesifieke metode van data-analise nie, maar wel van Neuman (2000:420-425) se riglyne in samehang met die van Creswell (in De Vos, 2005:334-339) om die data-analise te lei. Die navorser het ook van ‘n kenner gebruik gemaak om die gapings en tekortkominge van die riglyne aan te vul. In Hoofstuk een word die riglyne wat die navorser tydens die studie gebruik het, volledig bespreek.

Om akkurate data-analise te verseker, het die navorser tydens die onderhoud notas geneem en waarnemings gemaak. ‘n Video-opname van die onderhoud is ook gemaak om die navorser die geleentheid te gun om die informasie in diepte na te gaan. Tydens die onderhoude het die navorser aantekeninge gemaak van duidelike temas wat na vore kom. Nadat die onderhoude getranskribeer is, het die navorser hulle in diepte geanaliseer. Eers is gedagtes gekodeer met verskillende kodes op die getranskribeerde onderhoud, waarna die gedagtes in verskillende temas en subtemas gekategoriseer is. ‘n Voorbeeld van so ‘n onderhoud kan gevind word in Bylaag D.

Die onderhoude is herhaaldelik deurgelees en verskeie notas is in die proses gemaak om te verseker dat belangrike inligting nie oorgeslaan word nie. Laastens het die navorser ‘n breinkaart van elke geanaliseerde onderhoud geteken, wat die temas en subtemas wat na vore gekom het, uitbeeld. Daarna is die onderhoude met mekaar vergelyk om vas te stel wat die uitkoms van die

navorsing was. Die data wat verkry is tydens die dag van waarneming, is op soortgelyke metode geanaliseer.

## 3.4 Empiriese data

Die data wat vanuit die onderhoude verkry is, word hier bespreek. Dit is van belang om in ag te neem dat, hoewel die temas en subtemas afsonderlik bespreek word, hulle interafhanklik van mekaar is en mekaar wederkerig beïnvloed. (Vergelyk Summers & Tudor, 2001:2.) Die inhoud van die onderhoude moet nie gesien word as afsonderlike elemente nie, maar dat hulle in verhouding is met mekaar en saam 'n geheelbeeld vorm. (Vergelyk Blom, 2004:9.)

### *3.4.1 Beskrywing van respondente*

Die navorser het met drie skoolbeamptes onderhoude gevoer. Hierdie skoolbeamptes speel die hoofrol in die hantering van enige dissiplinêre stappe wat teen kinders geneem word, asook die hantering van probleme wat die gevegte motiveer. Verder in die hoofstuk word daar na hulle verwys as Skoolbeamptes een, twee en drie om sodoende hulle identiteit te beskerm. Tydens die waarnemingsproses by die betrokke skool is daar ook kort informele gesprekke gevoer met drie van die onderwysers. Na hulle word verwys as Skoolbeamptes vier, vyf en ses. Na die dogters word bloot verwys as "dogters", met 'n letter by elk om hulle van mekaar te onderskei.

Dogter A is in graad 11 en was 'n ooggetuie van ongeveer vier gevegte. Ander dogters het al gedreig om haar te slaan, maar daar was slegs verbale konflik, waarna die probleem opgelos is.

Dogter B is in graad 11 en het een insident beleef waar dogters geveg het. Sy was een maal betrokke by ‘n geveg, maar dit was met ‘n seun.

Dogter C is ook ‘n graad 11-dogter. Die respondent weet nie hoeveel keer sy al betrokke was by gevegte met ander dogters nie aangesien sy vanaf laerskool daarby betrokke was. Vanaf verlede jaar is die respondent nie meer so betrokke by gevegte nie.

Dogter D was betrokke by een geveg en is in graad 11.

Dogter E was twee keer betrokke by ‘n geveg met dogters tydens hoërskool en een maal op laerskool. Sy is in graad agt.

Met die gebruik van die term “geveg” verwys die navorser na ‘n geveg tussen dogters, tensy anders vermeld.

### *3.4.2 Skoolsamestelling*

Volgens Skoolbeampte een bestaan die skool uit drie ekonomiese groepe, naamlik die arm kinders uit ‘n minderbevoorregte stadsgebied waar die gesin en almal wat kan help betaal in een woonstel bly, kinders uit die normale informele nedersettings en die kinders uit gesofistikeerde informele nedersettings. Skoolbeampte twee verwys daarna dat indien ‘n streep in die middel getrek word waar dit aan die een kant ekonomies goed gaan en aan die ander kant minder goed gaan, die meeste kinders onder die streep van minder goed val. Skoolbeampte drie sien die skool se ekonomiese samestelling as divers, net soos Skoolbeampte een se siening dat die kinders uit verskillende ekonomiese agtergronde kom.

Uit die waarneming van die skoolkonteks het dit vir die navorser duidelik geword dat hoërskool X kultureel divers is met Kleurlingleerlinge in die minderheid,

gevolg deur Engels- en Afrikaanssprekende Blankes. Die oorgrote meerderheid van die skool is Nie-blankes. Skoolbeampte drie sluit hierby aan deur die multikulturele aspek van die skool te beklemtoon en te verwys na dieselfde kulturele groepe as wat die navorser geïdentifiseer het.

Alhoewel die akademiese taal Engels is, praat die kinders hoofsaaklik inheemse tale onder mekaar soos Xhosa of Sotho.

*3.4.3 Direkte redes vir gevegte tussen dogters*

Vervolgens word die redes bespreek wat die dogters direk motiveer om fisies aggressief teenoor mekaar op te tree.

<u>3.4.3.1 Skinder</u>

Van die vyf dogters en drie skoolbeamptes het al agt saamgestem dat skinder 'n rol speel in die aanvang van die gevegte. Dogter B sê byvoorbeeld: " . . . meeste van die tyd baklei die meisies omdat hulle so baie van skinder hou . . . meisies skinder oor alles . . . Dit is soos 'n virus." Skoolbeampte twee sluit met die volgende woorde hierby aan: " . . . veral by die kleurlingkinders, is skinder 98% die rede . . . nou uit die aard van die saak het die storie al stertjies gekry en dan gaan slaan sy haar." Skoolbeampte twee voel egter ook die rol van skinder sal afhang van die groep waarin die kind beweeg en sê: "Ek dink nie dit is by al die groepe skinder nie, by die Xhosagroep was dit van – ek hou nie van jou nie, jy staan my nie aan nie . . . ek weet nie of skinder daar so 'n groot rol speel nie." Dogter D sien skinder as slegs 'n gedeeltlike rede hoekom die dogters mekaar slaan.

Skoolbeampte twee voel ook dat skinder en jaloesie saamhang.

Volgens vyf van die agt respondente handel die skinderstories dikwels oor seuns. Sewe van die agt respondente voel ook die skindery is degraderend en persoonlik van aard en daarom raak die dogter handgemeen met die persoon wat die skinderstories begin het.

Volgens dogters A, B, C en E asook Skoolbeampte drie noem die dogters mekaar lelike name agter mekaar se rûe en dan kom die storie uit by die persoon wie beskinder word. Dogter C het verleë gelag toe die navorser haar uitvra oor wat die meisies van mekaar sê. Dogter C het gesê sy kan dit nie met die navorser deel nie, maar hulle sê lelike goed wat jy nie verwag meisies van mekaar sal sê nie.

Al drie dogters wat betrokke was by 'n geveg/te het daarna verwys dat hulle verneder voel deur die stories, omdat die stories onwaar is. Die medeleerlinge glo dan die stories. Deur die dogter te gaan konfronteer wat die stories versprei het, gee dikwels aanleiding tot 'n geveg. Dogter A het spesifiek gesê: " . . . dikwels is die skinderstories nie waar nie. Die dogter voel dan verneder, want die skoolkinders glo die stories. Dan slaan hulle mekaar."

Uit die bogenoemde inligting het dit vir die navorser duidelik geword dat skindery en beswaddering die meisies se gedrag teenoor mekaar beïnvloed. Later in die hoofstuk is groepvorming onder dogters bespreek, iets wat nou saamhang met beswaddering onder die dogters.

3.4.3.2 Sensitiwiteit

Tydens die onderhoud met Skoolbeampte een het die tema van sensitiwiteit na vore getree. Die skoolbeampte is van mening dat die dogters sensitief is. Die idee spruit daaruit voort dat die dogters dikwels net sê: "Sy kyk my lelik" as daar gevra word wat die rede vir die geveg was. Net 'n blote "lelike kyk" is dus genoeg rede vir die dogters om mekaar te slaan. Skoolbeampte een bring die

skindery in verband met die sensitiwiteit van die dogter deur die volgende te sê: “ . . . hulle trek hierdie vieslike boodskappe geweldig aan. ‘n Kind is sensitief en dieselfde maar ook met die kinders. Nou het hulle nog die aggressie ook saam met die sensitiwiteit en dit laat hulle onmiddellik reageer” (hierdie aggressie word vanaf huise gemodelleer en ontvang later in die hoofstuk meer aandag).

Alhoewel nog vier respondente voel die dogters raak handgemeen as gevolg van klein dingetjies soos ‘n “lelike kyk”, voel hulle dit is nie as gevolg van sensitiwiteit nie, maar bloot omdat die een dogter nie van die ander een hou nie. Dogter D het daarna verwys dat die kinders baklei oor eenvoudige goed, soos jy stamp ‘n meisie per ongeluk terwyl daar klasse gewissel word en dit alleen gee die dogter genoeg rede om te baklei. Enige klein dingetjie wat die dogter uitlok, gee hulle genoeg rede om by fisieke geweld betrokke te raak. Dogter D en Skoolbeampte twee stem ooreen dat by die Xhosagroep skinder nie ‘n faktor is nie. As die groep nie van iemand hou nie, is enige aksie genoeg rede om gewelddadig te raak.

Dogter A ondersteun Skoolbeampte een deur te verwys na die “vuil kyk” wat genoeg rede is vir ‘n dogter om aggressief te raak. Dogter A: “ . . . dan gee jy haar nie eers ‘n vuil kyk, sy dink net jy het haar ‘n vuil kyk gegee . . . ” Anders as Skoolbeampte een skryf Dogter A nie die geweld toe aan sensitiwiteit nie, maar aan die feit dat die dogter net nie van die ander party hou nie. Dogter A brei verder uit deur te sê dat skinderstories ook net gebruik word as ‘n rede om iemand te slaan omdat hulle nie van die dogter hou nie. Dan gaan dit nie daaroor dat die dogter verneder voel nie, maar dat die dogter enige rede sal gebruik om die ander party te slaan, bloot omdat sy nie van haar hou nie. Dogter E sluit hierby aan deur te sê: “Enige een kan my klap vir die eenvoudigste rede. Soos laas keer het een van die ander groep . . . ’n meisie geklap omdat sy te veel praat.” Dogter E het ook gesê een van die hoofredes waarom dogters fisies gewelddadig raak teenoor mekaar, is omdat hulle mekaar haat.

Dus speel sensitiwiteit of die feit dat die een dogter nie van die ander dogter hou nie, ‘n rol in die voorkoms van fisieke geweld tussen dogters. Alhoewel sensitiwiteit ‘n logiese verduideliking vir die dogters se gedrag kan wees, kom dit voor of die houding van die een party teenoor die ander ‘n groter invloed het.

3.4.3.3 Seuns/onderlinge verhoudinge

Al agt die respondente ondersteun seuns as ‘n motivering vir die dogters se aggressiewe gedrag. Dit is veral waar wanneer een dogter inmeng in ‘n ander dogter se verhouding met ‘n seun of wanneer twee dogters van dieselfde seun hou. Dogter C het dit as volg gestel: “Soos hier kom ‘n nuwe ou in die skool en ek like hom. Julle is twee vriendinne. Jy en die ou gaan vir so twee weke uit en hier begin jou vriendin hom te SMS en begin sleg praat van jou en so begin julle baklei.” Skinderstories speel dus hier ook ‘n rol en word verder bevestig deur Dogter A wat sê: “Sê nou hulle sê lelike goed van mekaar soos daardie een het saam met daardie een se man geslaap . . . dan baklei hulle daaroor.”

Al die respondente het saamgestem dat seuns ‘n rol speel in die voorkoms van fisieke geweld tussen dogters. Sewe van die respondente het dit daaraan toegeskryf dat die dogters inmeng in mekaar se romantiese verhoudinge terwyl vier van die respondente beweer het dogters kan ook baklei om die aandag van seuns op hulle te probeer vestig. Dogter D: “Hulle doen dit om cool te wees of om seuns te beïndruk.” Onderlinge verhoudings is dus ‘n faktor in die voorkoms van fisieke geweld tussen dogters.

3.4.3.4 Mag en aandag

Ses van die agt respondente het beweer dat mag en aandag dogters kan motiveer om by ‘n geveg betrokke te raak. Dogter E het misverstande, haat vir mekaar en mag uitgewys as die hoofredes waarom dogters veg. Volgens Dogter E wil die dogter wys sy is beter en sterker as iemand anders. Skoolbeampte

twee voel dogters slaan mekaar om te wys hulle kan: “Ek het mos gesê ek gaan haar slaan, nou slaan ek haar – kyk hoe slaan ek haar.” Skoolbeampte twee voel ook daar is dogters wat daarvan hou om ‘n skrikbewind onder die ander dogters te voer. Deur die skrikbewind te voer, toon die dogters hulle mag en vestig die aandag van ander leerders op hulle. Dogter A sluit hierby aan deur te sê: “ . . . wil wys hulle is beter as ander omdat hulle sterker is. Wil fisiese mag bewys of dat hulle sterk is en dat ander moet bang wees vir hulle.”

Dogter B sê die dogters baklei om aandag van die ouens af te kry of net van ander mense. Op die vraag waar die insidente plaas vind, was Dogter C se antwoord: “ . . . op die sportvelde – daar waar almal mos nou kan sien en daar waar hulle mos nou aandag kan kry.” Dogter D sê: “Meeste meisies wil cool wees, so hulle sal enige iets doen om cool te wees of om seuns te beïndruk, meeste van die tyd is dit alles oor seuns in die skool. So as jy ‘n geveg wen sal hulle jou sien as die cool meisie.”

Vir die navorser het dit duidelik geword vanuit die onderhoude dat mag en aandag die dogters van die nodige motivering vorsien om fisies aggressief op te tree. Dit het ook duidelik geword dat die twee faktore interverwant is aan mekaar en daarom ook saam bespreek is.

3.4.3.5 Temperatuur

Skoolbeampte twee was die enigste respondent van die agt wat daarna verwys het dat die gevegte gedurende die warm maande toeneem. Tydens die informele gesprekke wat met die onderwysers gevoer is, het Skoolbeamptes vier en ses die stelling ondersteun.

3.4.3.6 Aanhitsing

Skoolbeampte twee was die enigste respondent wat na aanhitsing verwys het as ‘n direkte rede vir die gevegte. Steeds vind die navorser dit van belang om dit as ‘n motivering te noem aangesien dit wel ondersteuning vind wanneer die reaksie van leerders en die groepe later in die hoofstuk bespreek word.

3.4.3.7 Diverse redes

Jaloesie as ‘n motivering vir fisieke geweld tussen dogters word slegs deur twee van die agt respondente ondersteun. Skoolbeampte twee is van mening dat mag, skindery en afguns die drie hoofredes is wat tot gevegte aanleiding gee, maar brei ook verder uit deur te sê dat skinder gepaard gaan met afguns. Dogter C gee jaloesie, skinder en seuns aan as die hoofredes waarom meisies baklei. Dogter C beskryf die rol van jaloesie as volg: “Soos ek het ‘n beste vriendin, maar hier kom ‘n nuwe maatjie in en hulle begin nou nader aan mekaar raak. Dan speel jaloesie af.”

Misverstande word slegs deur Dogter E en Skoolbeampte drie ondersteun. Skoolbeampte drie skryf dit toe aan die multikulturele omgewing van die skool. Selfverdediging ontvang steun slegs vanaf Dogter D. Die twee redes het min steun vanaf die respondente ontvang, maar word steeds in gedagte gehou aangesien ‘n geheelbeeld van die navorsingsprobleem gevorm wil word.

*3.4.4 Aanvang/beskrywing van geveg*

Skoolbeampte twee: “Ek dink dit het ‘n geweldige lang aanloop, maar dit gebeur verskriklik vinnig. Dit is asof die geringste dingetjie dit ‘spark’, dan is dit oombliklike fisiese geweld.” Skoolbeampte drie ondersteun die stelling en skryf dit daaraan toe dat dogters nie hulle emosies kan beheer nie, terwyl Skoolbeampte twee dit toeskryf aan aanhitsing of dat die emosies opgebou kan

wees, wat maak dat die dogter so sterk reageer. Respondent B sê weer: “Wanneer jy nie dink nie, dit is wat maak dat kinders baklei.” Dié stelling dui weer op impulsiwiteit.

Die drie dogters wat betrokke was by gevegte, het ‘n kort beskrywing gegee van hoe die geveg/te begin het. Die beskrywings stem grootliks ooreen. Daar is eers die probleem (meestal skinder) wat spanning tussen die twee partye veroorsaak. Die party van wie geskinder word, gaan konfronteer die ander dogter – met ‘n aggressiewe houding. ‘n Woordewisseling ontstaan, die spanning raak te veel, een van die partye verloor haar humeur en raak handgemeen en so begin die geveg.

Dogter C het haar gevegte in die algemeen as volg beskryf:

“. . . op die einde van die dag kom die storie by jou uit en jy los dit nie net so nie. Ek gaan reguit na jou toe en sê: ’Sorry Chic, ek hoor dit en dit en dit. Ek vra jou mooi as jy met daardie houding begin, kom ek ook met my houding . . .’ Dan begin julle afstry en dan is dit ‘n gestotery. Na die tyd kan jy dit nie meer vat nie dan begin julle mekaar slaan.”

Dogter C se uiteensetting word ondersteun deur beide respondent D en E. Dogter D voel die houding waarmee die een party die ander gaan konfronteer, is te aggressief. Die respondent is van mening dat die dogter die ander party rustig moet benader om die probleem uit te praat, maar as gevolg van haar houding word sy dan geklap.

Die probleem (meestal skinder) veroorsaak spanning tussen die twee dogters en dit lei tot konfrontasie tussen die twee partye. As gevolg van die aggressiewe houding van een of albei partye word die spanning verder verhoog en dit lei tot die geveg.

### *3.4.5 Houding en reaksie van leerders en aanvaarbaarheid*

Die volgende vier punte wat bespreek word, oorvleuel grootliks, maar word steeds apart bespreek om ‘n duidelike beeld te vorm van al die rolspelers tydens die geveg.

#### 3.4.5.1 Aanvaarbaarheid van fisieke geweld tussen dogters

Al vyf die dogters se persoonlike siening is dat fisieke geweld tussen dogters onaanvaarbaar is. Skoolbeampte twee verwys ook daarna dat die leerlinge dit nie goedkeur nie, maar dit sal afhang van die groep waarin die kind beweeg. As die dogter aan ‘n groep behoort wat dit goedpraat en waarin dit nodig is om jou mag te bewys, is dit meer aanvaarbaar. Skoolbeampte twee sê ook dat al keur die leerders die gevegte af, steun hulle tog die geveg deur te skree, te gil en hande te klap.

Dogter B voel persoonlik gevegte is onaanvaarbaar, maar sê ook daar is ander leerders wat nie omgee nie – “dit is maar net ‘n geveg.” Volgens Dogter B voel die meerderheid dat gevegte onaanvaarbaar is, en ‘n klein groepie dink dit is aanvaarbaar. Dogter B brei verder uit op haar persoonlike seining deur te sê dat gevegte soms meer aanvaarbaar is, soos as iemand met die ander party se gevoelens speel. Dit gee steeds nie die dogter ‘n verskoning om te veg nie, maar maak dit meer aanvaarbaar.

Dogter C sê gevegte is nie altyd aanvaarbaar nie, maar leerders hou daarvan as ‘n geveg plaasvind. Persoonlik voel Dogter C dat om te veg nie lekker is nie, maar dit sal afhang wat die persoon aan jou doen: “ . . . dit hang af wat die persoon aan jou gedoen het, of wat die persoon vir jou gesê het. Dan sal jou houding verander teenoor dit.” Dogter C is ook van mening dat almal in die skool daarvan hou as meisies baklei, “want dit is vir hulle groot sports om te sien die een het vir die een geslaan.”

Dogter A, E en D keur gevegte glad nie goed nie, maar Dogter D sê ook dat ander leerlinge dit "cool" vind om te veg.

Uit die informasie verkry vanuit die onderhoude, wil dit voorkom of fisieke geweld tussen dogters onaanvaarbaar gevind word. Daar is egter sekere faktore wat dit meer aanvaarbaar laat voorkom. Die leerlinge ervaar ook die gevegte as opwindend, al is dit nie vir hulle aanvaarbaar nie. Die stelling word ondersteun deur die volgende punt wat aandag ontvang.

3.4.5.2 Reaksie van omstanders

Al drie die skoolbeamptes het ooreengestem dat die omstanders eerder die geveg sal aanmoedig as om die geveg te probeer stop. As 'n leerder wel die geveg probeer stop, is dit gewoonlik 'n lid van die studenteraad. Skoolbeampte twee: "As daar 100 mense in die omgewing is, sal twee dalk probeer om hulle uitmekaar te trek en dan is dit gewoonlik iemand van die studenteraad."

Die vyf dogters ondersteun die skoolbeamptes. Vier van die dogters het gesê dat die meerderheid van die omstanders die geveg aanmoedig, maar dat hulle verhouding met die partye betrokke sal bepaal of hulle die geveg gaan probeer stop of nie. Dogter C: "Hulle skreeu en gaan aan en gee opmerkings. Hulle sal nie keer nie, hang af – as dit jou vriendin is wat geslaan word dan sal jy afkeer. As dit iemand is van wie jy nie hou nie sal jy stil staan en kyk." Een dogter het gesê dat alleenlik die onderwysers die geveg kan stop anders gaan die geveg aan vir ewig.

Uit vier van die vyf onderhoude met die kinders het dit duidelik geword dat alhoewel die meerderheid van die leerders die geveg aanmoedig, is daar 'n klein groepie wat geen aandag aan die geveg gee nie. Die individue sal egter nie die geveg probeer stop nie, maar die insident net ignoreer en verbystap.

Dogter D: “ . . . die kinders het geskree en die geveg aangemoedig. Niemand het die geveg gestop nie. Hulle het gedink dit is ’cool’ om die meisies te sien baklei . . . daar is individue wat nie gepla word deur die geveg nie . . . hulle sal weg loop . . . nie daar staan en aanmoedig nie . . . ”

Alhoewel die gevegte meer gesien word as onaanvaarbaar, moedig die omstanders die gevegte aan en is daar ‘n klein groepie wat die geveg sal probeer stop. Volgens Skoolbeampte twee “vlieg rasionaal by die ruit uit” op daardie oomblik en daar heers ‘n soort massa-histerie tussen die kinders.

3.4.5.3 Vriende se houding teenoor betrokkenes na die geveg

Vier van die dogters met wie onderhoude gevoer is, het gesê dat vriende se houding na ‘n geveg teenoor die betrokkens ondersteunend van aard is. Slegs Dogter E se vriende het in die begin “teen haar gedraai”, maar later het hulle haar tog ondersteun in dit wat sy gedoen het.

Dogters A, B, C en D voel vriende se houding teenoor die betrokkene sal afhang van wat hulle verhouding met beide die betrokkenes was. Die volgende uittreksels uit die onderhoude verduidelik die stelling.

Dogter A: “As jy iemand geslaan het van wie hulle nie gehou het nie sê hulle vir jou jy moet trots voel.”

Dogter B: “Dit hang af of hulle van jou hou of nie. As hulle van jou hou sal hulle jou ondersteun al is dit wat jy gedoen het verkeerd.”

Dogter C: “Hulle is normal, vra net of is ek ’okay’ en kalmeer my. Dit hang ook af of hulle van die ander meisie gehou het of nie.”

### 3.4.5.4 Houding van die twee betrokke partye teenoor mekaar na die geveg

Skoolbeampte twee en drie is van mening dat die twee partye nie van mekaar hou nie. Die skoolbeamptes vind dit ook moeilik om die twee dogters te laat verstaan dat beide van hulle die reg het om in die skool te wees en hulle eie opinies mag hê.

Dogters D en E het verwys dat elke party na die geveg hulle eie groep het wat hulle ondersteun en die dogters kan slegs een van die twee partye kies om te ondersteun. Respondent E stel dit as volg: " . . . want hulle het geweet as hulle by die oortreder staan dan staan hulle nie by my nie en as hulle by my staan dan staan hulle nie by die oortreder nie." Die interpretasie wat hieruit gemaak word, is dat die twee partye nie hulle vriende met die ander party wil deel nie, omrede daar vyandigheid tussen hulle heers.

Dogter B: "Hulle sal gewoonlik kwaad bly vir mekaar . . . Ek dink jy kan so iets vergeet, maar jy kan nie vergewe nie. Hulle sal moontlik vergeet van die geveg, maar persoonlik sal hulle mekaar nie kan vergewe nie."

Dogter C: "Dit sal so een tot twee maande vat . . . dan sal julle seker weer met mekaar praat. Jy vergewe hulle naderhand."

Die inligting dui daarop dat die partye betrokke by 'n geveg meestal kwaad bly vir mekaar vir 'n langdurige tyd en dat vergewing vir die vegters 'n groot stap is. Die afleiding word ondersteun deur Skoolbeampte twee wat verwys na 'n geval van twee dogters wat baklei het. Dié skoolbeampte het die situasie probeer beredder toe die een meisie vir die ander een sê: "I will get you in hell." Volgens die skoolbeampte is dit ook nie net die een geval waar die dogters so teenoor mekaar voel nie, maar is dit 'n algemene ding.

### *3.4.6 Faktore teenwoordig rondom fisieke geweld tussen dogters*

#### 3.4.6.1 Persoonlikheid van die dogters betrokke by gevegte

Al drie die dogters wat betrokke was by gevegte, het hulself beskryf as iemand met 'n sterk persoonlikheid en wat nie vir iemand anders terugstaan nie. Dogter E beskryf haarself as: " . . . praterig, snaaks en baserig . . . as jy iets leliks vir my gaan sê gaan ek dit terug sê, want ek wil nie hê mense moet dink ek staan terug nie. Ek is so 'n persoon – as jy aan my raak sal ek terug aan jou raak."

Dogter D beskryf haarself as 'n "fun" persoon wat uitgesproke is. Sy het egter nooit gedink sy sal veg nie, maar sy sê ook: "Somtyds as jy kwaad is kan jy jouself net nie beheer nie, jy wil net die persoon slaan." Dogter C sê die volgende oor haarself: "Ek is baie gewild, ek is baie rof . . . steek nou nie met messe of so nie, maar ek vloek en skel . . . ek het nie baie geduld nie. As iemand net vir my iets verkeerd sê dan 'jump' ek."

Uit bogenoemde is dit duidelik dat al drie dogters nie sal terugstaan indien hulle verbaal of fisies aangeval word nie. Hulle drie sal hulself verdedig as dit van hulle verwag word, of dit aanvaarbaar is of nie.

Skoolbeampte twee ondersteun bogenoemde deur te sê dat die partye betrokke in die gevegte gewoonlik dogters met sterk persoonlikhede is. "Dit is nie noodwendig die kinders met groot monde nie, maar sy maak 'n standpunt en sal nie stil bly nie en omdat sy nie stil bly nie ontstaan daar 'n geveg."

Volgens Skoolbeampte twee is die harde bakleiers nie die kinders wat afgeknou word nie. Harde bakleiers is die dogters wat vir hulself opstaan en die partye sal gaan konfronteer wat hulle te na kom.

#### 3.4.6.2 Frekwensie en ouderdom

Al agt die respondente sien fisieke geweld as iets wat algemeen voorkom in hoërskool X, maar vier van hulle sien dit nie as ‘n werklike probleem nie. Alhoewel die vier respondente nie fisiese geweld as ‘n groot probleem sien nie, voel hulle dat die moontlikheid bestaan dat dit kan toeneem in ernstigheid en frekwensie indien dit nie aangespreek word nie.

Dogter E en Skoolbeampte vier is van mening dat daar wel ‘n probleem is ten opsigte van fisieke geweld onder die dogters. Dogters A en C sowel as Skoolbeampte een beskryf nie die voorkoms van fisieke geweld tussen dogters as ‘n probleem nie, maar stem ooreen dat die tipe insidente op ‘n gereelde basis plaasvind.

Skoolbeampte een: “Daar vind daagliks verskillende grade van insidente plaas.”

Dogters A: “Dit gebeur gereeld – dikwels – vandat ek in die skool gekom het gebeur dit.”

Tydens die waarneming het die navorser met verskeie onderwysers gepraat en dit kom voor of elke onderwyser van ‘n geval weet waarvan die ander onderwysers nie weet nie. Dieselfde het voorgekom tydens die onderhoudvoering waar elke respondent na ‘n ander geval verwys het as die vorige een en die skoolbeamptes nie bewus was van die gevalle nie. Dit impliseer dat die skool nie ‘n betroubare rekord het van al die gevalle wat plaasgevind het nie, aangesien nie al die gevalle noodwendig aangemeld word nie. Skoolbeampte drie steun die implikasie deur daarna te verwys dat die studenteraad van die gevegte onderdruk en dat dit sodoende nie altyd aangemeld word nie. Vier van die agt respondente voel dat alhoewel die tipe insidente steeds voorkom, daar die afgelope jaar ‘n afname is in die voorkoms

van fisieke geweld tussen die dogters. Skoolbeampte twee skryf dit toe aan die aanstelling van ‘n dissiplinêre hoof wat al hierdie tipe insidente individueel hanteer.

Fisieke geweld onder die dogters is ook meer algemeen by die jonger kinders – graad agts en graad neges – volgens Skoolbeamptes een en twee. Dogter C was ook meer betrokke by gevegte toe sy jonger was: “Ek voel nou ek raak groot en nog bakleiery met meisies en hare trek is nie meer vir my nie.” Skoolbeampte twee verwys na twee dogters wat eers baie betrokke was by gevegte en vanaf graad 11 begin kalmeer het: “. . . maar sy het dit vroeër jare vir omtrent twee jaar gedoen toe word sy groot en stel nie meer belang nie.” Tydens waarneming het Skoolbeampte vier, vyf en ses ook te kenne gegee dat die graad agts en neges die moeilike klasse is. Dogter E, wat self in graad agt is, het na haar graad as die moeilikheidmakers verwys.

<u>3.4.6.3 Plekke waar insidente plaasvind</u>

Op die navorser se vraag waar die insidente plaasvind, was die respons as volg:

- Klaskamers

Ses van die agt respondente het die klaskamers uitgewys as ‘n plek waar meisies sal begin veg.

- Sportveld

Vyf van die agt respondente het ooreengestem dat die gevegte op die sportgronde plaasvind.

- Badkamers

Vyf van die agt respondente het na die badkamers verwys, alhoewel Dogter C gesê het dat dit nie so baie in die badkamers plaasvind nie, want daar

gaan hulle nie so baie aandag kry soos op die sportgronde nie. Skoolbeampte twee sê dat dit eerder afdreiging is wat in die badkamers plaasvind as gevegte.

- Snoepie

Vier van die agt respondente het ooreengestem dat van die gevegte hier plaasvind.

- Bushalte

Slegs die drie skoolbeamptes het na die bushalte verwys as 'n probleemarea en dan was dit gewoonlik seuns wat in die gevegte betrokke was. Dogters dreig net om mekaar by die bushaltes te kry, volgens Skoolbeampte twee en drie.

- Tydens die wissel van klasse

Drie van die respondente het na gevegte verwys wat plaasvind tydens die wissel van klasse, maar die gevegte is geneig om nie ernstig van aard te wees nie.

Twee respondente is van mening dat die gevegte plaasvind daar waar die onderwysers nie is nie. Dit kontrasteer egter met die feit dat klaskamers die meeste steun ontvang het as 'n plek waar die gevegte plaasvind. Skoolbeampte twee sê ook: " . . . baklei orals, in die klas en op die sportsgronde – oop en bloot – hulle is nie skaam nie."

<u>3.4.6.4 Wyse waarop geveg plaasvind</u>

- Gebruik van voorwerpe

Respondent D het daarna verwys dat die dogters enige voorwerp wat byderhand is, sal gebruik om mee te veg. Die stelling word deur vyf ander respondente ondersteun. Daar is tydens die onderhoudvoering met die

respondente na vyf verskillende gevegte verwys wat die gebruik van ‘n voorwerp tydens die geveg ingesluit het. ‘n Hokkiestok is in twee gevegte gebruik, daar is een maal verwys na ‘n stoel en een maal na ‘n insident waar die een dogter die ander een met ‘n steen gegooi het. Respondent D het verwys na ‘n insident na skool waar die Xhosagroep ‘n dogter met ‘n bottel gedreig het. Die gebruik van voorwerpe kan voorkom tydens insidente van fisieke geweld tussen die dogters.

- Gebruik van liggaamsdele

Basies bestaan die geveg uit ‘n gestamp en haretrekkery. Vier van die respondente verwys na die gebruik van die plathand en drie na die gebruik van die vuis. Twee respondente verwys daarna dat meisies mekaar skop of byt.

Die gevegte kan dus wissel van ernstig waar voorwerpe gebruik word, tot minder ernstig waar hulle mekaar se hare trek.

#### 3.4.6.5 Groepselement

Sewe van die agt respondente het verwys na ‘n groepselement wat teenwoordig is by die dogters. Skoolbeamptes vier, vyf en ses ondersteun die teenwoordigheid van die groepselement.

Die teenwoordigheid van die Xhosagroep word ondersteun deur drie van die respondente asook deur Skoolbeamptes vier en vyf met wie informele gesprekke gevoer is. Volgens Dogter D het die groep gespesialiseer in gevegte, maar verwys ook daarna dat die meeste van hulle nou weg is – dit kan ‘n faktor wees waarom daar minder gevegte plaasvind (sien punt 3.4.6.2). Dogter D: “Laasjaar was hier die Xhosagroep, hulle was my vriende. Hulle het vir my gesê as iemand probeer om my te slaan moet ek na hulle gaan.” Skoolbeampte twee sê die volgende in verband met die Xhosagroep: “Ons het

almal van die Xhosagroep gepraat . . . hulle het so half ‘n skrikbewind gevoer teen almal wat nie Xhosa was nie, maar dit was nie rasgeorïenteerd nie – dit was groepsgeorïenteerd.”

Skoolbeampte twee, drie, vier en ses is almal van mening dat ‘n sterk groepselement bestaan onder die kleurlinge omrede hulle so min in die skool is.

Ses van die agt respondente sê dat die dogters in groepe beweeg en indien daar ‘n probleem ontstaan tussen twee lede van verskillende groepe sal daar ‘n negatiewe atmosfeer tussen die groepe wees. Vyf van die respondente is ook van mening dat indien twee individue uit verskillende groepe baklei, elke individu haar ondersteuners sal saamvat as sy die ander dogter wil gaan slaan. Slegs een van die vyf respondente sê dat die ander lede van die groepe ook fisies sal baklei terwyl die ander vier sê die groepslede sal net ondersteuning bied en aanmoedig.

Skoolbeampte een: “Kinders vorm groepe. As iemand ‘n probleem het met iemand in ‘n ander groep dan is die twee groepe teen mekaar.” Volgens Skoolbeampte een is die groepe dinamies en kan hulle verander, maar die leerlinge van die skool is groepsgebonde. Alhoewel dit die heeltyd een groep is wat saam beweeg, kan daar ook gevegte binne die groep plaasvind.

Vyf respondente verwys daarna dat die individue in dieselfde groep ook onder mekaar kan baklei. Al vyf skryf ook die bakleiery in die groep toe aan skindery. Dogter A het in die verband gesê: “Meisies in dieselfde groep praat ook van mekaar en dan vind hulle daarvan uit – hulle is vriende maar dan skinder hulle agter mekaar se rug – dit maak ook dat die meisies baklei.” Die geskinder in die groep maak dan dat die groep in twee opdeel. Elke individu het haar spannetjie ter ondersteuning. Die twee groepe, wat eers een was, is dan teen mekaar en sal die gevegte tussen die twee betrokkens ondersteun.

### *3.4.7 Dissiplinêre stappe*

Dogter C is van mening dat die skool insidente van fisieke geweld tussen die dogters baie streng hanteer. Dogter B en Skoolbeampte twee sê die hantering van die saak sal afhang van die ernstigheid van die geveg.

- Debietstelsel

  Vyf van die respondente het verwys na die debietstelsel waarvan drie respondente voel dis 'n effektiewe manier om die saak te hanteer. As die debiete volgens Dogter C 'n sekere vlak oorskry, kan die leerling geskors word of gemeenskapsdiens op die skoolgronde doen.

- Dreigemente

  Vier respondente het daarna verwys dat dreigemente gebruik word as 'n metode om die insidente te hanteer. Alhoewel Skoolbeampte twee voel hulle dreig die leerders met sinnelose goed, is twee van die leerders van mening dat dit effektief is en die ander respondent sê die effektiwiteit van die dreigemente sal afhang van wie die leerder is op wie dit toegepas word.

- Waarskuwings

  Drie respondente het gesê dat afhangende van die ernstigheid van die geveg, hulle miskien 'n eerste waarskuwing kan kry.

- Ouers inroep

  Vier respondente verwys daarna dat die dogter se ouers ingeroep kan word. Afhangende van die ernstigheid van die geveg sal die ouers ingeroep word of slegs telefonies in kennis gestel word.

- Skors

  Die stap word slegs in ekstreme gevalle aangewend en word deur drie respondente ondersteun.

Die dissiplinêre stappe sal dus afhang van die ernstigheid van die geveg en word oor die algemeen as effektief ervaar.

### *3.4.8 Agtergrond en kultuur van die dogter*

#### 3.4.8.1 Huislike omstandighede en agtergrond van die dogter

Ses van die agt respondente stem ooreen dat die dogter se huislike omstandighede ‘n rol speel in die manier waarop sy konflik hanteer.

Dogter D sê as jy grootgeword het in ‘n gewelddadige gemeenskap, sal jy self ook gewelddadig wees aangesien jy blootgestel word aan aggressiewe rolmodelle. Dogter C beskryf haarself as rof en gee die volgende rede daarvoor: “Ons kom uit die Kaap en daar is dit mos baie rof. Dit is seker maar so aangeleer.”

Die drie skoolbeamptes stem ooreen dat die meeste kinders in hoërskool X grootword in huise met min struktuur en toesig, waar geweld ondersteun word. Die kind kom uit ‘n omgewing waar sy sien dat ‘n mens iets met geweld kan regkry en bring dit dan saam skool toe.

Skoolbeampte een en twee verwys daarna dat die kind moet leer om te oorleef in ‘n omgewing waar daar geveg moet word vir ‘n plekkie en vir oorlewing.

Skoolbeampte twee sê dat die omgewing waarin die kind grootword, die blootstelling aan geweld en die gebrek aan ondersteuning, saam met die normale adolessente emosies daartoe kan aanleiding gee dat die dogter met aggressie reageer as sy probleme moet hanteer.

### 3.4.8.2 Aanvaarbaarheid

Skoolbeampte een: "Die feit dat dit 'n vrou is wat geweld pleeg pla hulle nie. Die meisies word nie sag en vroulik by die huis behandel nie." Met ander woorde dit is aanvaarbaar vir die dogters om gewelddadig op te tree, aangesien dit is hoe hulle by die huis behandel word. Skoolbeampte vyf het ook vertel dat van die dogters in die klas gesê het hulle is moeg daarvoor om by die huis deur die mans sleg behandel te word en daarom reageer hulle so sterk. Dogter een het vertel dat sy gereeld sien hoe meisies en seuns baklei in die gebied waar sy bly en Dogter B is geslaan deur 'n seun net buite die skoolgrond.

Dit wil voorkom of die meisies nie in hulle gemeenskap met respek behandel word nie en daarom begin om vir hulleself op te staan as hulle gekonfronteer word.

### 3.4.8.3 Kultuurgaping tussen onderwysers en leerders

Al drie die skoolbeamptes stem saam dat daar 'n kommunikasiegaping is tussen die leerders van die skool en die onderwysers. Die onderwysers verstaan nie die agtergrond waaruit die kind kom nie en kan daarom nie die probleme reg hanteer nie. Die navorser het ook tydens die waarneming opgemerk dat die meeste onderwysers Afrikaanssprekend is en die leerders baie divers is in die opsig. Dit kan ook aanleiding daartoe gee dat misverstande tussen leerder en onderwyser ontstaan.

### 3.4.8.4 Media

Die media of massakommunikasie speel ook 'n rol volgens drie van die agt respondente.

### 3.5 Samevatting

In Hoofstuk drie is daar terugverwys na die navorsingsmetodologie wat in Hoofstuk een aandag ontvang het. Daarna is die empiriese data wat tydens die navorsing verkry is, weergegee.

In Hoofstuk vier word die empiriese data vergelyk met reeds bestaande literatuur nadat gevolgtrekkings uit die empiriese data gemaak is. Moontlike verduidelikings aangaande die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters ontvang ook aandag in Hoofstuk vier.

## HOOFSTUK 4

## LITERATUURKONTROLE

### 4.1 Inleiding

In Hoofstuk vier word kortliks aandag geskenk aan die teoretiese raamwerk van die studie vir hernude begrip rakende die manier waarop die navorser se studie daardeur gelei is en die manier waarop die navorser sin gemaak het uit die empiriese data. Daarna word die empiriese data beskryf na aanleiding van reeds bestaande literatuur.

### 4.2 Teoretiese raamwerk

Tydens die literatuurstudie het dit onder die aandag van die navorser gekom dat daar nie slegs ‘n enkele oorsaak is vir die geweld tussen die adolessente dogters in die skoolsisteem nie. Chisholm en Ward (2005:59) sluit hierby aan deur te skryf dat gewelddadige gedrag die beste verstaan word as die resultaat van meervoudige interverwante gebeure sowel as omstandighede. Die bogenoemde stelling sluit aan by die Gestalt-konsepte van holisme en die veldteorie waarvan die navorser tydens die studie gebruik gemaak het.

Holisme impliseer dat ‘n entiteit as ‘n geheel bestaan. Alhoewel die entiteit uit diverse komponente bestaan, kan die komponente nie van mekaar geskei word nie. (Vergelyk Blom, 2004:10.) So word die dogter gesien as ‘n geheel waar die diverse komponente insluit die dogter se liggaam, emosies en spirituele aspekte, asook taal, denke en gedrag. (Vergelyk Blom, 2004:10.) Aangesien die dogter as ‘n geheel funksioneer, kan sy nie apart gesien word van haar veld nie (sien Hoofstuk 2). Die veldteorie impliseer dat alles in die veld ‘n invloed het op die

betrokke dogter en haar gedrag. Soos reeds genoem (in Hoofstuk 2) word die dogter se gedrag nie alleenlik beïnvloed deur die aspekte van haar veld nie, maar ook deur die verhouding waarin die aspekte van die veld tot mekaar staan. (Vergelyk Yontef, 1993:2.)

Berkowitz (1997:187) is van mening dat mense se aksies 'n resultaat van hulle keuses is en dat die keuses bewustelik of onbewustelik gemaak word. Berkowitz (1997:190-191) brei egter uit en skryf dat 'n persoon se keuse om gewelddadig op te tree beïnvloed kan word deur die faktore wat in sy onmiddellike omgewing teenwoordig is. Die faktore kan veroorsaak dat die persoon "impulsief" optree omrede hy nie die langtermyngevolge van sy gedrag op daardie tydstip besef nie. Die Gestalt-konsepte van keuses en verantwoordelikheid (Hoofstuk 2) ontvang dus steun vanaf Berkowitz. Die konsepte is van belang aangesien die navorser die faktore in die dogter se veld moet identifiseer wat moontlik haar keuses om aggressief op te tree, kan beïnvloed. So kan daar dan moontlike aanbevelings gemaak word om die faktore op positiewe wyses aan te spreek.

Wanneer gekyk word na verduidelikings sowel as gevolgtrekkings aangaande die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem, is dit belangrik om die bogenoemde konsepte in berekening te hou. So kan die leser se persepsie van die data gelei word om 'n geheelbeeld aangaande die probleem te vorm.

## 4.3 Literatuurkontrole

In hierdie afdeling van die hoofstuk word die temas en subtemas soos verkry vanuit die empiriese data, aan die hand van reeds bestaande literatuur bespreek.

### *4.3.1 Skoolsamestelling*

Die skool waar die navorsing uitgevoer is, is baie divers op ekonomiese, kulturele en taalgebied. Hierdie diversiteit kan opsigself bydra tot probleme onder die leerders, as gevolg van misverstande wat spruit uit elke leerder se unieke agtergrond. Die unieke agtergrond van die leerder kan bots met beide die agtergrond van 'n ander leerder of selfs met dit wat in die skolastiese kultuur van die leerder verwag word. Sodoende word 'n klimaat van misverstande en konflik geskep.

Flores (2005:81) ondersteun bogenoemde deur te skryf dat die diversiteit van kulture tussen die huis, gemeenskap en skool die risiko kan verhoog dat die kind by anti-sosiale gedrag betrokke kan raak en bemoeilik die implementering van effektiewe intervensieprogramme rakende skoolgeweld. Gasa (2006:7) sluit hierby aan deur te verwys na gevalle waar leerders van verskillende kulture dieselfde skole bywoon. Die leerders word in skole geplaas saam met ander leerders en onderwysers wat anders lyk, optree en praat as hulle en so kan kulturele misverstande tussen hulle verwag word. Gasa (2006:7) brei uit deur te skryf dat die misverstande kan lei tot konflik en vyandigheid aangesien mense geneig is om verdedigend en selfs aggressief te reageer teenoor mense wat verskil ten opsigte van fisieke karaktereienskappe.

Die kultuurgaping tussen die onderwyser en leerder word later in die hoofstuk bespreek en hou spesifiek verband met die verskillende agtergronde waaruit die leerder en onderwysers kom.

### *4.3.2 Direkte redes vir gevegte tussen dogters*

Tydens die bespreking van direkte redes vir die dogters se fisieke aggressiewe gedrag moet die dogter se huislike omstandighede en agtergrond in gedagte gehou word, aangesien dit grootliks bepaal hoe die dogter konflik hanteer.

(Vergelyk Eron, Guerra & Huesmann, 1997:141.) Dié aspek van die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters word later in die hoofstuk in meer diepte bespreek.

4.3.2.1 Skinder

Die navorsingsresultate van die studie het getoon dat skinder 'n betekenisvolle rol speel in die voorkoms van fisieke geweld tussen die adolessente dogters in die skoolsisteem. Die skinderstories is gewoonlik degraderend van aard en kan die noem van lelike name insluit. Die dogter van wie geskinder word, voel persoonlik aangeval en konfronteer die persoon wat die stories begin het. Dit lei tot die aanvang van die geveg.

Vanuit reeds bestaande navorsing word dit duidelik dat dogters meer by nie-fisieke aggressie betrokke raak as by fisieke aggressie (sien Hoofstuk 1). Die nie-fisieke aggressie sluit in die verspreiding van skinderstories wat ander benadeel. (Vergelyk DeFour, 2005:86; Gasa, 2006:15-16.) Vanuit die navorsing het dit duidelik geword dat nie-fisieke aggressie aanleiding kan gee tot geweld tussen dogters. Die navorser lei hieruit af dat alhoewel dogters meer geneig is om betrokke te raak by nie-fisieke aggressie, kan die nie-fisieke aggressie in sekere gevalle lei tot fisieke aggressiewe optrede. Tisdall (2003:147) staaf die afleiding deur te skryf dat meisies geneig is om fisies te reageer as hulle persoonlik aangeval word. Moeller (in Gasa, 2006:18) is van mening dat aggressiewe leerders aggressiewe gedrag gebruik as 'n wyse om ander leerders se skadelike gedrag teenoor hulle te termineer. Met ander woorde, indien 'n aggressiewe dogter voel dat 'n ander leerder se gedrag, wat kan insluit die verspreiding van skinderstories, haar benadeel, sal sy die gedrag probeer termineer deur aggressief teenoor die ander dogter op te tree. In hierdie navorsing is bevind dat die dogter skinderstories as afbrekend ervaar, wat aansluit by die bovermelde skrywers se menings en volgens die sosiaal-

kognitiewe leerbeskouing kan aggressiewe gedrag uitgelok word deur onaangename stimuli soos verkleinering (Meyer, 1997:367).

Ander aspekte wat in nou verband staan met skinder is jaloesie, verhoudings met seuns en groepvorming onder die dogters. Hierdie aspekte word later in die hoofstuk individueel bespreek.

4.3.2.2 Sensitiwiteit

Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat die dogter 'n eenvoudige aksie van die een party as genoeg rede sien om fisies aggressief teenoor haar op te tree. Sensitiwiteit is as 'n rede hiervoor aangevoer. Die meeste respondente was egter van mening dat die eenvoudige aksies bloot as 'n verskoning gebruik word om die ander persoon te slaan, omdat sy in elk geval nie van haar hou nie.

Ongeag die rede wat aangevoer word vir die dogter se gedrag, het dit duidelik geword vanuit die studie dat van die dogters aggressief reageer indien hulle blootgestel word aan eenvoudige aksies van ander dogters wat hulle as negatief beleef. Bemak en Keys (2005:15) het in die verband bevind dat leerders soms aggressief raak na min uitlokking en dat hulle soms vinnig is om te reageer. Die aggressie kan volgens die twee skrywers toegeskryf word aan impulsiwiteit of omdat die een leerder teenoor die ander leerder wil wraak neem oor 'n vroeëre misverstand tussen die twee partye (ondersteun bevinding dat dogters oorreageer omrede hulle nie van die ander party hou nie). Volgens Stevens (in Gasa, 2006:63) is aggressiewe en verwerpte leerders geneig om te oorreageer ten opsigte van ander leerders se gedrag wat hulle subjektief as uitlokking sien (ondersteun sensitiwiteit as motivering vir dogter se gedrag).

Indien literatuur aangaande adolessensie in die verband in ag geneem word, word dit duidelik dat die ontwikkelingsfase gekenmerk word deur wisselende emosies wat die adolessent kan ervaar. (Vergelyk Atwater, 1996:5; Thom, *et al.,*

1998:390; Heaven, 2001:3.) Soos die verskillende stressors van adolessensie na vore tree, ontwikkel adolessente nog die kapasiteit om hulle emosies te reguleer, wat weer daartoe bydra dat hulle dit moeilik vind om te reflekteer oor hulle gedrag en die gevolge daarvan (Seiffge-Krenke, 2004:368). Dit opsigself kan volgens die navorser daartoe bydra dat adolessente in sekere situasies oorreageer, aangesien die adolessent dit nog moeilik vind om die implikasies van hulle aksies te besef. Dit, tesame met Thom, *et al.* (1998:439) volgens wie 'n toename in woede by adolessente dogters geïdentifiseer word, kan 'n moontlike verklaring wees waarom die adolessente dogter sensitief is vir die aksies van ander en dat fisieke geweld in sekere situasies gebruik word.

4.3.2.3 Seuns/onderlinge verhoudinge

Seuns speel, volgens die resultate van die navorsing, 'n rol in die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Die motivering dat seuns vir die voorkoms van fisieke aggressie tussen die dogters verantwoordelik kan wees, kan tweeledig van aard wees, naamlik dat dogters in mekaar se verhoudinge inmeng of dat dogters mekaar slaan om die aandag van seuns op hulle te fokus.

In die verband verwys Flores (2005:76) in die algemeen na diverse redes wat aanleiding gee tot skoolgeweld, wat insluit die inmenging van dogters in ander dogters se romantiese verhoudinge. Die rede kan versterk word as die belangrikheid van romantiese verhoudings in die adolessente fases in ag geneem word. (Vergelyk Thom, *et al.,* 1998:461; Engels, Kerr & Stattin, 2007:1; Furman, Ho & Low, 2007:61.) Volgens die skrywers maak romantiese verhoudings 'n belangrike deel van die adolessente fase uit en dra die verhoudings by tot 'n gevoel van positiewe selfwaarde by die adolessente persoon. Alhoewel die belangrikheid van die romantiese verhouding vir die adolessent nie die betrokke navorsing in die opsig direk ondersteun nie, dra dit by tot 'n beter begrip ten opsigte van waarom sommige dogters aggressief kan

reageer as daar ingemeng word in hulle romantiese verhoudinge. Dit voorsien ook ‘n rede vir waarom dogters ‘n ander dogter sal slaan om die aandag van seuns te verkry.

4.3.2.4 Mag en aandag

Na aanleiding van die navorsing gebruik dogters fisieke geweld om hulle mag te bewys en aandag op hulle te fokus.

As daar in die algemeen na skoolgeweld gekyk word, word die resultate van die navorsing vanuit verskeie bronne gesteun. Bemak en Keys (2005:15) skryf dat leerders gewelddadig optree as gevolg van ‘n behoefte aan mag en respek. Bemak en Keys (2005:19) skryf ook dat leerders wat magteloos voel, wapens na die skool bring om so hulle gevoel van magteloosheid teen te werk. Tisdall (2003:146) se navorsing sluit hierby aan deur te toon dat dogters voel hulle moet gewelddadig wees ten einde sterk voor te kom, sodat hulle nie self konstante slagoffers van geweld word nie. Gasa (2006:6) verwys daarna dat leerders aggressief optree om hulle populariteit tussen hulle vriende te verhoog – veral in gevalle waar die leerder voel hulle word nie deur die portuurgroep aanvaar nie. Moeller (in Gasa, 2006:18) beweer ook dat leerders hulle aggressiewe gedrag gebruik om ander leerders te domineer en te beheer en dat die leerder trots is op hulle vermoë om ander seer te maak.

4.3.2.5 Temperatuur

Alhoewel verhoogde temperatuur as ‘n rede vir fisieke geweld onder die dogters aangevoer is, het dit nie vanaf die meerderheid van die respondente steun ontvang nie. Ten spyte daarvan het die navorser tydens die literatuurkontrole gevind dat verhoogde temperatuur wel in die algemeen lei tot verhoogde aggressievlakke (Berkowitz, 1997:193). Baron en Byrne (2003:11) skryf in die verband dat die fisiese omgewing ‘n persoon se gevoelens, denke en gedrag

beïnvloed. Dit sluit warm temperature in, wat daartoe lei dat ‘n persoon meer geïrriteerd en aggressief is. Baron en Byrne (2003:454) brei verder uit deur te skryf dat warm temperature aggressie verhoog, maar dat temperatuur bo ‘n sekere punt egter daartoe lei dat mense so ongemaklik en uitgeput voel dat hulle gevoelens van aggressie weer afneem.

4.3.2.6 Aanhitsing

Slegs een respondent het verwys na aanhitsing as ‘n direkte motivering vir fisieke geweld tussen die adolessente dogters. Aangesien hierdie rede nou saamhang met die omstanders se reaksie en portuurgroepinvloede, word dit later in die hoofstuk saam met hierdie twee onderwerpe bespreek om herhaling van inligting te voorkom.

4.3.2.7 Diverse redes

Jaloesie as ‘n rede vir die gevegte word slegs deur twee van die respondente ondersteun. Volgens een respondent hang jaloesie en skinder saam terwyl die ander respondent van mening is dat jaloesie begin afspeel as ‘n nuwe vriendin in die vriendekring probeer inbeweeg. Cheldelin (2006:279) sluit aan by die bevindinge van die navorsing deur te skryf dat jaloesie gesien word as die algemene rede waarom vrouens aggressief optree teenoor mekaar.

Misverstande word ook as ‘n rede vir die gevegte tussen dogters aangegee en word onder punt 4.3.1 asook punt 4.3.7.3 in diepte bespreek.

Selfverdediging as deel van die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem ontvang ondersteuning vanaf slegs een respondent. In die verband verwys verskeie bronne daarna dat leerders selfverdediging sien as ‘n aanvaarbare rede om fisies aggressief teen ander op te tree. (Vergelyk Bemak & Keys, 2005:12; Tisdall, 2003:147.)

### *4.3.3 Aanvang en beskrywing van die geveg*

Vanuit die betrokke navorsingsresultate het dit na vore gekom dat die gevegte tussen dogters gewoonlik ‘n lang aanloop het. Die bevinding word gesteun deur DeFour (2005:89), wat bevind het dat dogters se gevegte dikwels spruit uit diep gewortelde konflikte wat uit meervoudige fasette bestaan. Alhoewel die gevegte ‘n lang aanloop het, het die navorsing daarop gedui dat die gevegte vinnig gebeur en die geringste dingetjie tot die ontstaan van die geveg kan aanleiding gee. (Vergelyk Bemak & Keys, 2005:15.) Die aanname word verder ondersteun as daar gekyk word na sensitiwiteit as direkte motivering vir die geveg (sien punt 4.3.2.2).

‘n Probleem (meestal skindery) veroorsaak spanning tussen twee dogters en dit lei tot konfrontasie tussen die twee partye. As gevolg van die aggressiewe houding waarmee die een party die ander konfronteer, ontstaan die geveg. Baron en Byrne (2003:443) ondersteun die resultaat van die navorsing deur te skryf dat mense geneig is om met soveel aggressie te reageer as wat ‘n mens vanaf die ander persoon ontvang. So sal die dogter wat aan die ontvangkant van die aggressie is, waarskynlik ook met ‘n aggressiewe houding reageer. Geen (1995:394) sluit hierby aan deur te skryf dat ‘n persoon wel met aggressie kan reageer indien hulle uitgelok word, maar die persoon moet die uitlokking sien as opsetlik en kwaadwillig.

Die resultate van die studie word dus ondersteun deurdat die aggressiewe houding van die dogter daartoe lei dat die geveg begin. Die aggressiewe houding veroorsaak dat die ander dogter ook met ‘n aggressiewe houding optree, wat lei tot verhoogde spanning en ‘n klimaat skep waarbinne ‘n geveg kan plaasvind.

*4.3.4 Houding en reaksie van leerders en aanvaarbaarheid*

Die volgende vier punte wat bespreek word, oorvleuel grootliks. Daar word egter steeds individueel aan elke aspek aandag geskenk. Sodoende word 'n geheelbeeld geskep van die omliggende dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

4.3.4.1 Aanvaarbaarheid van fisieke geweld tussen dogters

Die navorsingsresultate van die betrokke studie dui daarop dat dogters oor die algemeen gevegte onaanvaarbaar vind, hoewel daar sekere faktore is wat fisieke geweld tussen die dogters meer aanvaarbaar maak. Die bevinding word gesteun deur Tisdall (2003:146) se navorsing wat daarop dui dat dogters hulle aggressiewe gedrag in 'n wyer konteks plaas om dit te regverdig. Die dogters in Tisdall (2003:146) se studie het aggressiewe gedrag ook as aanvaarbaar beskou wanneer dit gebruik word om hulle reputasie te beskerm. Bemak en Keys (2005:12) sluit hierby aan deur te skryf dat geweld as aanvaarbaar beskou word indien dit gebruik word om 'n persoon se sin van selfrespek en waardigheid te beskerm.

Aanvaarbaarheid van die geveg kan verder beïnvloed word deur die groep waarin die kind beweeg. Die bevinding van die betrokke navorsing word ondersteun deur Thom, *et al.* (1998:457), wat beweer dat konformiteit 'n kenmerk van adolessensie is. Konformiteit verwys na die neiging om toe te gee aan sosiale druk en in die geval aan die sosiale druk van die portuurgroep waaraan die dogter behoort. Al voel die dogter dus dat fisieke geweld onaanvaarbaar is, kan sy steeds van fisieke geweld gebruik maak indien sy aan 'n groep behoort wat fisieke geweld as aanvaarbaar sien. Die rede hiervoor is dat die dogter nie anders wil wees as die ander dogters in die groep nie. (Vergelyk Baron & Byrne, 2003:359-360.)

Die leerlinge ervaar ook die gevegte as opwindend, al is dit nie noodwendig vir hulle aanvaarbaar nie. Die stelling word verder in die volgende paragraaf bespreek.

4.3.4.2 Reaksie van omstanders

Vanuit die navorsing het dit duidelik geword dat die omstanders eerder die geveg sal aanmoedig as om dit te stop. Selfs al vind die omstanders fisieke geweld tussen adolessente dogters onaanvaarbaar, gee hulle ondersteuning aan die geveg deur dit aan te moedig. Die geveg sal selde deur die omstanders gestop word. Dikwels word die geveg gestop deur ‘n studenteraadslid of onderwysers. Of ‘n omstander die geveg stop, sal afhang daarvan of hulle van die party wat geslaan word hou of nie.

Le Bon (in Potgieter, 1997:84) verwys daarna dat ‘n individu se gedrag merkbaar kan verander wanneer hy deel van ‘n groep word. Die gedrag van ‘n groep normale rasionele individue kan onder sekere omstandighede ontaard in irrasionele, onverantwoordelike en onaanvaarbare optrede. So word die navorsingsresultate ondersteun dat al is fisieke geweld tussen die dogters onaanvaarbaar gee die omstander steeds hulle ondersteuning vir die geveg, aangesien mense in ‘n groep onaanvaarbaar kan optree. Die aansteeklikheidsteorie in Potgieter (1997:84) sluit by die stelling van Le Bon aan deur voor te stel dat ‘n gemoedstemming van een persoon na ‘n ander versprei deur suggestie en modellering. Omrede die persoon in ‘n groot groep anoniem voel, voel die persoon vry om homself op ‘n ongewone wyse te gedra. Volgens Potgieter (1997:84) vind daar dikwels ook diffusie van verantwoordelikheid in die groep mense plaas, wat lei tot ‘n gevoel van onkwesbaarheid en dit lei dikwels tot gevaarlike en onverantwoordelike gedrag. As gevolg van die verlies aan gevoel van verantwoordelikheid in ‘n groep mense, kan beter begryp word waarom min van die omstanders gedwonge voel om die geveg te stop.

4.3.4.3 Vriende se houding teenoor betrokkenes na die geveg

Die vriendekring van die dogter wat by die geveg betrokke was, se gedrag is meestal ondersteunend van aard afhangende van of hulle van die ander party gehou het of nie. Alhoewel geen direkte navorsing gevind is om die bevinding van die betrokke navorsing te staaf nie, kan die bevinding versterk word indien die adolessente se ontwikkelingsfase in ag geneem word. Tydens adolessensie speel die potruurgroep ‘n belangrike rol in die alledaagse lewe van die adolessent. (Vergelyk Heaven, 2001:28; Atwater, 1996:124; Thom, *et al.,* 1998:454.) Die adolessent is geneig om van sosiale konformiteit gebruik te maak wanneer hulle hulself met hulle portuur vergelyk (Atwater, 1996:124). Al vind ‘n dogter dit dus onaanvaarbaar om by fisieke geweld betrokke te raak, sal sy steeds haar steun verleen aan haar vriendin wat wel daarby betrokke was, as gevolg van sosiale konformiteit. (Vergelyk Thom, *et al.,* 1998:454; Baron & Byrne, 2003:359-360.)

4.3.4.4 Houding van die twee betrokke partye teenoor mekaar na die geveg

Die twee betrokke partye is geneig om nie na die tyd van mekaar te hou nie. Dit het uit die navorsing voortgespruit dat daar ‘n vyandigheid heers tussen die twee dogters wat geveg het. Die dogters vind dit dikwels ook moeilik om mekaar te vergewe en indien hulle mekaar vergewe, neem dit ‘n geruime tyd vir die dogters om tot die punt van vergewing te kom. Hierdie inligting sluit aan by wat DeFour (2005:89) sê, naamlik dat dogters se gevegte dikwels uit diep gewortelde konflik spruit. So kan verstaan word waarom die dogters nie van mekaar hou nie, aangesien die dogters reeds voor die geveg met mekaar ‘n probleem gehad het.

### *4.3.5 Faktore teenwoordig rondom fisieke geweld tussen dogters*

#### 4.3.5.1 Persoonlikheid van die dogters betrokke by gevegte

Uit die betrokke navorsingsresultate wil dit voorkom of die dogters wat by gevegte betrokke raak, sterk persoonlikhede het wat nie sal terugstaan as hulle verbaal of fisies aangeval word nie. Die dogters sal hulself verdedig as die omstandighede dit vereis, al is dit onaanvaarbaar om by fisieke geweld betrokke te raak. Die dogters is ook geneig om die persone te konfronteer wat hulle voel hulle te na gekom het.

Engels, *et al.* (2007:13) skryf dat aggressiewe jeug minder sosiale vaardighede het in hulle vriendskappe deurdat hulle meer direk is en met dwang teenoor hulle vriende optree. Die stelling stem ooreen met die persoonlikhede van die dogters wat by gevegte betrokke raak en ondersteun dus die bevindinge van die navorsing. Bemak en Keys (2005:12) sluit hierby aan deur te skryf dat sommige studente in hulle studie se siening is dat 'n mens vir jouself moet opstaan en dat mens "die ander kind moet kry voor hy jou kry". Die studente voel ook dat dit aanvaarbaar is om aggressief op te tree om hulle waardigheid te behou. So toon die outeurs ook aan dat studente wat vir hulself opstaan, dit as aanvaarbaar sien om geweld te gebruik om hulself te beskerm.

#### 4.3.5.2 Frekwensie en ouderdom

Vanuit die uitgevoerde navorsing het dit duidelik geword dat fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem gereeld voorkom, hoewel dit in die algemeen nie as 'n groot probleem gesien word nie. (Vergelyk DeFour, 2005:89; Schäfer en Korn, 2003:104.) Vanuit die onderhoude wil dit voorkom asof fisieke geweld tussen adolessente dogters afgeneem het in vergelyking met die vorige jare. Geen spesifieke rede kon hiervoor aangevoer word nie. Die bevinding word deur Gasa (2006:109) se navorsing rakende leerders se

aggressiewe gedrag ondersteun deurdat gevind is dat die situasie beter lyk as tevore. Volgens die navorsing is fisieke geweld meer algemeen tussen adolessente seuns as dogters. Verskeie ander bronne steun hierdie bevinding. (Vergelyk Smith, 2003:6; Steffgen & Russon, 2003:54; Atria & Spiel, 2003:90.) Die meerderheid van die respondente vrees egter dat fisieke geweld tussen die dogters kan toeneem as die probleem nie aangespreek word nie. Verskeie ander outeurs deel die vrees vir 'n moontlike sneeubaleffek met die respondente van die betrokke navorsing. (Vergelyk Bemak & Keys 2005:5; Denmark, *et al.,* 2005:2.)

Fisieke geweld tussen adolessente dogters kom meer voor onder die jonger adolessente dogters in graad agt en nege. (Vergelyk Atria & Spiel, 2003:90.) Bemak en Keys (2005:5) sluit by die bevinding van die navorsing aan en skryf dat graad agts, neges en tiens in die algemeen meer betrokke is by fisieke geweld. Huybregts, *et al*. (2003:37) het ook in die verband gevind dat ernstige gevegte 'n betekenisvol hoër voorkoms toon by eerstejaarleerders as by derde- en vierdejaarleerders. Smith (2003:6) het weer gevind dat slaggoffers van skoolgeweld afneem met ouderdom en oortreders van fisieke geweld toeneem vanaf middel na laat adolessensie.

<u>4.3.5.3 Plekke waar insidente plaasvind</u>

Volgens die betrokke navorsing is die vier plekke waar die insidente die meeste plaasvind in die klaskamers, op die sportvelde, in die badkamers en voor die snoepie.

Bemak en Keys (2005:11) sluit hierby aan deur te skryf dat sekere areas op die skoolgronde vermy word as gevolg van vrees om geviktimiseer te word. Die areas sluit volgens hierdie outeurs die badkamers en snoepie in. Flores (2005:76) verwys ook daarna dat gevegte tussen dogters in die badkamers kan plaasvind, veral wanneer die een dogter die intensie het om 'n ander een

ernstig te beseer. Gasa (2006:3) verwys daarna dat in meeste sekondêre skole die klaskamer op 'n daaglikse basis versteur word deur aggressiewe gedrag van leerders. Bemak en Keys (2005:10) skryf in die verband dat onderwysers huiwerig is om leerders se steurende gedrag in klaskamers aan te spreek, omrede hulle 'n mate van vrees vir die leerders het. Daarom vind gevegte soms in die klasse plaas.

Die skoolbeamptes in die studie meld dat bushaltes as 'n probleemarea beskou word. Die insidente by die bushaltes is egter meestal tussen seuns en die meisies dreig slegs om mekaar daar te kry met die oog op 'n geveg. Bemak en Keys (2005:3) skryf dat meeste van die aangemelde gevalle van skoolgeweld op busse plaasvind. Graad agt-leerlinge het ook aangemeld dat hulle verbaal geteister word deur die ouer leerlinge wanneer hulle gebruik maak van gemeenskaplike vervoer van en na die skool. (Vergelyk Bemak & Keys, 2005:12; Tisdall, 2003:141.)

Van die gevegte vind volgens die respondente ook plaas tydens klaswisselings. (Vergelyk Bemak & Keys, 2005:18.) DeFour (2005:89) se studie het bevind dat meisies veral in die gange vir hulle veiligheid vrees en dat die meisies gerapporteer het dat daar verskeie voorvalle van geweld in die gange van die skool plaasvind.

Ongedefinieerde publieke areas, wat in skoolverband die sportvelde kan insluit, word deur skooldogters vermy omrede daar 'n kans bestaan dat hulle in die gebiede geviktimiseer kan word (DeFour, 2005:89). Die gevegte vind plaas op enige plek op die skoolgronde en alhoewel hulle soms plekke verkies waar die onderwysers nie sigbaar is nie, sal die teenwoordigheid van 'n onderwyser hulle nie noodwendig daarvan weerhou om te begin veg nie. (Vergelyk Bemak & Keys, 2005:3.)

4.3.5.4 Wyses waarop gevegte plaasvind

- Gebruik van voorwerpe

Van die respondente verwys daarna dat meisies tydens gevegte van voorwerpe gebruik maak. Geen spesifieke voorwerp geniet voorkeur nie, maar enige voorwerp wat in die omtrek is, kan gebruik word om die ander party mee te beseer. Flores (2005:77) verwys daarna dat ouer adolessente tydens 'n geveg van dodelike wapens gebruik kan maak.

- Gebruik van liggaamsdele

Tydens die betrokke navorsing het dit na vore gekom dat meisies se gevegte meer bestaan uit bytery, stampery en haretrekkery, hoewel die vuiste en die plathand ook soms gebruik word. (Vergelyk Flores, 2005:77.) Daar is ook gemeld dat die dogters mekaar skop, alhoewel die minderheid van die respondente dit ondersteun het. Bemak en Keys (2005:4) ondersteun die bevinding grootliks deur te skryf dat een uit elke vyf leerders aan hulle gerapporteer het dat hulle tydens skooltyd gebyt, geskop of met 'n vuis geslaan is. Fineran, Bennet en Sacco (in Gasa 2006:2) sluit hierby aan deur te verwys na manlike leerders wat gerapporteer het dat hulle deur ander leerders geslaan, geklap of geskop is.

Schäfer en Korn (2003:101-104) verwys in die verband daarna dat seuns sowel as dogters by aggressiewe gedrag in die skool betrokke raak, wat insluit die gebruik van liggaamlike krag of voorwerpe om iemand mee te beseer, hoewel seuns meer hierby betrokke is as dogters.

4.3.5.5 Groepselement

Al die respondente behalwe een het verwys na 'n groepselement wat by die dogters teenwoordig is. Die navorser kon twee tipes groepe identifiseer, naamlik groepe met 'n tipiese bende-element wat veral by die Xhosa- en

Kleurlinggroepe voorkom, asook die normale vriendekring waar die dogters gedurig in mekaar se teenwoordigheid is. Beide groepe speel ‘n rol in die dinamika van fisieke geweld tussen die adolessente dogters. Die navorsingsbevindinge word gestaaf deur Battin-Pearson, Thornberry en Hawkins (in Maree 2003:65) se navorsing wat bevind het dat die assosiasie met ‘n bende of net met portuurgroepe wat wangedrag ondersteun, ‘n sterk aanduiding kan wees of ‘n individu betrokke by wangedrag sal raak of nie.

Die groepe met die bende-element “spesialiseer” in gevegte, veral die Xhosagroep. Die dogters in die Kleurlinggroep vorm ‘n nou band met mekaar, aangesien hulle min in die skool is. Die Xhosa- en Kleurlinggroepe sal hulle vriende beskerm wat te na gekom word, al sluit dit die gebruik van fisieke geweld in. In die verband skryf Gasa (2006:70) dat bendes ‘n element van beskerming bevat, wat daartoe lei dat hulle van geweld gebruik kan maak om mekaar te beskerm. Dit is nie ongewoon vir dogters om in die algemeen by bendes betrokke te raak nie (Maree, 2003:66-67), hoewel Klein en Maxson (in Tisdall, 2003:149) nie ‘n enkele groep dogters kon vind wat aan die aanvaarde kriteria van bendes voldoen nie. In die navorsing word die dogters nie as bendes gesien nie, maar bevat sekere groepe bloot ‘n sterk bende-element.

Gevegte kan ook binne ‘n reeds bestaande vriendekring plaasvind, dikwels as gevolg van skinder. Elke individu sal dan haar eie ondersteuners in die vriendekring hê en so word die vriendekring in twee gedeel. Burman, Brown en Batchelor (2003:78) se navorsing het in dié verband gevind dat hoewel dogters hulle vriendskappe met anders dogters as die belangrikste aspek in hulle lewens sien, lei dié vriendskappe juis in baie gevalle tot die ontstaan van konflik.

#### *4.3.6 Dissiplinêre stappe*

Die dissiplinêre hantering van die gevegte sal volgens die respondente afhang van die ernstigheid van die geveg waarin die dogter betrokke was. ‘n

Debietstelsel, dreigemente, waarskuwings, skorsing en die inroep van ouers is die algemene wyses waarop die gevegte hanteer word. Hoërskool X beskik ook oor die verpligte gedragskode waarvolgens dissiplinêre sake hanteer word. Die dissiplinêre stappe van hoërskool X voldoen volgens Coetzee, *et al.* (1999:48-50) aan die wetlike wyse waarop dit uitgevoer behoort te word.

### *4.3.7 Agtergrond en kultuur van die dogter*

#### <u>4.3.7.1 Huislike omstandighede en agtergrond van die dogter</u>

Ses van die agt respondente is van mening dat die dogter se huislike omstandighede en agtergrond ‘n rol speel in die manier waarop die dogter konflik hanteer. Die dogters van hoërskool X kom grootliks uit huise met aggressiewe rolmodelle asook min struktuur en toesig, waar geweld ondersteun word. Die dogter sien in hulle omgewing dat mens iets met geweld regkry en bring dit saam skool toe. Die skoolbeamptes is ook van mening dat die dogters grootword in ‘n milieu waar sy moet veg vir ‘n plekkie ter wille van oorlewing. In ag genome dat die adolessente dogter op ‘n gereelde basis blootgestel word aan geweld en ‘n omgewing waar die sterkste oorleef, word hulle in so ‘n mate gedesensitiseer dat wangedrag as ‘n normale wyse van konflikoplossing gesien word. (Vergelyk Gasa, 2006; Maree, 2003:58.)

Volgens die skoolbeamptes lei die omgewing waarin die dogters grootword, hul blootstelling aan geweld en die gebrek aan ondersteuning saam met die normale adolessente emosies, daartoe dat die dogter met aggressie reageer wanneer sy konflik moet hanteer. Dat die agtergrond en huislike omstandighede ‘n rol speel in alle mense se manier van konflikhantering, word deur verskeie outeurs gestaaf. Maree (2003:58-61) skryf byvoorbeeld dat lae ekonomiese status, onvolledige huisgesinne, gebrek aan ouersupervisie en gemeenskapsdisorganisering bydra tot die voorkoms van fisieke geweld onder die jeug. Robinson (in Gasa, 2006:6) sluit aan by Maree en skryf dat

disfunksionele families en ‘n onstabiele gemeenskap bydra tot aggressiewe gedrag tussen leerders. Die familie is ‘n belangrike bron van ondersteuning en versteurings aan die sisteem sal implikasies hê vir adolessente funksionering. (Vergelyk Gasa, 2006:42; Flores, 2005:81.) Bemak en Keys (2005:17) is in die verband van mening dat aggressie ontwikkel soos wat die kind moet funksioneer in ‘n familiesisteem wat gekenmerk word deur inkonsekwente dissiplinêre style, gebrekkige supervisie, ongepaste ouermodellering en swak bestuur van die kind se aggressiewe gedrag.

4.3.7.2 Aanvaarbaarheid

Vanuit die informasie wat by vier van die respondente verkry is, kom dit voor asof die vrou nie by die huis met respek behandel word nie. Dit gee daartoe aanleiding dat die dogter vir haarself opstaan indien sy gekonfronteer word. Vir die dogter is dit dus aanvaarbaar om fisies aggressief op te tree, aangesien dit is hoe sy by die huis en in die omgewing waarin sy grootword behandel word. Die dogter word in so ‘n mate gedesensitiseer dat dit vir haar aanvaarbaar geword het om fisiese geweld te gebruik om konflik te hanteer.

Burman, *et al.* (2003:75) ondersteun die bogenoemde bevindinge deur te skryf dat verskeie navorsers bevind het dat gewelddadige gedrag by vroue met hulle eie viktimisasie verband hou.

4.3.7.3 Kultuurgaping tussen onderwysers en leerders

Die skoolbeamptes in die studie voel dat daar ‘n kultuurgaping tussen die leerders en die onderwysers bestaan. Die kultuurgaping gee volgens die skoolbeamptes aanleiding tot misverstande tussen leerder en onderwyser, wat effektiewe probleemoplossings beperk aangesien hulle nie die kind se agtergrond verstaan nie.

Die bevinding van die navorsing word gesteun deur DeFour (2005:95) wat beweer ‘n gevoel van disrespek tussen die leerders kan ontstaan as hulle voel dat hulle kultuur nie in ag geneem word nie. Dit kan ook aanleiding gee tot geweld. Gasa (2006:74) sluit hierby aan en skryf dat onderwysers en leerders van verskillende kulture in een skool geplaas word en kulturele misverstande tussen die leerders en onderwysers verwag kan word. Die kulturele misverstande kan lei tot konflik, wantroue en vyandigheid (Gasa, 2006:74). Verder toon navorsing dat ‘n positiewe verhouding tussen leerders en onderwysers bydra tot ‘n afname in skoolgeweld (Flaherty, 2001:32-33), maar na aanleiding van die bovermelde navorsers kan die bou van so ‘n positiewe verhouding belemmer word deur die teenwoordigheid van ‘n kultuurgaping.

#### 4.3.7.4 Media

Drie van die agt respondente is van mening dat die media aanleiding gee tot fisiese geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

Verskeie navorsers ondersteun die bevinding deur te skryf dat die media bydra tot die voorkoms van geweld in die samelewing asook in skole as gevolg van die normalisering van geweld wat uitgebeeld word. (Vergelyk Midlarsky & Klain, 2005:53; Flores, 2005:77; Gasa, 2006:1; Heaven, 2001:97.)

## 4.4 Samevatting

In Hoofstuk vier is die teoretiese raamwerk weer kortliks bespreek, waarna die literatuurkontrole plaasgevind het.

Die empiriese data wat vanuit Hoofstuk drie verkry is en die inligting wat uit die literatuurkontrole van Hoofstuk vier voortgespruit het, sal gebruik word om in Hoofstuk vyf die nodige gevolgtrekkings te maak. Die inligting vanuit Hoofstuk

drie en Hoofstuk vier sal ook in Hoofstuk vyf gebruik word om aanbevelings te maak aangaande verdere navorsing asook aanbevelings rakende hoe om die probleem van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem aan te spreek.

# HOOFSTUK 5

# BEVINDINGS, AANBEVELINGS, BYDRAES EN TEKORTKOMINGE

## 5.1 Inleiding

In Hoofstuk vyf word daar aandag geskenk aan die manier waarop die probleem, navorsingsvraag en doelwitte van die studie aangespreek is. Daarna word die fokus verskuif na gevolgtrekkings gemaak vanuit die empiriese data van die studie en moontlike aanbevelings rakende hoe die skool die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem kan aanspreek. Laastens word gefokus op die tekortkominge en die bydraes van die studie.

## 5.2 Rasionaal van die studie en probleemstelling

Die probleemstelling, navorsingsvraag, doel en doelwitte van die studie word korliks bepreek om sodoende vas te stel hoe dié aspekte van die navorsing aangespreek is.

### *5.2.1 Probleemstelling*

Soos reeds in Hoofstuk een genoem is die formulering van ‘n probleemstelling in navorsing belangrik omrede dit die breë onderwerp van die beplande navorsing tot ‘n navorsbare probleem kan verfyn (Neuman, 2000:141-142). Die navorser het die onderwerp van skoolgeweld verfyn deur te fokus op die onderliggende dinamika van fisieke geweld onder adolessente dogters in die skoolsisteem. Duidelike idees is noukeurig uiteengesit om te voorkom dat die navorser misvertaan word of ongefokus werk. (Vergelyk Fouché & De Vos, 2005:100.)

Tydens die uitvoering van die studie het die navorser inligting rakende die navorsingsprobleem versamel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en informele waarneming. Die ingesamelde inligting spreek die probleem aan deur ‘n geheelbeeld te skep rakende die dinamika wat heers rondom die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Vanuit die inligting was dit vir die navorser moontlik om toepaslike aanbevelings te maak aangaande die manier waarop die probleem aangespreek kan word. Verder kan die inligting ook ‘n basis bied waarop verdere navorsing kan voortbou om die probleem verder te ondersoek en sodoende die hantering van die probleem te verbeter.

### *5.2.2 Navorsingsvraag*

Whitley (2002:93) verwys daarna dat wanneer ‘n navorsingsonderwerp geïdentifiseer is, dit belangrik is om die onderwerp te vernou tot ‘n meer spesifieke navorsingsvraag waarvolgens die data ingesamel kan word. Die navorsingsvraag waarvolgens die data in die studie ingesamel is, is as volg gestel: Wat is die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem?

Die navorsingsproses was daarop gemik om die navorsingsvraag te beantwoord. (Vergelyk Fouché & De Vos, 2005:100.) In die verband het die navorsing gevind dat die dinamika van die navorsingsprobleem kompleks en multi-dimensioneel van aard is. Die stelling word later in die hoofstuk in meer diepte bespreek.

### *5.2.3 Doel en doelwitte van die studie*

Die doel wat die navorser in die studie wou bereik, was om die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te ondersoek. (Vergelyk Fouché & De Vos, 2005:100.) Die werkwyse wat die navorser gelei het om die doelwit van die studie te bereik (vergelyk Fouché & De Vos,

2005:100), was eerstens om ‘n oorsigtelike literatuurstudie te doen. So het die navorser bekend geraak met verskillende teorieë wat leiding gegee het vir die wetenskaplike uitvoering van die navorsingsproses. Die teorieë het ingesluit die teoretiese aannames van waaruit die navorser gewerk het, aggressiemodelle, geweld, die ontwikkeling van die adolessente dogter asook die skoolsisteem. Daarna is die empiriese inligting ingesamel deur van verskillende tipes respondente gebruik te maak. Onderhoude is gevoer met skoolbeamptes, betrokkenes by ‘n geveg en bystanders. Inligting is ook ingesamel deur informele waarneming. Verskillende rolspelers in die navorsingsprobleem is gebruik om inligting rakende die dinamika van die navorsingsprobleem te verkry. Laastens is ‘n literatuurkontrole gedoen waar reeds bestaande literatuur aan die hand van die empiriese data van die betrokke navorsing bespreek is. Reeds bestaande navorsing is gebruik om die ooreenkomstigheid van die empiriese data wat aangaande die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem verkry is, te versterk.

## 5.3 Gevolgtrekkings

Die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem bestaan uit meervoudige interverwante faktore. Die faktore word vervolgens onder twee hooftemas bespreek, naamlik faktore wat moontlik kan bydra tot die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters, asook die faktore wat beskrywend is van die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

### *5.3.1 Faktore wat lei tot verhoogde kwesbaarheid in die dogter om betrokke te raak by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter*

Vanuit die empiriese navorsing en literatuurkontrole is dit duidelik dat die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem ‘n

komplekse verskynsel is. Die verskynsel kan nie deur ‘n enkele faktor alleen verklaar word nie, maar slegs deur die inagneming van meervoudige faktore wat in voortdurende interaksie met mekaar is. Dit is die interaksie van al die faktore in die omliggende veld van die dogter wat lei tot ‘n verhoogde kwesbaarheid om betrokke te raak by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter. Die bogenoemde punt sluit aan by die veldteorie. Volgens die veldteorie moet elke aspek van die dogter se omliggende omgewing en/of huidige situasie in ag geneem word ten einde haar gedrag te verstaan. Deur middel van die studie is verskeie faktore, wat gesamentlik lei tot die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem, in die dogter se veld geïdentifiseer.

#### 5.3.1.1 Rol van die dogter se algemene omstandighede en blootstelling aan die media

Die omgewing waarin die adolessente dogter grootword ondersteun dikwels geweld en aggressiewe rolmodelle is algemeen. Die dogter word hierdeur gedensensitiseer in terme van die aanvaarbaarheid van geweld. Die dogter word dus deur haar omgewing en rolmodelle gelei om te glo geweld is ‘n aanvaarbare wyse van konflikhantering. Die dogters van hoërskool X kom dikwels uit huise met min struktuur en gebrek aan ouersupervisie en ondersteuning, wat kan bydra tot die voorkoms van fisieke geweld onder die jeug.

Die media kan ook die dogter beïnvloed rakende ontoepaslike wyses van konflikhantering, deur aggressiewe beeldmateriaal wat lei tot verdere desensitisering van die gebruik van fisieke geweld. Die dogter betree die skool met ‘n predisposisie om by geweld betrokke te raak aangesien sy vanuit haar omgewing nie toepaslike wyses van konflikhantering aangeleer het nie.

#### 5.3.1.2 Die rol van die diverse skoolsamestelling

Die skoolsamestelling is divers van aard ten opsigte van kultuur, taal en ekonomiese stand tussen die leerders. Dit skep 'n klimaat van misverstande en konflik. Die dogter wat 'n gebrek het ten opsigte van toepaslike konflikhantering word dus in 'n omgewing geplaas waar daar reeds 'n klimaat van moontlike konflik en misverstande bestaan. So word die moontlikheid van die ontstaan van fisieke geweld tussen die leerders verhoog. 'n Kultuurgaping bestaan ook tussen die onderwysers en die leerders deurdat die onderwysers en leerders uit twee verskillende omgewings kom wat verskil ten opsigte van kultuur en ekonomiese welvaart. Die dogters kom uit 'n omgewing van disorganisasie en geweld terwyl die onderwysers uit 'n omgewing van meer ekonomiese welstand en organisasie kom. So word die moontlikheid van misverstande tussen die onderwysers en leerder verhoog. Die misverstande lei daartoe dat die onderwysers voel hulle kan nie die leerders reg hanteer nie en dit is problematies vir effektiewe hantering van die probleem.

#### 5.3.1.3 Rol van portuurgroepe, vriende en die bestaan van groepe met 'n bende-element

Tesame met die bogenoemde faktore bestaan die moontlikheid ook dat die dogter in groepe beweeg wat fisieke geweld tussen dogters ondersteun. Hierdie groepe kan insluit portuurgroepe, vriendekringe van die dogter of groepe met 'n bende-element. Al vind die dogter dit onaanvaarbaar om betrokke te raak by fisieke geweld, kan die groep waaraan sy behoort, haar beïnvloed deur middel van konformering. So kan die dogter beïnvloed word om tog betrokke te raak by fisieke geweld of om haar steun te verleen aan vriende wat by fisieke geweld betrokke is. Aangesien die studie gemik is op die adolessente dogter, speel die vriendekring waaraan die dogter behoort 'n groot rol aangaande die dogter se siening van fisieke geweld teenoor 'n ander dogter. Dit kan daaraan toegeskryf word dat konformering 'n duidelike kenmerk van die adolessentefase is. Dus, as

die vriendekring of groep waaraan die dogter behoort fisieke geweld tussen dogters ondersteun, word die dogter se kwesbaarheid verhoog om self daarby betrokke te raak weens konformering aan die vriendekring of groep se norms en waardes.

#### 5.3.1.4 Die rol van faktore wat lei tot direkte konflik tussen dogters

Na aanleiding van die betrokke navorsing en ooreenstemmende literatuur skep die versprei van skinderstories, inmenging in mekaar se romantiese verhoudinge, sensitiwiteit ten opsigte van uitlokking, jaloesie en misverstande direkte konflik tussen die dogters. Die dogter wat moontlik beskik oor gebrekkige konflikhanteringsvaardighede en wat geweld sien as ‘n aanvaarbare wyse van konflikhantering, reageer met fisieke geweld om dié direkte konflik te hanteer.

#### 5.3.1.5 Die rol van eksterne faktore in die onmiddellike omgewing van die dogter

Tesame met die dogter se agtergrond, die rol van die media, die kulturele diversiteit van die skool, portuur wat geweld ondersteun en faktore wat lei tot direkte konflik tussen die dogters, bestaan daar ook eksterne faktore wat verder kan bydra tot ‘n klimaat van geweld. Hierdie faktore sluit in hoë temperature wat aggressievlakke in die algemeen kan laat toeneem, selfverdediging indien ‘n dogter sou voel sy word bedreig, sowel as die aanhitsing vanaf die omstanders van ‘n geveg.

#### 5.3.1.6 Die rol van faktore persoonlik verwant aan die dogter

Sekere faktore persoonlik verwant aan die dogter kan ook haar kwesbaarheid om betrokke te raak by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter, verhoog. Die dogter se behoefte aan mag en aandag kan onder andere daartoe lei dat die dogter fisieke geweld gebruik as ‘n wyse om haar populariteit te verhoog. Die dogter

gebruik fisieke geweld om te bewys dat sy sterk is en dat ander dogters vir haar bang moet wees. Die dogters wat by fisieke geweld teenoor ander dogters betrokke raak, is gewoonlik ook dogters wat hulself verdedig en nie sal terugstaan as hulle verbaal of fisies aangeval word nie. Aangesien die meeste van die dogters uit ‘n agtergrond kom waar fisieke geweld as aanvaarbaar gesien word, is dit nie verbasend dat die dogters aggressief optree as hulle voel hulle moet hulself verdedig nie.

Aangesien die adolessente dogter haarself ook bevind in ‘n ontwikkelingsfase wat gekenmerk word deur verskeie ontwikkelingstake en wisselende emosies kan die fase, tesame met al die ander bogenoemde faktore, ook bydra tot die verhoogde kwesbaarheid van die dogter om fisies aggressief op te tree.

#### 5.3.1.7 Samevatting

In die dogter se veld is daar nie ‘n enkele faktor wat alleen tot die gevegte lei nie, maar die teenwoordigheid van verskeie faktore wat in interaksie met mekaar is wat die dogter se keuse sal beïnvloed om fisies aggressief op te tree al dan nie. Die faktore sluit in die omgewing waaruit die dogter kom, die skoolsamestelling, die portuurgroep se houding teenoor geweld asook faktore wat die dogter meer direk uitlok om fisies aggressief op te tree.

### *5.3.2 Beskrywende faktore teenwoordig in die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters*

#### 5.3.2.1 Aanvang en beskrywing van geveg

Die gevegte tussen die dogters het dikwels ‘n lang aanloop, alhoewel die geveg dikwels skielik plaasvind as gevolg van ‘n geringe uitlokking. Die probleem ontstaan wanneer die een dogter die ander dogter met ‘n aggressiewe houding konfronteer. Die aggressiewe houding gee aanleiding tot ‘n aggressiewe reaksie

vanaf die teenoorgestelde party. In ag genome die bogenoemde faktore wat die kwesbaarheid van die dogters ten opsigte van fisieke geweld verhoog, kan die aggressiewe houdings van beide partye aanleiding gee tot die ontstaan van ‘n geveg.

5.3.2.2 Reaksie van omstanders

Die leerders van die skool ondersteun eerder die gevegte as om dit te stop, alhoewel die leerders nie noodwendig gevegte tussen die dogters aanvaarbaar vind nie. Die gedrag van die leerders kan toegeskryf word aan die aansteeklikheidsteorie wat ook ‘n verklaring bied vir die feit dat die leerders selde die geveg sal stop.

5.3.2.3 Diverse beskrywende faktore

Vanuit die betrokke navorsing lyk dit asof die dogters eers na ‘n lang tydsverloop die ander party van die geveg vergewe en die gebeurtenis vergeet. ‘n Sterk groepselement is ook teenwoordig in die dinamika van fisieke geweld tussen die adolessente dogters in die skoolsisteem. Die betrokke partye van die geveg het gewoonlik elk hulle eie spannetjie wat hulle ondersteun en bystaan tydens die geveg alhoewel intra-groep gevegte ook kan plaasvind.

Die frekwensie van gevegte tussen adolessente dogters in die skoolsisteem blyk nie problematies te wees nie. Daar bestaan egter die bekommernis dat dit ‘n groter wordende probleem kan word indien dit nie aangespreek word nie. ‘n Afname in fisieke geweld tussen dogters word egter in hoërskool X ervaar. Die jonger dogters in hoërskool X is ook meer geneig om betrokke te wees by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter as die ouer dogters (graad 10 en ouer).

Die plekke waar insidente van geweld tussen dogters plaasvind, kan bykans enige plek op die skoolgronde wees, selfs in die klaskamers waar ‘n onderwyser

teenwoordig is.  Badkamers, sportvelde, klaskamers en die gebied voor die snoepie het egter in die betrokke studie voorkeur geniet.

Die studie het getoon dat dogters tydens ‘n geveg van liggaamsdele as wapens gebruik maak en dit sluit aksies soos skop, byt en slaan in.  Die dogters maak egter ook gebruik van enige voorwerp in die nabye omgewing om die ander dogter mee te beseer.

‘n Verskeidenheid van dissiplinêre stappe kan na die voorkoms van ‘n geveg teen die dogters gevolg word.  Die stappe hang af van die ernstigheid van die geveg.  Dreigemente vanaf die onderwysers teenoor die dogters blyk effektief te wees.  Onderwysers kan byvoorbeeld die dogters dreig om hulle ouers in te roep of hulle dreig met die moontlikheid van detensie.

#### 5.3.2.4 Samevatting

‘n Verskeidenheid van beskrywende faktore bestaan rondom die dinamika van fisieke geweld in die skoolsisteem.  Die faktore, alhoewel afsonderlik bespreek, vorm saam ‘n holistise beeld van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem.

## 5.3 Aanbevelings

Moontlike aanbevelings word gemaak ten opsigte van die manier waarop hoërskool X die voorkoms van fisieke geweld tussen adolessente dogters kan aanspreek.  Aangesien die dinamika van fisieke geweld ‘n komplekse verskynsel is en bestaan uit meervoudige faktore wat daartoe aanleiding kan gee, is daar nie ‘n kitsoplossing wat die probleem effektief kan aanspreek nie.  (Vergelyk Fink, 2001:231.)  Die navorser het gepoog om aanbevelings te maak rakende elke faset van die probleem om sodoende die probleem holisties aan te spreek.

Die dinamika rakende die agtergrond en huislike omstandighede van die dogter voorsien nie die dogter van genoegsame geleenthede om effektiewe konflikhanteringsmeganismes aan te leer nie.  Tesame met die blootstelling aan die media lei dit daartoe dat die dogter die gebruik van aggressie as aanvaarbaar beskou.  Om te fokus op die hele gemeenskap waaruit die dogter kom om fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem aan te spreek, is onprakties en moeilik uitvoerbaar.  In die verband, voel die navorser, kan die navorsingsresultate bekend gemaak word aan die nodige skoolinstansies om hulle bewus te maak van die probleem en sy bydraende faktore.  Die rolspelers by die instansies kan dan die nodige intervensieprogramme loods in 'n poging om die agtergrond en huislike omstandighede van die dogter aan te spreek.

Indien die dogter blootgestel word aan konfliksituasies, reageer sy dikwels met aggressie aangesien sy vanuit haar omgewing geleer het dat dit 'n aanvaarbare wyse van konflikhantering is.  Die navorser voel dat die skool in die verband konflikhantering by lewensoriëntering kan inwerk, waar spesifiek gefokus word op effektiewe konflikhantering.  Sodoende kan die leemte van die dogters aangespreek word.  Ander relevante opvoedingstemas kan ook ingewerk word soos vroulikheid en kommunikasie- en sosiale vaardighede.  So kan die dogter bewus gemaak word van alternatiewe metodes van konflikhantering.

Vanuit die studie het dit duidelik geword dat kulturele diversiteit tussen leerders kan bydra tot 'n klimaat van konflik.  Die navorser voel dit is belangrik dat die leerders op 'n nie-bedreigende wyse aan mekaar se kulture blootgestel word.  'n Kultuurweek kan 'n voorbeeld wees van so 'n kulturele blootstelling.  Gedurende die week kry die leerders van die verskillende kulture 'n geleentheid om hulle kultuur aan die ander leerders van die skool bekend te stel.  Die doel van so 'n program is om wedersydse respek te kweek tussen die leerders ten opsigte van mekaar se diverse kulture.  'n Verdere aanbeveling in die verband is dat 'n jeugdag vir die leerders gereël word waar leerders van verskillende kulture in

groepe geplaas word. Die groep moet dan deelneem aan aktiwiteite om ‘n gemeenskaplike doel te brereik. So kan die leerders van verskillende kulture leer om saam te werk ten einde ‘n doel te bereik en kan sosiale verhoudings tussen hulle verbeter word. Daar word aanbeveel dat die leerders in dieselfde groep dieselfde klere moet aantrek aangesien dit die verskille tussen hulle sal verminder en sal lei tot verdere kohesie tussen die spanlede.

Die leerders van hoërskool X is ook divers op ekonomiese gebied en die navorser beveel aan dat geleenthede vermy moet word waar die ekonomiese verskille beklemtoon kan word, soos byvoorbeeld die dra van gewone klere na die skool.

Die kultuurgaping tussen die onderwyser en leerder is ook problematies. Die onderwysers kan dus ook baat vind by ‘n kultuurweek om meer bekend te raak met die leerders se kultuur. Verder kan aanbeveel word dat van die onderwysers opgelei word in een of meer inheemse tale om sodoende kommunikasie tussen die leerder en die onderwyser te verbeter. Die onderwyser verstaan dikwels ook nie die agtergrond en huislike omstandighede van die kind nie en vind dit as gevolg hiervan moeilik om die voorkoms van fisieke geweld tussen dogters effektief aan te spreek. In die geval beveel die navorser aan dat die onderwysers dogters in die skool identifiseer wat die onderwysers kan bystaan met konflikhantering tussen die dogters. Ouer dogters is geneig om minder te baklei omdat hulle voel hulle word nou volwasse. Die spesifieke dogters kan dan in die verband gebruik word om met die jonger dogters te praat aangaande fisieke geweld en die gevolge daarvan. Aangesien die ouer dogters die kultuur van die leerders beter verstaan as die onderwysers en heel moontlik uit dieselfde omgewing as die jonger dogters kom, sal die oortreders makliker met die ouer dogters kan identifiseer en meer gewillig wees om na hulle te luister. Die ouer dogters, tesame met ‘n onderwyser, kan ook gebruik word om na ‘n geveg tussen twee dogters die saak te beredder omrede sy die situasie moontlik beter sal begryp as ‘n skoolbeampte.

Aangesien ‘n positiewe verhouding tussen leerders en onderwysers bydra tot ‘n afname in skoolgeweld, word aanbeveel dat onderwysers maniere vind om die leerlinge beter te verstaan. Sodoende kan hulle verhouding met die leerders verbeter en kan dit lei tot ‘n afname in skoolgeweld. Die onderwysers kan byvoorbeeld akademiese aangeleenthede bywoon wat hulle inlig rakende die denke en ontwikkeling van die adolessent om meer begrip te toon vir ‘n adolessent wat op sy beurt weer die onderwyser-leerling verhouding kan verbeter.

Portuurgroepe, vriendekringe en groepe met ‘n bende-element wat fisieke geweld aanvaarbaar vind, kan bydra tot fisieke geweld. Dit word daaraan toegeskryf dat dogters wat fisieke geweld onaanvaarbaar vind, deur die groepe beïnvloed kan word om daarby betrokke te raak. In die geval moet die skoolbeampte fokus op intervensieprogramme wat die portuurgroep as ‘n geheel aanspreek om positiewe waardes aan te leer. So kan die dogters mekaar dan beïnvloed om met positiewe norms en waardes van die groep te konformeer.

Algemene verhoudings onder die dogters blyk ook problematies te wees. Dogters beswadder mekaar, raak betrokke by mekaar se romantiese verhoudinge of slaan mekaar bloot omdat hulle nie van mekaar hou nie. Om die interverhoudinge tussen die dogters aan te spreek, kan daar weer eens tydens periodes soos lewensoriëntering gefokus word op sosiale vaardighede asook temas soos wedersydse respek.

Ander algemene aanbevelings wat gemaak kan word, is dat die onderwysers die skoolgronde tydens pouses, voor skool en na skool patrolleer om ‘n moontlike geveg so gou as moontlik te probeer stop, aangesien die omstanders eerder die geveg sal aanmoedig as om dit te stop. Verder moet leerkragte op warm dae op die uitkyk wees vir enige spanning tussen die leerders, aangesien hoë temperature geneig is om aggressievlakke te verhoog. Skole kan ook met

mekaar kommunikeer aangaande wat vir elke skool werk in hantering van fisieke geweld tussen die dogters en mekaar so help om die probleem as ‘n geheel aan te spreek.

### 5.4 Gevolgtrekkings uit die studie

Die navorsingsproses was wetenskaplik van aard deurdat die navorser gebruik gemaak het van wetenskaplike riglyne om die proses te lei. Tydens die uitvoer van die studie is gebruik gemaak van navorsingsliteratuur om die proses so wetenskaplik as moontlik te hou. Na deeglike navorsing van dié literatuur het die navorser besluit op die mees gepaste metodologie om die navorsing te lei. Daar is veral aandag gegee aan aspekte soos die vertrouenswaardigheid van die studie en objektiewe data-insameling. Tydens die data-analise het die navorser gebruik gemaak van verskeie hulpmiddele om die analise so akkuraat en objektief moontlik te hou.

Verder het die navorser tot die slotsom gekom dat die rasionaal van die studie geldig was, aangesien die data verkry vanuit die onderhoude die rasionaal gesteun het. Daar is tydens data-analise gevind dat dogters wel minder by fisieke geweld betrokke is as seuns, alhoewel dit steeds voorkom. Die respondente het ook getoon dat geweld onder dogters kan toeneem indien die probleem nie aangespreek word nie. Hoewel daar tydens die navorsing gevind is dat geweld in die adolessente fase voorkom, blyk dit in laat adolessensie af te neem. Die dogters het ook getoon dat hulle soms vir hulle veiligheid vrees, hoewel die vrees in die afgelope twee jaar afgeneem het.

### 5.5 Tekortkominge van die navorsing

Die navorser het tydens die literatuurkontrole en gevolgtrekkings van die navorsing besef dat die studie moontlik te wyd was. Die dinamika van fisieke

geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem is té kompleks om werklik in diepte in te gaan op elke faset daarvan, veral in dié navorsing wat 'n verhandeling van beperkte omvang behels. Die navorser is van mening dat elke faset van die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem nie na sy volle reg aandag ontvang het nie. Elkeen van die fasette vereis eintlik 'n studie op sy eie.

Die navorser het ook die literatuurkontrole van die studie as problematies beskou, aangesien dit moeilik was om relevante literatuur te verkry as gevolg van die gebrek aan navorsing in die spesifieke veld. Die navorsingsresultate van die studie word ook verswak omrede die navorsing slegs by een skool uitgevoer is. Die navorser het dit egter as problematies ervaar om toegang te verkry tot die skole (sien Hoofstuk 3). Die navorser het egter 'n voldoende aantal respondente by hoërskool X gevind wat die navorser tydens die onderhoudvoering van inligting kon voorsien totdat 'n punt van versadiging bereik is.

## 5.6 Bydraes van die studie

Hoewel die studie moontlik te wyd was, is die navorser van mening dat die studie 'n basis geskep het waarop verdere navorsing kan voortbou. Verskeie aspekte van die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem wat verdere navorsing kan aanmoedig, is geïdentifiseer. Die breë omvang van die studie het ook daartoe gelei dat aanbevelings op elke vlak van die dogter se funksionering gemaak is. Die studie kan ook lei tot verhoogde bewustheid in die area van fisieke geweld tussen dogters. Die probleem kan dan aangespreek word voordat dit 'n groter probleem in die skole word. Verdere navorsing word aanbeveel om elke faset van die dinamika van fisieke geweld tussen dogters in die skoolsisteem aan te spreek, asook om te fokus op die verskil tussen die gebruik van geweld in die twee teenoorgestelde geslagte.

## 5.7 Samevatting

In die navorsing is daar gebruik gemaak van ‘n kwalitatiewe studie om die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem te ondersoek. Die navorser het gebruik gemaak van instrumentele gevallestudies as ‘n navorsingstrategie. Daar is van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak om data vanaf elke gevallestudie te verkry. So is die onderhoude buigbaar gehou om ruimte te gun vir die respondente om hulle storie te vertel. Die steekproef is geselekteer deur middel van die doelgerigte steekproefmetode, om so te verseker dat die respondente relevante en bruikbare informasie voorsien. Die data-analise is gedoen na aanleiding van riglyne van Creswell en Neuman se literatuur. Daar is ook gebruik gemaak van ‘n kenner om die navorser in die verband te lei. Die vertrouenswaardigheid van die studie is gelei deur Lincoln en Guba se riglyn om so te verseker dat die navorser alles moontlik doen om die studie se vertrouenswaardigheid te verhoog. Die navorser het verder ‘n etiese vorm voltooi en aan die etiese komitee voorsien om die etiese aspekte van die navorsing op standaard te hou.

Die waarde van die studie is dat ‘n breë omskrywing gegee is rakende die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters in die skoolsisteem. Die inligting is verkry op ‘n wetenskaplike wyse en kan so van waarde wees vir die skoolinstansies om die probleem aan te spreek.

## BRONNELYS


Atria, M. & Spiel, C. 2003. The Austrian Situation: Many initiatives against Violence, few Evaluations. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 83-99.

Atwater, E. 1996. *Adolescence.* New Jersey: Prentice-Hall.

Baron, R.A. & Byrne, D. 2003. *Social Psychology.* Boston: Pearson Education.

Bemak, F. & Keys, S. 2005. *Violent and Aggressive Youth: Intervention and Prevention Strategies for Changing Times.* London: Corwin.

Bergh, Z.C. & Theron, A.L. 1999. *Psychology in the Work Context.* Kaapstad: Oxford University Press.

Berkowitz, L. 1997. On the Determinants and Regulation of Impulsive Aggression. In Feshbach, S. & Zagrodzka, J. 1997. *Aggression: Biological, Developmental and Social Perspectives.* New York: Plenum. 187-221.

Bezuidenhout, C. & Joubert, S. 2003. *Child and Youth Misbehaviour in South Africa: A holistic View.* Pretoria: Van Schaik.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy: Practical guidelines for the Therapists.* Bloemfontein: Rinda Blom.

Burman, M., Brown, J. & Batchelor, S. 2003. 'Taking it to Heart': Girls and the Meaning of Violence. In Stanko, E.A. 2003. *The Meaning of Violence.* London: Routledge. 71-89.

Cheldelin, S. 2006. Gender and Violence: Redefining the Moral Ground. In Rothbart, D. & Korostelina, K.V. 2006. *Studies in Violent Conflict: Identity, Morality and Threat.* Lanham: Lexington. 279-299.

Chisholm, J.F. & Ward, A.W. 2005. Warning Signs: School Violence Prevention. In Denmark, F., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U.P. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer. 59-74.

Clarkson, P. 2004. *Gestalt Counselling in Action.* London: Sage.

Coetzee, S.A., Marais, P. & Bray, W. 1999. *Onderwys en Professionele Etiek.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

DeFour, D.C. 2005. Gender and Ethnicity Issues in School Violence. In Denmark, F., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U.P. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer. 85-99.

Denmark, F., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U.P. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative Data Analysis and Interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 333-349.

Eksteen, L.C. & Labuschagne, F.J. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* Pretoria: Van Schaik.

Engels, R.C.M.E., Kerr, M. & Stattin, H. 2007. *Friends, Lovers and Groups: Key Relationships in Adolescence.* San Francisco: John Wily.

Engels, R.C.M.E., Kerr, M. & Stattin, H. 2007. Introduction and Overview. In Engels, R.C.M.E., Kerr, M. & Stattin, H. 2007. *Friends, Lovers and Groups: Key Relationships in Adolescence.* San Francisco: John Wily. 1-15.

Enright, J.B. 1970. An Introduction to Gestalt Techniques. In Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science and Behavior Books. 107-124.

Eron, L.D., Guerra, N. & Huesmann, L.R. 1997. Poverty and Violence. In Feshbach, S. & Zagrodzka, J. 1997. *Aggression: Biological, Developmental and Social Perspectives.* New York: Plenum. 139-154.

Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science & Behavior Books.

Feshbach, S. & Zagrodzka, J. 1997. *Aggression: Biological, Developmental and Social Perspectives.* New York: Plenum.

Fink, P.J. 2001. Problems With and Solutions for School Violence: The Philadelphia Experience. In Shafii, M. & Shafii, S. 2001. *School Violence: Assessment, Management, Prevention.* Washington DC: American Psychiatric Publishing. 231-250.

Flaherty, L.T. 2001. School Violence and the School Environment. In Shafii, M. & Shafii, S. 2001. *School Violence: Assessment, Management, Prevention.* Washington DC: American Psychiatric Publishing. 25-51.

Flores, R.L. 2005. Developmental Aspects of School Violence: A Contextualist Approach. In Denmark, F.L., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U.P. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer. 75-84.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative Research Designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 267-273.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem Formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 100-110.

Furman, W., Ho, M.J. & Low, S.M. 2007. The Rocky Road of Adolescent Romantic Experience: Dating and Adjustment. In Engels, R.C.M.E., Kerr, M. & Stattin, H. 2007. *Friends, Lovers and Groups: Key Relationships in Adolescence.* San Francisco: John Wily. 59-72.

Gasa, V.G. 2006. *Learners Aggressive Behaviour in Secondary School: A Psycho-Social Perspective.* Ongepubliseerde D. Ed. Universiteit van Suid-Afrika.

Geen, R.G. 1995. Human Aggression. In Tesser, A. 1995. *Advanced Sosial Psychology.* Boston: McGraw-Hill. 383-417.

Geldenhuys, D. 1999. Aggression and Conflict. In Bergh, Z.C. & Theron, A.L. 1999. *Psychology in the Work Context.* Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa. 241-256.

Greeff, M. 2005. Information Collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 286-313.

Harris, M. & Butterworth, G. 2002. *Developmental Psychology: A Student's Handbook.* New York: Psychology Press.

Heaven, P.C.L. 2001. *The Social Psychology of Adolescence.* New York: Palgrave.

Huybregts, I., Vettenburg, N. & D'Aes, M. 2003. Tackling Violence in Schools: A Report from Belgium. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 35-47.

Kettl, P. 1997. Biological and Social Causes of School Violence. In Shafii, M. & Shafii, S. 2001. *School Violence: Assessment, Management, Prevention.* Washington DC: American Psychiatric Publishing. 53-72.

Koops, W. & Bosma, H.A. 2004. *Social Cognition in Adolescence: Its Developmental Significance.* New York: Psychology Press.

Krauss, H.H. 2005. Conceptualizing Violence. In Denmark, F.L., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer. 11-35.

Lee, R.M. & Stanko, E.A. 2003. *Researching Violence: Essays on Methodology and Measurement.* London: Routledge Taylor & Francis.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling: 3de Uitgawe.* Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Maree, A. 2003. Criminogenic Risk Factors for Youth Offenders. In Bezuidenhout, C. & Joubert, S. 2003. *Child and Youth Misbehaviour in South Africa: A holistic View.* Pretoria: Van Schaik. 51-79.

Menesini, E. & Modiano, R. 2003. A Multifaceted Reality: A Report from Italy. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 153-168.

Meyer, W.F. 1997. Die Sosiaal-kognitiewe Leerbenadering. In Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie: Van Individu tot Ekosisteem.* Johannesburg: Heinemann. 339-385.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie: Van Individu tot Ekosisteem.* Johannesburg: Heinemann.

Midlarsky, E. & Klain, H.M. 2005. A History of Violence in the Schools. In Denmark, F.L., Krauss, H.H., Wesner, R.W., Midlarsky, E. & Gielen, U. 2005. *Violence in School: Cross-National and Cross-Cultural Perspectives.* New York: Springer. 37-57.

Moore, C. 1997. Die Selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow. In Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie: Van Individu tot Ekosisteem.* Johannesburg: Heinemann. 459-481.

Naranjo, C. 1970. Present-Centerdness: Technique, Prescription and Ideal. In Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science & Behavior Books. 47-69.

Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches.* Lodon: Allyn & Bacon.

Nieman, M.M., Venter, E., Woodbridge, N.B., Niekerk. E.J. & Lebeloane. L.D.M. 1998. *Opvoedkundige Temas D: Die Skool en die Samelewing, die Kurrikulum en Multikulturele Onderwys.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Norðfjörð, S. & Ólafsson, R.F. 2003. Tackling Violence in Schools: A Report from Iceland. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 247-261.

O'Moore, M. & Minton, S. 2003. Tackling Violence in Schools: A Report from Ireland. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 280-291.

Ortega, R., Del Rey, R. & Fernández, I. 2003. Working together to Prevent School Violence: The Spanish Response. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 135-152.

Perls, F.S. 1970. Four Lectures. In Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science and Behavior Books. 14-38.

Perls, F.S., Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1951. *Gestalt Therapy: Excitement and Growth in the Human Personality.* London: Souvenir.

Plug, C., Louw, L.A., Gouws, D.A.P. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* Johannesburg: Heinemann.

Potgieter, J.R. 1997. *Sportsielkunde: Teorie en Praktyk.* Stellenbosch: Instituut vir Sport- en Bewegingstudie Universtiteit van Stellenbosch.

Pretorius, F. & Lemmer, E.M. 2004. *South African Education and Training: Transition in a Democratic Era.* Braamfontein: Nolwazi.

Ramsey, E., Gresham, F.M. & Walker, H.M. 2004. *Antisocial Behavior in Schools: Evidence based Practices.* London: Thomson & Wadsworth.

Rhyne, J. 1970. The Gestalt Art Experience. In Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science & Behavior Books. 274-284.

Rothbart, D. & Korostelina, K.V. 2006. *Studies in Violent Conflict: Identity, Morality and Threat.* Lanham: Lexington.

Schäfer, M. & Korn, S. 2003. Germany: Numerous Programmes – no Scientific Proof. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 100-115.

Seiffge-Krenke, I. 2004. Adaptive and Maladaptive Coping Styles: Does Intervention Change Anything? In Koops, W. & Bosma, H.A. 2004. *Social Cognition in Adolecence: Its Developmental Significance.* New York: Psychology Press. 367-382.

Shafii, M. & Shafii, S. 2001. *School Violence: Assessment, Management, Prevention.* Washington DC: American Psychiatric Publishing.

Slee, P.T. 2003. Violence in Schools: An Australian Commentary. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 301-316.

Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer.

Smith, P.K. 2003. Violence in Schools: An Overview. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 1-14.

Stanko, E.A. 2003. *The Meaning of Violence.* London: Routledge.

Steffgen, G. & Russon, C. 2003. Luxembourg: First official steps to deal with Violence in School. In Smith, P.K. 2003. *Violence in Schools: The response in Europe.* London: Routledge Falmer. 49-64.

Strydom, H. 2005*a*. Ethical Aspects of Research in the Social Sciences and Human Service Professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 56-70.

Strydom, H. 2005*b.* Sampling and Sampling Methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 192-204.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. Sampling and Pilot study in Qualitative Research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: Van Schaik. 327-332.

Summers, G. & Tudor, K. 2001. *Co-Creative Transactional Analysis.* [O]. Available:
www.mgesstaltc.force9.co.uk
Accessed 2007/01/03.

Tesser, A. 1995. *Advanced Sosial Psychology.* Boston: McGraw-Hill.

Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Adolessensie. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling: 3de Uitgawe.* Kaapstad: Kagiso Tersiêr. 387-474.

Tissdal, E.K.M. 2003. The rising tide of Female Violence? Researching girls' own understanding and experiences of violent behaviour. In Lee, R.M. & Stanko, E.A. 2003. *Researching Violence: Essays on Methodology and Measurement.* London: Routledge Taylor & Francis Group. 137-153.

Van den Bos, G.R. (eds) 2006. *APA Dictionary of Psychology.* Washington: American Psychological Assosiation.

Wallen, R. 1970. Gestalt Therapy and Gestalt Psychology. In Fagan, J. & Shepherd, I.L. 1970. *Gestalt Therapy Now: Theory, Techniques & Applications.* California: Science and Behavior Books. 8-13.

Whitley, B.E. 2002. *Principles of Research in Behavioral Science.* London: McGraw-Hill.

Wilde, J. 2002. *Anger Management in Schools: Alternatives to Student Violence.* Oxford: Scarecrow Education.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness Dialogue and Process.* New York: The Gestalt Journal Press.

# BYLAAG A

## Semi-gestrukturende onderhoude

**Interview: Female learners who were involved in violence against other female learners.**

1. How would you describe yourself?
2. I understand that there were some incidents in your school where girls got physically violent against one another. Please tell me about your involvement.
3. Tell me about your relationship with the girl you have fought with.
4. Tell me about how the fight started.
5. What would you say is the main reason for the appearance of physical violence between High School girls?
6. Under what circumstances is it acceptable in your peer groups for girls to get physically violent against one another?
7. What was the reaction and attitude of your friends and other learners towards you after the incident took place?
8. What is your attitude and point of view regarding physical violence between High School girls?
9. Tell me about your involvement in any other fights outside the school context?
10. Have you ever been exposed to aggressive role models and who?
11. How did you experience disciplinary (if any) steps and do you think these steps were effective in preventing more incidents of violence amongst girls?
12. Is there something that you think is important that you haven't shared with me and you would like to add?

**Interview: Bystander/Witness of a violent incident**

1. I understand that you were a spectator of an incident where High School girls got physically aggressive to one another. Do you feel that these type of incidents are common amongst girls in your high school?
2. What was your relationship with the parties involved in the attack?
3. In general, what would you say is the main reason why girls get physically violent against one another?
4. What is the attitude of the other students to the girls who were involved in the fights?
5. What is your personal view regarding this kind of incidents in the schools?
6. When would you say is it acceptable for girls to get involved in fights in the school?
7. Can you tell me more about the school policies regarding the handling of this type of incidents?
8. Is there something that you think is important that you haven't shared with me and you would like to add?

**Onderhoud: Bystanders/Getuie van ‘n gewelddadige insident**

1. Ek verstaan jy was ‘n toeskouer van ‘n insident waar hoërskooldogters fisies aggressief teenoor mekaar opgetree het. Voel jy dat sulke insidente algemeen tussen meisies in hoërskole voorkom?
2. Wat was jou verhouding met die partye betrokke in die geveg?
3. In die algemeen wat sal jy sê is die hoofredes waarom die meisies betrokke raak by fisieke geweld onder mekaar?
4. Wat is die houding van die ander leerders teenoor die meisies wat betrokke raak by gevegte met ander meisies?
5. Wat is jou persoonlike siening aangaande die insidente in die skool?
6. Wanneer sal jy sê is dit aanvaarbaar vir meisies om betrokke te raak by gevegte in die skool?
7. Kan jy meer vertel oor die skoolbeleid aangaande die hantering van sulke tipe gevalle?
8. Is daar iets wat jy voel belangrik is wat jy nie met my gedeel het nie en graag wil?

**Onderhoud: Vroulike leerders wat betrokke was in geweld teenoor 'n ander vroulike leerder**

1. Hoe sal jy jouself beskryf?
2. Ek verneem dat daar insidente was van meisies in julle skool wat fisies aggressief teenoor mekaar opgetree het. Vertel my asseblief van jou betrokkenheid.
3. Vertel my van jou verhouding met die meisie met wie jy geveg het?
4. Vertel my hoe die geveg begin het.
5. Wat sal jy sê is die hoofrede vir die voorkoms van fisiese geweld tussen hoërskooldogters.
6. Onder watter omstandighede is dit aanvaarbaar in jou vriendekring dat meisies fisies gewelddadig raak teenoor mekaar?
7. Wat was die reaksie en houding van jou vriende en ander leerders nadat die insident plaasgevind het?
8. Wat is jou houding en siening aangaande fisiese geweld tussen hoërskooldogters?
9. Vertel my van jou betrokkenheid by enige ander gevegte buite die skoolkonteks?
10. Was jy blootgestel aan agressiewe rolmodelle en wie?
11. Hoe het jy die dissiplinêre stappe (indien enige) ervaar en dink jy die stappe was effektief in die voorkoming van meer insidente van geweld tussen dogters?
12. Is daar iets wat jy voel belangrik is wat jy nie met my gedeel het nie en graag wil?

**ONDERHOUD: Skoolbeamptes van die betrokke skool**

1. Die voorkoms van fisieke geweld tussen meisies in hoërskole is ‘n onderwerp wat die afgelope tyd baie aandag in die media ontvang het. Wat is u siening aangaande die tipe geweld tussen hoërskooldogters?
2. Sien u die verskynsel as ‘n probleem in Suid-Afrikaanse skole in die algemeen?
3. Hoe ervaar u die voorkoms van geweld tussen dogters in u skool spesifiek?
4. Wanneer is so ‘n insident die eerste keer onder u aandag gebring in die tyd wat u hier aan diens is?
5. Ongeveer hoeveel insidente is van toe af tot nou toe aangemeld?
6. Wat is u opinie rakende die toename van geweld onder meisies?
7. Wat is u grootste bekommernis aangaande die verskynsel?
8. Wat sal u sê is die hoofoorsake wat lei tot die tipe gedrag onder meisies?
9. Wat is die skool se beleid aangaande gewelddadige gedrag in die skool?
10. Indien so ‘n geval aan u gerapporteer word, hoe word die geval deur die skool hanteer?
11. Wat is die siening van die skoolpersoneel, ouers en beheerliggaam aangaande die verskynsel?
12. Is daar tans enige intervensieprogramme met die oog daarop om geweld onder dogters aan te spreek of te voorkom?

## BYLAAG B

### Opvolgvrae

1. Vertel my meer van waar die insidente gewoonlik plaasvind.
2. Wat is die rol van selfone in die voorkoms van fisieke geweld tussen die dogters?
3. Wat is die rol van verskillende groepe tussen die dogters in die dinamika van fisieke geweld tussen adolessente dogters?
4. Wat is die rol van skinder in die voorkoms van fisieke geweld tussen die adolessente dagoters?
5. Wat is die rol van die agtergrond, huislike omstandighede en kultuur van die die dogter?
6. Vertel my meer rakende die verhouding tussen die twee betrokke partye teenoor mekaar na die tyd.
7. Beskryf die skool se ekonomiese en kulturele samestelling.
8. Wat is die rol van seuns in die voorkoms van fisieke geweld tussen die hoërskooldogters?
9. Wat was die reaksie van die omstanders van die geveg?

**BYLAAG C**

**Etiese vorms**

**Konfidensialiteit rakende mentors in die navorsing**

Hierby verklaar ek___________________________ (naam en van), in die hoedanigheid as _________________________van Maryna Steyn tydens haar navorsing, dat ek alle inligting rakende haar navorsing konfidensieel sal hanteer. Ek verklaar ook dat ek na die beste van my vermoë akkurate en eerlike inligting sal weergee.

MENTOR SE HANDTEKENING________________DATUM________________
ID NOMMER________________________________TEL NR________________

NAVORSER SE HANDTEKENING______________ ID NR 830227 0052 089
TEL NR 082 586 1743

**INFORMED CONSENT**

Dear Parent/Guardian

Regarding my research I would like to inform you about the following aspects:

- The research will be conducted in partial fulfillment of the requirements for the degree of Magister Diaconiologiae in the direction of Play Therapy at the University of South Africa.
- The aim of the research is to investigate the dynamics of physical violence between adolescent daughters in the school system.
- The outcome of the particular research will be used to make recommendations to the participating school in this regard.
- To obtain accurate information about this topic, an interview with your daughter would be appreciated if she was involved in an incident of physical violence against another female in the school system, as a participant or/and a witness.
- To assure accurate data analysis the researcher will use the following methods during the interview:
  1. Taking of notes.
  2. Recording of the interview.
- To protect the child's identity, she will be provided with a pseudonym and the videocamera will not be focus on the child's face during the interview.
- Possible advantages of the research:
  1. The child will be provided with an opportunity to state her side of the story without any prejudice from the researcher.
  2. A possible improvement of the school environment in this regard.
- Possible disadvantages of the research:
  1. Possible reoccurrence of negative feelings towards the other person involved in the fight which could affect the relationships in the

school context. In case of this scenario, debriefing will be provided to the participants of the research.

- As parent/guardian, your consent will be needed for your daughter's participation in the research.
- Your daughter has the right to withdraw from the research at any given time if she prefers to no longer be a part of it.
- All issues during the research will be handled as ethical and confidential as possible.
- For any further inquires, please contact me at 082 586 1743.

Kind regards

Maryna Steyn

## Informed Consent

I (name and surname) ______________________________, parent/guardian of ______________________________, (child's name and surname) hereby give my consent to the interviewing of my child for research purposes. I was informed about the purposes, procedures, possible advantages and disadvantages of the research and I fully understand what this research is about. I also take note that ______________________ (child's name and surname) can withdraw from the research if she prefers to do so.

## Consent regarding the recording of interview sessions

I (name and surname) ______________________________, parent/guardian of ______________________________, (child's name and surname) hereby give my consent to the recording of my child's interview sessions. These recordings will be used by Maryna Steyn for research and data-analysis purposes.

The only people who will be granted access to these recordings will be Mr. W.J. van Zyl (Mentor in the Data-Analysis of the research) and Mr. H. Grobler (Study leader).

## Obligations of the researcher

The researcher, Maryna Steyn, will handle the recording of the interview as strictly confidential and will also protect the child's identity by giving the child a pseudonym which will be use in the dissertation.

PARENT'S SIGNATURE ______________________ DATE_______________

ID NUMBER________________________________ CELL________________

RESEARCHER'S SIGNATURE_________________ ID NR 830227 0052 089

CELL 082 586 1743

**Ingeligte toestemming van Skoolhoof**

Hierby gee ek, (naam en van) _________________________, skoolhoof van _________________________ (naam van skool) toestemming dat Maryna Steyn haar navorsing vir haar skripsie van beperkte omvang aangaande fisieke geweld onder adolessente dogters in die skoolsisteem mag uitvoer by bogenoemde Hoërskool. Ek (as skoolhoof van) ______________________ verstaan die doel, prosedures, moontlike voor- en nadele van die beoogde navorsing en neem ook kennis daarvan dat die skool en/of individuele respondente enige tyd kan onttrek van die navorsingsprojek indien hulle sou wou.

Die navorser, Maryna Steyn, onderneem om die betrokke skool se identiteit te beskerm indien dit van die betrokke skool verlang sou word. Skuilname sal ook voorsien word aan die betrokke leerders.

HANDTEKENING SKOOLHOOF_______________ ID NR_________________
TEL NR_____________

HANDTEKENING NAVORSER_________________ ID NR 830227 0052 089
TEL NR 082 586 1743

# BYLAAG D

## Voorbeeld van onderhoud

**Navorser:** **“**Was jy al betrokke by fisieke geweld teenoor ‘n ander dogter of het jy dit nog net gesien gebeur?”

**Respondent:** “Ek was al baie betrokke.” (Betrokkenheid)

**Navorser:** “Hoe sal jy jouself beskryf?” (Respondent huiwer om te antwoord. Navorser verduidelik die vraag.) As wat se tipe mens beskryf jy jouself?”

**Respondent:** “Ek is baie gewild, ek is baie rof, ek het nie baie geduld nie. (Beskrywing van respondent se persoonlikheid.) As iemand net vir my iets verkeerd sê dan ’jump’ ek.“ (Persoonlikheid/Sensitiwiteit)

**Navorser:** “Hoekom sal jy sê is jy rof?”

**Respondent:** “Ek weet nie. Dit is maar hoe ek is. (Persoonlikheid) Kyk, ons kom uit die Kaap uit en daar is dit mos baie rof. (Agtergrond) Dit is seker maar so aangeleer.” (Modellering)

**Navorser:** “Wat doen jy alles wat rof is?”

**Respondent:** “Ek steek nou nie met messe of so nie. Ek slaan net en vloek en skel.” (Persoonlikheid)

**Navorser:** **“**Spesifiek hoeveel keer was jy nou al betrokke by gevegte – ek praat nou spesifiek van meisies?”

**Respondent:** **“**Dit is nie baie keer nie. (Betrokkenheid) Dis net altyd soos in as ‘n nuwe meisie in die skool kom. (Nuweling) Dit is altyd daaroor.

Dan sal die meisie kom en in ‘n nuwe groep vriende sit (groepe) en sê daardie een is so en so en so. (Skinder) Op die einde van die dag kom die storie by jou uit en jy los dit nie net so nie. (Skinder) Ek gaan ’straight’ na jou toe en sê: ’Sorry Chic ek hoor dit en dit en dit. Ek vra jou nou eers mooi as jy met daardie houding begin kom ek ook met my houding.’ (Skinder lei tot konfrontasie.) So begin die bakleiery.” (Aanvang)

**Navorser:** “So sal jy sê as daar ‘n nuwe meisie in die skool kom …” (Respondent val my in die rede.)

**Respondent:** “Basies as daar ‘n nuwe meisie in die skool kom of ‘n ou. (Nuweling) Een of julle was vriende, stel dit so en dan is julle nie meer vriende nie (vriendekring) en dan is dit agter mekaar se rûe wat dit geskinder word.” (Skinder)

**Navorser:** “Wat sal jy sê is die rol van skinder in die bakleiery tussen meisies?”

**Respondent:** “Baie, want jy hoor nie self wat die persoon gesê het nie. (Skinder) Hulle hoor net ander wat sê: ’Ek het gehoor die een sê vir my dit en dit en dit.’ Dit is nie, – ek kom na jou toe en sê dit en dit en dit nie. Dit is: ’Ek het gehoor …’.”

**Navorser:** “Waaroor gaan die skinderstories gewoonlik?”

**Respondent:** “Meestal oor ‘boyfriends.’” (Skinder en ouens)

**Navorser:** “Die skinderstories wat gemaak het dat jy ‘n dogter geslaan het, waaroor het dit gegaan?”

**Respondent:** “Dit gaan oor, hulle sê my sleg en ek weet ek is nie so ‘n persoon nie. Dit is waaroor die bakleierys gaan.” (Beswadder die dogter)

**Navorser:** "Vertel my van jou verhouding met die meisies waarmee jy baklei het."

**Respondent:** "Dit hang af, as jy nuut is dan ken ek jou nie, (nuweling) maar as jy oud is dan weet ek nou al wie is jy en van waar af kom jy."

**Navorser:** "Hoe is die verhoudinge binne die skool tussen die leerders?"

**Respondent:** "Almal ken almal, maar nie almal praat met mekaar nie." (Skoolverhoudinge)

**Navorser:** "Hoeveel gevegte was jy nou al in?"

**Respondent:** "Dit kom al van Laerskool af so ek weet nie – baie." (Betrokkenheid)

**Navorser:** "Kom ons sê laas jaar?"

**Respondent:** "Laas jaar was ons nogals nie in bakleierye gewees nie." (Betrokkenheid)

**Navorser:** "Wat dink jy is die rol van selfone in die voorkoms van fisieke geweld tussen die meisies?"

**Respondent:** "Dink nie dit speel 'n rol nie. Partye meisies sal nou seker die selfoon gebruik om skinderboodskappe vir mekaar te stuur, maar ek weet nie daarvan nie." (Selfone)

**Navorser:** **"**Het dit al gebeur dat jy 'n meisie slaan wat een van jou eie vriendinne is, of is dit altyd mense van wie jy nie hou nie?"

**Respondent:** "Dit hang af, ek en my vriende, ons is baie saam so ons baklei nie maklik onder mekaar nie. Dit is meer meisies met wie ons nie vriende is nie waarmee ons baklei." (Vriendekringe)

**Navorser:** "Vertel my van hoe so een of twee gevegte begin het."

**Respondent:** "Dis net van jy hoor 'n storie. (Skinder) Die een het gesê jy is dit en dit en dit. So jy gaan na die persoon toe. (Konfrontasie) Die ene het vir my gesê jy sê dit en dit en dit. Dan begin julle afstry en dan is dit 'n gestotery. (Spanning tussen twee partye) Na die tyd kan jy dit nie meer vat nie dan begin julle mekaar te slaan."

**Navorser:** "Hoe slaan julle mekaar?"

**Respondent:** "Plathand en vuis, skop sommer ook as jy kan." (Wyse)

**Navorser:** **"**Wat sal jy sê is die hoofrede dat fisieke geweld voorkom onder hoërskooldogters?"

**Respondent:** "Skinder en jaloesie." (Redes)

**Navorser:** **"**Jy het nou net iets genoem van 'boyfriends'. Vertel my meer van die rol van ouens?"

**Respondent:** **"**Hulle baklei oor die ouens. Soos hier kom 'n nuwe ou in die skool en ek like hom. Julle is twee vriendinne. Jy en die ou gaan so week of twee uit en hier begin jou vriendin hom te sms (seuns) en begin sleg te praat van jou (skinder) en so begin julle baklei."

**Navorser:** "Onder wat se omstandighede sal jy sê is dit aanvaarbaar in jou vriendekring dat meisies mekaar slaan?"

**Respondent:** "Dit is nie altyd aanvaarbaar nie, (aanvaarbaarheid) want as 'n ander groep meisies die een meisies wil slaan (groepe) gaan die

vriende nie maklik net daar staan en kyk nie. So gaan die vriende dan met mekaar baklei."

**Navorser:** **"**Is dit aanvaarbaar uit die kinders se oogpunt dat twee meisies mekaar slaan?"

**Respondent:** "Hulle hou daarvan, (aanvaarbaarheid) want vir hulle is dit groot sports om te kan sien die een en die een het baklei. (Aanmoediging) Kom ons kyk wie wen en wie verloor. So week of iets, die meisie wat nou baie seer gekry het, sal nou aanhoudend hoor die een het jou so geslaan, maar hulle hou daarvan." (Aanvaarbaarheid)

**Navorser:** "Is daar van die kinders wat nie daarvan hou nie?"

**Respondent:** "Nie in die skool nie." (Aanmoediging)

**Navorser:** "Hoe het jou vriende teenoor jou gereageer elke slag na een van jou gevegte?"

**Respondent:** "Hulle is nog normal. Vra net of is ek okay, kalmeer my. Dit hang ook af of hulle van die meisie gehou het of nie, maar in die meeste gevalle is dit dat hulle nie van die meisie gehou het nie." (Aanvaarbaarheid tussen vriende.)

**Navorser:** "Vertel my bietjie van jou vriendekring. Hoe is julle verhoudinge onder mekaar?"

**Respondent:** "Ons is baie by mekaar. Dit is net naweke dan is almal op hulle eie. Jy gaan met hierdie maatjie uit het jy nou besluit, maar by die skool is ons elke dag saam. (Vriendekring) Ons praat ook met mekaar oor alles."

**Navorser:** "Is daar nog sulke tipe groepe vriende soos julle s'n?"

**Respondent:** "Daar is."

**Navorser:** **"**Het die groepe 'n rol in geweld tussen die dogters?"

**Respondent:** "Ja, en hulle baklei ook meestal onder mekaar." (Groepe)

**Navorser:** "En jou vriendekring?"

**Respondent:** "Nee."

**Navorser:** "Sê nou jy en jou vriendekring het nou 'n probleem met iemand anders in 'n ander vriendekring. Hoe reageer die twee vriendekringe dan teen mekaar?"

**Respondent:** "Hulle baklei teen mekaar, hulle is negatief teenoor mekaar." (Groepe)

**Navorser:** "Wat is jou houding en jou seining aangaande fisiese geweld onder hoërskooldogters?"

**Respondent:** "Dit is nie lekker nie, *maar dit hang af wat die persoon aan jou gedoen het, of wat die persoon van jou gesê* (skinder) *het*. (Aanvaarbaarheid) *Dan sal jou houding verander teenoor dit*, maar as dit rustig en normaal is dan het jy ook 'n normale lewe."

**Navorser:** "Wat se goed sal nou regtig maak dat jy aggressief raak? Met ander woorde wanneer is dit okay vir jou om 'n meisie te slaan?"

**Respondent:** "As hulle sleg praat van jou. (Skinder) Ek hou nie van dit nie."

**Navorser:** "Nou wat sê hulle van jou?"

**Respondent:** (Lag verleë en kyk weg.) "Lelike goed. Nie goed wat jy sal verwag meisies van mekaar sal sê nie. (Beswadering) Ek skinder nie

agter meisies se rûe nie. (Persoonlikheid/beskrywing van self) Ek sê vir hulle ek voel dit en dit en dit is verkeerd van jou. As jy net bietjie dit verander dan sal meer mense van jou hou. Ek het nie nog tyd vir skinder agter meisies se rûe nie."

**Navorser:** "Vertel my van jou betrokkenheid in enige ander geveg buite die skool."

**Respondent:** "Ek raak nie betrokke by buitegevegte nie."

**Navorser:** Was daar enige een van jou rolmodelle wat aggressief van aard was?

**Respondent:** "Nee."

**Navorser:** "Het jy saam met mense gebly wat aggressief van aard was?"

**Respondent:** **"**My hele familie is aggressief behalwe my ma. My ma is nou weer die stil ene wat nie aggressief is nie." (Agtergrond)

**Navorser:** "Dink jy dit het moontlik 'n invloed op hoe jy optree as jy uitvind mense skinder van jou?"

**Respondent:** "Nie eintlik nie, want ek voel *almal sal so optree,* want niemand hou daarvan as iemand sleg praat van jou nie." (Desentisasie)

**Navorser:** "As jy en 'n meisie nou mekaar geslaan het, hoe is julle verhouding na die tyd?"

**Respondent:** "Dit hang af. Dit sal so maand of twee vat, maksimum drie, dan sal julle seker weer met mekaar praat." (Vergewing)

**Navorser:** "Sal jy sê julle vergewe mekaar of nie?"

**Respondent:** **“**Jy vergewe hulle naderhand. So op ‘n dag sal julle stil sit dan sal julle lag daaroor.” (Vergewing)

**Navorser:** “Hoe word sulke insidente hanteer op die disiplinêre vlak?”

**Respondent:** “Hulle hanteer dit baie streng.” (Dissipline)

**Navorser:** “Hoe het hulle jou geval hanteer?”

**Respondent:** “Debiete, dit is soos ‘n gedragskode. As jou debiete ‘n sekere vlak bereik kan jy geskors word, of jy moet gemeenskapsdiens doen op die skoolgronde. Jy kan ook ‘n waarskuwing kry.” (Dissiplinêre hantering)

**Navorser:** “Nou dink jy dit help dat kinders …” (Word in die rede geval.)

**Respondent:** “Dit help. Op ‘n tyd besef jy – dis nie meer vir my nie – dis nie wie ek is nie.”

**Navorser:** “Wanneer was jou laaste keer wat jy betrokke was by ‘n geveg?”

**Respondent:** “Baie lank terug. (Frekwensie) Ek steur my nie meer aan die *stories* nie, want ek het dit nie gehoor nie. Iemand anders het dit gehoor en vir my kom vertel. So wat daardie persoon vir my kom vertel steur ek my nie aan nie. Behalwe as die persoon wat dit van my gesê het dit self vir my kom sê. Dan is dit nog toe te gewe, maar as iemand anders kom vertel – NEE.”

**Navorser:** “Wat veroorsaak dat jy nie meer so aggressief reageer op skinderstories nie?”

**Respondent:** “Ek voel nou ek raak groot (ouderdom) en nog bakleiery met meisies en hare trek is nie meer vir my nie.”

**Navorser:** "Nou hoe sien jy jouself dan nou?"

**Respondent:** "Ek sien my meer as 'n volwasse meisie wat weet wat aangaan in die lewe."

**Navorser:** "Die lewe waaraan jy blootgestel is en die lewe waaraan die onderwysers blootgestel word verskil baie. Dink jy dit het 'n invloed op hoe hulle die probleem hanteer?"

**Respondent:** "Hulle hanteer dit reg. (Kultuurgaping) Ek sal as twee meisies in die klas baklei hulle afkeer en vertel wat is reg en wat is verkeerd. (Plek en aanvaarbaarheid) Ek sal die onderwyser ook help. Ek hou nie daarvan as meisies voor onderwysers baklei en aangaan en skree en vloek op mekaar nie, want dit wys hulle het nie respek nie." (Aanvaarbaarheid)

**Navorser:** "Is daar iets wat jy dink belangrik is wat jy dalk vir my wil sê waaroor ek en jy nie gepraat het nie."

**Respondent:** "Nee."

**Navorser:** "Net om seker te maak, wat dink jy is die hoof redes vir fisieke geweld onder dogters?"

**Respondent:** "Jaloesie, geskinder en boyfriends." (Redes)

**Navorser:** "As die gevegte nou nie in die klaskamers plaasvind nie, waar vind dit dan plaas?"

**Respondent:** "Meestal pouses op die skoolterrein of as ons klasse wissel." (Plek)

**Navorser:** "Spesifiek waar op die skoolterein vind dit plaas?"

**Respondent:** "Op die rugbyveld of hokkieveld of voor die snoepie. (Plek) Soms in die badkamers, maar nie baie nie. (Plek) Eerder op die sportvelde daar waar almal mos nou kan sien en daar waar hulle aandag kan kry." (Aandag)

**Navorser:** "Dink jy om aandag te soek speel 'n rol daarin dat meisies begin veg?"

**Respondent:** "Dit hang af – miskien wil meisies meer aandag hê as ander meisies, veral in hulle vriendekringe. (Aandag) Soos ek het 'n beste vriend, maar hier kom nou 'n nuwe maatjie in en hulle begin nou nader aan mekaar te raak dan speel jaloesie af." (Jaloesie)

**Navorser:** "Sal jy sê hierdie tipe gevalle waar twee meisies mekaar slaan is algemeen in julle skool?"

**Respondent:** "Dit was in die begin algemeen; nou is dit baie beter." (Frekwensie)

**Navorser:** "Het jy al gesien waar twee meisies mekaar al geslaan het?"

**Respondent:** "Baie kere, (frekwensie) maar ek sal net kyk dan draai ek om dan loop ek. Ek wil nie nog stil staan en kyk nie."

**Navorser:** "Die ander kinders wat om die geveg is, hoe sal hulle optree?"

**Respondent:** "Hulle skree en gaan aan en gee opmerkings." (Reaksie van ander)

**Navorser:** "Is daar van die meisies wat probeer keer?"

**Respondent:** "Hulle sal nie keer nie, hang af, as dit jou vriend is wat geslaan word dan sal jy afkeer." (Reaksie van ander)

**Navorser:** "As dit iemand is van wie jy nie hou nie?"

**Respondent:** "Dan sal jy stil staan en kyk." (Reaksie van ander)

Navorser bedank respondent vir haar deelname en onderhoud word getermineer.